

Gepubliseer op:

# Deur Christus Alleen

Tuisblad van dr. A.H. Bogaards

[www.enigstetroos.org](http://www.enigstetroos.org)



*Die Prediker*  
*uit*  
*Anatot*

Gedagtes en gedigte uit die boek Jeremia

DR. J. H. KROEZE

## Inhoud

I. DIE TYD VAN JEREMIA.....	3
II. DIE LEWE VAN JEREMIA.....	7
III. DIE PERSOONLIKHEID VAN JEREMIA.....	20
IV. DIE BOEK VAN JEREMIA.....	29
V. DIE GODSOPENBARING VAN JEREMIA.....	34
VI. DIE HEILSOPENBARING VAN JEREMIA.....	50
1. 'n Heilsbelofte aan die tienstammeryk Israel.....	50
2. Heil vir die heidene.....	54
3. Die HERE ons geregtigheid.....	55
VII. DIE GROOT HEILSPROFESIE VAN JEREMIA.....	60
1. Hulle koning Dawid.....	60
2. Wraak oor die vyande.....	62
3. Die Maghebbber-Borg.....	63
4. Ewige liefde.....	64
5. Jubel oor "die hoof van die nasies".....	66
6. Die berou van Efraim.....	68
7. Verkwikking van die vermoeide siel.....	71
8. Erkenning van die persoonlike skuld.....	71
9. Die nuwe verbond.....	72

## I. DIE TYD VAN JEREMIA

Die woord van die HERE het tot Jeremia gekom in die dae van Josia, die seun van Amon, die koning van Juda, in die dertiende jaar van sy regering (Jer. 1:2). Ook tydens die opvolgers van Josia het die woord van die HERE tot hom gekom totdat die ryk van Juda ondergegaan het (Jer. 1:3). Hierdie vers noem twee opvolgers van Josia, altwee seuns van hom, nl. Jojakim en Sedekia. Daar was nog twee opvolgers van Josia wat hier nie genoem word nie. Die volledige lys van Josia en sy opvolgers met hulle algemeen aangenome datering in ons Christelike jaartelling, lui soos volg:

Josia 639-609 (voor Chr.).

Joahas (3 maande) 609 (seun van Josia).

Jojakim 609-598 (seun van Josia).

Jojagin (3 maande) 598/97 (seun van Jojakim).

Sedekia 597-586 (seun van Josia).

Die dertiende jaar van die regering van Josia is dus 627/ 626 voor Christus. Vanaf hierdie jaar tot aan die einde van die ryk van Juda (586), vir veertig jaar, was Jeremia profeet van die HERE in Jerusalem. Hy het die laaste veelbewoë dekades van die koninkryk van Juda saam beleef en die ondergang daarvan gesien.

Allereers moet ons probeer om vir ons 'n voorstelling van die tydsaanduiding: "die dertiende jaar van koning Josia", te maak.

Josia was nog maar 'n kind, 'n seuntjie van agt jaar, toe hy reeds koning geword het. Dit is veroorsaak omdat sy vader, Koning Amon, slegs twee jaar geregeer het. Sy dienaars (howelinge, raadsliede, ministers) het teen hom saamgesweer en hom in sy huis omgebring. Hy was toe 24 jaar oud. Dit was wat ons 'n paleisrevolusie noem. Die motiewe van die samesweerders word nie vermeld nie; wel dat die volk van die land die samesweerders doodgeslaan het en die seuntjie Josia koning gemaak het. Dit wys op 'n teenstelling tussen die gewone volk van Juda en 'n hofklike.

Die kind-koning van agt jaar kon natuurlik nie selfstandig regeer nie. 'n Voorganger van hom, Joas, wat aan die bloedbad van Atalia ontsnap het en ook so jonk koning geword het (sewe jaar), het die voortreflike leiding van die priester Jozada geniet. Van so 'n leidsman of voog lees ons by Josia nie. Des te meer is dit opmerklik dat daar in Juda onder die regering van koning Josia so 'n groot ommekeer plaasgevind het. Dit was 'n verandering op godsdienstige gebied. Josia se vader Amon het gedoen wat verkeerd was in die oë van die HERE, soos sy vader Manasse gedoen het en Manasse was by uitstek 'n goddelose koning. Maar Josia het gedoen wat reg was in die oë van die HERE en geheel en al in die weg van sy vader Dawid gewandel en nie regs of links afgewyk nie. In 2 Kronieke 34:3 word berig dat hy in die agtste jaar van sy regering, terwyl hy nog jonk was (16 jaar), begin het om die God van sy "vader" Dawid te soek. In sy twaalfde jaar het hy reeds pogings aangewend om Juda en Jerusalem te reinig van die afgodery wat nog uit die tyd van sy vader Amon en sy grootvader Manasse gedateer het. Wanneer Jeremia in die dertiende jaar van Josia tot profeet geroep word, is die reformasie dus reeds aan die gang!

In die beskrywing van hierdie reformasie trek dit die aandag dat Josia hom nie beperk het tot sy eie ryk, Juda, nie, maar ook die gebied van die tienstammeryk daarby betrek het (sien 2 Kon. 23:15 e.v.; 2 Kron. 34:33; 35:18). Dit hou verband met die toestande in die lande rondom Juda. Juda se broederstaat Israel, die ryk van die tien stamme met die hoofstad

Samaria, het reeds 'n eeu tevore ondergegaan. In 722 is Samaria deur die Assiriërs ingeneem en die bevolking van stad en land weggevoer. Die land Israel het 'n provinsie van die Assiriese ryk geword. Natuurlik was dit nie net Israel wat hierdie lot ondergaan het nie. Die Assiriërs was die skrik van die sewende en reeds van die laaste helfte van die agtste eeu voor Christus, veral sedert Tiglat-Pileser III (746-727) die troon bestyg het. Hy het die hele Voor-Asië aan hom onderwerp. Ook Israel moes sy mag ondervind (2 Kon. 15:29).

Sy opvolgers Salmaneser V (727-722) en Sargon II (722-705) het die ondergang van Israel voltooi (2 Kon. 17:3; 6). Hulle het Juda ook geplunder, maar die sterk vesting Jerusalem ontsien. Sargon se opvolger, Sanherib (705-681), het Jerusalem wel aangeval (tydens Hiskia, 2 Kon. 18:13 e.v.), maar dit het misluk; moderne geskiedskrywers sê: "op onverklaarbare wyse"; die Skrif vertel ons dat God self op wonderlike wyse ingegryp het. Intussen het Sanherib en sy opvolgers die konings van Juda (Manasse en Amon) as hulle vasalle beskou, al het hulle Jerusalem nooit betree nie.

Die doel van die magsbeluste Assiriërs was die verowering van Egipte wat altyd in die Siriese opstande vernet teen Assirië aangewakker het. Sanherib se seun Esar-Haddon (680-669; 2 Kon. 19:37) het Egipte verower, maar sy opvolger Assurbanipal (668-629) moes dit weer verower en ook hy kon die vergeleë land nie in sy mag hou nie. Hiermee het die Assiriese mag ook uitgeput geraak. Assurbanipal ("die groot en beroemde Asnappar", Esra 4:10) was die laaste magtige koning en sy opvolgers kon nie die moeilikhede van die groot ryk die hoof bied nie. Die tyd toe magtige Assiriese leërs deur Palestina na Egipte getrek het, was verby. Die Assiriese greep op die weste het verslap. Dit was die rede waarom Josia meer bewegingsvryheid verkry het en ook sy reformasie oor die ou gebied van Israel wou uitbrei. Miskien het hy selfs die hoop gekoester om hierdie ou gebied met sy magsvakuum weer by Juda in te lyf. Sy reformasie het trouens tog ook 'n politieke faset gehad. In sy wêreld het die opvatting geheers dat 'n oorwonne volk die gode van sy oorwinnaar moes aanvaar. Dit het Manasse gedoen. Daarom was Josia se reformasie dus ook 'n vertoon van politieke selfstandigheid.

Ander moeilikhede van Assirië wat sy kragte in die Egiptiese veldtogte ooreis het, was die opkoms van ou en nuwe vyande.

'n Ou vyand was Babel. Tiglat-Pileser het Babel verower en as koning van Babel, om gevoelighede te vermy, die naam Pul aangeneem (2 Kon. 15:19). Babel het egter oproerig gebly. Die optrede van Beródag-Báladan (2 Kon. 20:12) het dit te kenne gegee. In sy woede het Sanherib Babel verwoes. Esar Haddon het die stad weer opgebou. Hy het bepaal dat Assur banipal hom in Assirië sou opvolg en sy broer Sjamassj-sjumukin in Babel, maar ook die broers kon die vrede nie bewaar nie. In 648 is Babel weer verower. Teen die einde van die regering van Assurbanipal het Nabopolassar, met meer sukses as wat Beródag-Báladan vroeër gehad het, die troon van Babel verower. Hy het die Nieu-Babiloniese ryk gestig waarvan Nebukadnesar die skitterende verteenwoordiger geword het.

Die Mede was die nuwe vyand van Assirië. Hulle het Assur in 614 verower. Die lank getergde Babiloniërs was maar al te gretig om met hulle saam te werk en in 612 het die groot stad Nineve onder die verenigde aanvalle van Kyaxares van die Mede en Nabopolassar van Babel geval.

Die opstand van Nabopolassar waarmee hy die stoot gegee het tot die stigting van die Nieu-Babiloniese ryk het in 627 plaasgevind. Dit is die jaar waarin Jeremia geroep is! Daar is geen rede om te twyfel of die optrede van Nabopolassar in Juda bekend geword het nie. Die beriggewing in daardie ou tye was daarvoor goed genoeg. In elk geval het God dit geweet. Hy het ook geweet wat dit vir Juda sou gaan beteken. Die opkoms van Babel is die kokende

pot wat van die noorde "afkyk" (1:13, 14). Vanuit die noorde sal die onheil losbreek oor al die inwoners van die land.

As ons in 2 Kon. 23:29 lees, dat in die dae van Josia, Farao Nego teen (beter: na) die koning van Assirië opgetrek het na die Eufraatrivier, dan is in die Bybelse verhaal hierdie Nego 'n onbekende en onverwagte verskyning. Uit buitebybelse gegewens is hy egter wel bekend, ook met betrekking tot die bedoeling van sy verskyning op die strydtoneel. Die naam Nego kom, as eerste, voor in die lys van stadkonings wat Esar-Haddon in Egipte aangestel het. Hy was koning van "me-im-pi" en "sa-a-a". Sy seun Psammetig het na die verslapping van die Assiriese oorheersing die ses-en-twintigste of Saitiese dinastie gestig, die laaste van die lang reeks. Die Nego wat Josia ontmoet, is Nego II. 'n Latere koning van hierdie dinastie is Hofra, wat in Jer. 44:30 genoem word.

Uit Babiloniese kronieke blyk duidelik dat dit die bedoeling van Nego was om Assirië te help in sy stryd teen Babel. Josia wou hom keer. In die Egiptiese leër het Josia 'n gevaar vir sy strewe om die ou rykseenheid te herstel, gesien. Die gevaar wat Babel opgelewer het, het Nego beter as Josia raakgesien.

Nego het Josia verslaan (2 Kron. 35:20-27), maar 'n paar jaar later in die stryd teen die Babiloniërs, moes Nego die onderspit delf. Dit was die slag by Karkemis (605). Die toekoms was, voorlopig, vir Babel! Juda sou dit ondervind.

Ná die dood van Josia het die volk van die land, dieselfde volksgroep wat ook Josia koning gemaak het, sy seun Joahas koning gemaak. Hy was nie Josia se oudste seun nie (vgl. 2 Kon. 23:31 met vers 36). Die volk van die land het dus wel 'n bedoeling met sy keuse gehad. Uitdruklik word vermeld dat hulle hom *gesalf* het. Farao Nego het egter ander bedoelings gehad en die koningskap van Joahas nie erken nie. Hy het die oudste seun van Josia, Eljakim, tot koning gemaak en sy naam verander in Jojakim. Dit het gebeur toe Joahas na Ribla, die kampplek van Nego gegaan het, waarskynlik om hom hulde te bring. Nego het hom daar gevange gehou. Die verwisseling van Joahas met Jojakim staan moontlik in verband met hulle insigte in die buitelandse politiek en hulle houding teenoor die strewe van Nego. Hieruit en uit die boete wat Nego Juda opgelê het, blyk dat die neerlaag van Josia by Megiddo die ryk van Juda heeltemal van Egipte afhanklik gemaak het.

Joahas het Jerusalem nooit weer gesien nie. Toe Nego later sonder om 'n oorwinning op Babilonië te kon behaal, na Egipte moes terugkeer, het hy Joahas saamgeneem. Die het toe in Egipte gesterwe.

Jojakim was dus 'n Egiptiese vasalkoning. Spoedig het die verhoudinge egter anders geword. Nego is by Karkemis verstaan en Nebukadnesar, wat sy vader Nabopolassar opgevolg het, het "opgetrek" (2 Kon. 24:1) na Jerusalem natuurlik, soos uit Dan. 1:1 blyk. Die oorwinnaar kon die Egiptiese vasal-staat nie duld nie. Jojakim het hom aan Nebukadnesar onderwerp (603), maar nie vir lank nie. Die wisselende kanse in die voortgesette stryd tussen Egipte en Babilonië het hom daartoe verlei om, na drie jaar, teen Nebukadnesar te rebelleer (2 Kon. 24:1). Hierteen het Nebukadnesar nie terstond en direk opgetree nie; wel het Chaldese en ander bendes Juda gepla. Ten slotte het Nebukadnesar tog gekom (598) en Jerusalem ingeneem. Kort tevore het Jojakim gesterf. Volgens 2 Kon. 24:6 het hy 'n vreedsame dood gesterf. Volgens die woord van die HERE oor Jojakim in Jer. 22:19 en 36:30 was sy dood egter nie so mooi nie: "Met 'n eselsbegraving sal hy begrawe word — weggesleep en neergegooi ver van die poorte van Jerusalem af". Miskien het hy 'n uitval uit die beleërde stad gemaak waarby hy omgekom het.

Sy seun Jojagin volg hom op — dus tydens die beleëring — en gee na drie maande die stad oor (598). Hy word na Babel gevoer en het nooit teruggekom nie.

Nebukadnesar het toe 'n jonger seun van Josia, Mattanja, koning gemaak. Hy was 'n eie broer van Joahas; altwee was seuns van Hamutal, 2 Kon. 23:31; 24:18. Hy het elf jaar geregeer, maar nie aan Nebukadnesar trou gebly nie. In sy negende jaar slaan Nebukadnesar die beleg om Jerusalem en in sy elfde jaar val die stad (586). Sedekia is na Babel gebring en sy seuns, nog minderjarige kinders, word gedood. Die bevolking is in ballingskap weggevoer. Oor die oorgeblewenes het die koning van Babel Gedalja (as gesagvoerder) aangestel. Jeremia was by die gevangenes, maar is vrygelaat. Hy het verkies om onder Gedalja agter te bly. Gedalja is egter vermoor en uit vrees vir die wraak van die koning van Babel het die oorgeblewenes na Egipte gevlug. Hulle het Jeremia, teen sy wil saamgeneem.

In hierdie kort oorsig van die gebeurtenisse sal ons besonderhede wat ons in die boek Jeremia aantref moet inpas,

*Chronologiese oorsig* (by benadering):

(voor Christus)

- 639-609 Josia koning van Juda.
- 627/626 Nabopolassar stig die Nieu-Babiloniese ryk. Jeremia as profeet geroepe.
- 612 Val van Nineve.
- 609 Nego II verslaan Josia by Megiddo. Joahas drie maande koning van Juda.
- 609-598 Jojakim koning van Juda (eers vasal van Nego).
- 605 Nego by Karkemis verslaan. Dood van Nabopolassar. Nebukadnesar word koning van Babel. Die boekrol van Barug (Jeremia 36).
- 603 Jojakim word vasal van Nebukadnesar.
- 600 Jojakim rebelleer.
- 598/597 Beleëring van Jerusalem deur Babiloniërs. Dood van Jojakim (eselsbegrafnis). Jojagin drie maande koning van Juda. Nebukadnesar na Jerusalem (2 Kon. 24:10). Jojagin gee oor; weggevoer na Babel.
- 597-586 Sedekia koning van Juda.
- 594 Psammetig II volg Nego II op.
- 588 Hofra volg Psammetig II op tot 569.
- 586 Val van Jerusalem.
- 562 Dood van Nebukadnesar.
- 539 Intog van Kores in Babel.
- 538 Terugkeer uit die ballingskap.

## II. DIE LEWE VAN JEREMIA

Jeremia was die seun van Hilkia uit die priesters van Anatot in die land Benjamin (1:1).

Hierdie berig bied aan ons enkele besonderhede waaruit ons 'n voorstelling kan maak van die jeug van hierdie profeet. Hy het in 'n klein dorpie in die onmiddellike nabyheid van die hoofstad groot geword. Die afstand van Jerusalem was maar enkele myle. Die plek van Anatot word vandag nog aangewys in die ruïne Ras el-Kharubeh in die hedendaagse Arabiese dorpie Anata, wat in sy naam nog aan Anatot herinner. Oudheidkundige reste uit die tyd van die ryk van Juda is daar nog gevind. Jeremia het dus sy jeug in 'n landelike omgewing met weiveld vir skaapkuddes deurgebring. Vanaf die hoogte waarop Anatot geleë was, kon hy weswaarts die hange van die gebergte van Efraïm en ooswaarts die Jordaanrivier sien. Tegelykertyd kon hy verneem wat in die hoofstad aangaan. Die liefde vir die natuur wat Jeremia in sy jeug ontwikkel het, skemer nog dikwels in sy geskryfte deur.

Anatot was van ouds 'n "priesterstad" (Jos. 21:18; 1 Kron. 6:60).

Die stam van Levi het nie 'n eie stamgebied ontvang nie. Die HERE self en sy vuuroffers was hulle erfdeel (Jos. 13:14, 33). Hulle moes egter 'n plek hê om in te woon. By die verdeling van die land is aan hulle dertien stede aangewys; een daarvan was Anatot in Benjamin. Nadruklik is bepaal dat die priesters by die stede waarin hulle mag woon, ook die weivelde kon gebruik. Hulle het dus vee gehad. Dat hulle geen eie stamgebied gehad het nie, sluit nie in dat hulle geen persoonlike besit kon hê nie (Deut. 18:8). Uit Jer. 32 en 37:12 blyk dat die familie van Jeremia in Anatot grondbesit gehad het, ewes indertyd Abjatar wat ook in Anatot gewoon het (1 Kon. 2:26). In verband met Lev. 25:25 kan ons aanneem dat Hanameël, Jeremia se neef, sy grond weens verarming moes verkoop en dat Jeremia finansiëel in staat was om as "losser" sy grond te koop, sodat die stuk land nie buite die besittings van die familie sou geraak nie.

As priesterseun uit 'n nie arm gesin nie sou Jeremia 'n opvoeding ontvang het waartoe onderrig in die wet behoort het; en waar dit nie moontlik is sonder om te kan lees en skryf nie, kan ons aanneem dat hy in sy jeug die kennis en geleerdheid ontvang het wat die grondslag vorm van sy literêre werksaamhede as digter en profeet.

Uit die familie van Jeremia ken ons die name van sy vader, Hilkia, en van die broer van sy vader, Sallum, en die se seun Hanameël. Origens besit ons geen uitvoeriger geslagsregister van Jeremia nie. Wat hom persoonlik betref — die HERE het hom verbied om 'n vrou te neem en seuns of dogters te hê. Jeremia is die selibatêr onder die profete (16:2).

Toe Jeremia tot profeet geroep is was hy, soos hy self sê, nog jonk (1:6). Hy ag dit 'n beswaar, te meer omdat die taak waartoe hy geroep word, so geweldig is; hy word tot 'n profeet vir die nasies gemaak. Groot gebeurtenisse was in die wêreld van toe te wagte. Juda sou daarin diep betrokke raak en Jeremia sou te midde van en met betrekking tot die skokkende gebeurtenisse sy stem moet verhef. En — so sê hy — "ek kan nie praat nie". Die HERE ag dit nie 'n beswaar nie. Hy wil hom gebruik. Reeds voor sy geboorte het die HERE hom vir die taak bestem en geheilig. Waar die HERE hom ook al stuur, moet hy gaan en wat Hy hom ook al beveel, moet hy spreek. Onbevrees moet hy gaan. Die HERE sal hom uitred. Harde woorde sal hy moet spreek oor nasies en koninkryke. Maar dit sal nie sy eie woorde wees nie. Die HERE het met sy hand sy mond aangeroe en gesê: Hiermee lê Ek my woorde in jou mond.

Jeremia moet gaan — graag of nie. Dit was die kruis van sy hele lewe en hy het dit gehoorsaam gedra, tot die einde toe.



Die eerste jare na sy roeping het Jeremia in Anatot gebly. Later tref ons hom steeds in Jerusalem aan. Wanneer hy daarheen getrek het, word nie vermeld nie. As in die agttiende jaar van Josia, dus vyf jaar na die roeping van Jeremia, die wetboek gevind word, raadpleeg die raadsliede van die koning daarvoor die profetes Hulda (2 Kon. 22). Jeremia was toe blykbaar nog nie in Jerusalem nie. In elk geval het Hulda meer bekendheid en erkenning gehad.

Sy optrede in Anatot het groot ontstemming gewek en die manne van Anatot het sy lewe gesoek (11:18 e.v.).

Van prediking van Jeremia in die dae van koning Josia word net een keer uitdruklik melding gemaak, Jer. 3:6. Dit beteken nie dat Jeremia slegs een keer tydens Josia opgetree het nie. Ewemin kan met sekerheid gesê word of al wat op 3:6 volg tot aan 7:1 waar 'n nuwe godspraak begin, tot hierdie optrede behoort. By baie gedeeltes van die boek Jeremia moet ons uit die inhoud probeer aflei wanneer hulle uitgespreek of opgeskryf is. In die godspraak wat in 3:6 begin, word 'n vergelyking gemaak tussen Israel, die tienstammeryk en die ryk van Juda. God noem Israel "die Afkerige" en sê dan dat Juda, wat Hy "die Ontroue" noem, hom nie aan haar voorbeeld gespieël het nie. Ondanks alles wat met Israel gebeur het, het haar suster Juda, die Ontroue (so sê die HERE), haar nie met haar hele hart tot My bekeer nie, maar valslik. Hoewel ons nie lees van enige bemoeienis van Jeremia met die reformasie van Josia nie — ewemin as Jesaja, byna 'n eeu tevore, hom met die reformasie van Hiskia bemoei het — klink in hierdie woorde tog 'n beoordeling, selfs 'n veroordeling van die reformasie deur. Hierdie veroordeling tref nie Josia nie. Hy het gedoen wat reg was in die oë van die HERE. Maar die volksbekering was vals, uiterlik, daarom moes Jeremia vermaan: "verwyder die onbesnedenheid van julle hart" (4:4). Ons het gesien dat volgens die gegewens van 2 Kron. 34:3 die reformasie van Josia al aan die gang was toe Jeremia geroep is. Eers enkele jare later, 5 jaar na die roeping van Jeremia, is die wetboek gevind, waarvoor Hulda geraadpleeg is. Moontlik is dus hierdie gedeelte, vanaf 3:6, gespreek toe Jeremia nog in Anatot was, en is die oordeelsaansegging oor Juda wat in hierdie gedeelte voorkom, die rede vir die woede van die manne van Anatot (11:18 e.v.). Van sy kant was Jeremia besonder bewoë oor die kinders van Benjamin (6:1) in wie se midde hy gewoon het.

Toe koning Josia gesneuwel het in sy aanval op Nego het Jeremia 'n klaaglied op hom gedig (2 Kron. 35:25).

Hierna het Jeremia opgetree in die begin van die regering van Jojakim, die seun van Josia, die koning van Juda, soos in 26:1 vermeld word. Na Josia se dood het eers Sallum of Joahas drie maande lank geregeer, maar van profesieë van Jeremia oor hom lees ons net dat daar meer rede is om oor hom te treur as oor "die dooie" (22:10). Dit is sy vader Josia wat by Megiddo gesneuwel het, want al het Joahas dan nog gelewe — hy is weggevoer na Egipte en sal nie weer terugkom nie, want in die plek waarheen hulle hom as gevangene weggevoer het, sal hy sterwe en hierdie land sal hy nie meer sien nie. Farao Nego het toe 'n ander seun van Josia, Eljakim of Jojakim, koning gemaak. As vasal van Egipte moes hy swaar belastings aan sy heer, die Farao, betaal (2 Kon. 23:35; 2 Kron. 36:3). Tog het hy in weelde geleef deur sy mense uit te suig en af te beul om pragtige paleise vir hom te bou. In plaas van reg en geregtigheid te handhaaf het hy in prag en praal sy koninklike eer gesoek, soos gesê word in Jeremia 22:13 ens. (Eseg. 19:5-7 getuig ook van sy woeste en bandelose lewe):

13 Wee hom wat sy huis bou met ongeregtheid  
en sy dakkamers met onreg;  
wat sy naaste laat werk vir niks  
en hom sy loon nie gee nie.

- 14 wat sê: Ek sal vir my 'n groot huis bou  
 en ruim dakkamers —  
 en hy bou vir hom sy vensters in.  
 Hy oordek dit met sederhout  
 en bestryk dit met rooimenie.
- 15 Is jy 'n koning, omdat jy wedwywer in sederhout?  
 Het jou vader nie geëet en gedrink  
 en reg en geregtigheid gedoen nie?  
 Toe het dit goed met hom gegaan.
- 16 Hy het reg verskaf aan die ellendige en behoeftige;  
 toe het dit goed gegaan.  
 Is dit nie My erken nie? — spreek die HERE.
- 17 Maar jou oë en jou hart  
 is net op jou onregverdige wins  
 en op onskuldige bloed, om dit te vergiet,  
 en op verdrukking en afpersing, om dit uit te voer.

Die oordeel oor hom lui dan ook:

- 18 Hulle sal hom nie beklag met:  
 Ag, my broer! of — ag, suster! nie.  
 Hulle sal hom nie beklag met:  
 Ag, heer! of — ag, majesteit! nie.
- 19 Met 'n eselsbegraving sal hy begrawe word —  
 weggesleep en neergegooi  
 ver van die poorte van Jerusalem af.

Die troonsbestyging van die nuwe koning, Jojakim, was 'n gepaste geleentheid om 'n profesie te laat hoor. Jeremia moet gaan staan in die voorhof van die huis van die HERE, die tempel, en spreek tot al die stede van Juda (26:2) wat daar kom om te aanbid. Daar is dus tempelbesoek en erediens; as gevolg van Josia se reformasie gaan dit nog voort. Maar Jeremia moet waarsku dat die volk moet luister na die HERE en in sy wet wandel, anders sal Hy die tempel maak soos Silo. Silo was eenmaal die plek waar die tabernakel gestaan het, in die dae van Eli. Wat met Silo gebeur het, word nie vermeld nie. Waarskynlik is hierdie heiligdom deur die Filistyne verwoes toe hulle Israel verslaan het (1 Sam. 4). So sal dit ook met die tempel gaan!

Dieselfde waarskuwing vind ons ook in 7:1-15 en veel uitvoeriger met vermelding van die sondes van die volk. Hoe kan die mense van Juda in die tempel kom en uitroep: "Ons is verlos!" terwyl hulle steel en doodslaan en owerspel bedrywe en vals sweer en vir Baal offerrook laat opgaan en agter ander gode aanloop, wat hulle nie ken nie? Dit is dan maar uitwendige, vormlike godsdiens waaraan die innerlike godsvrug en gehoorsaamheid aan die wet van die HERE ontbreek! Die tempel, so sê Jeremia, is tog geen spelonk van moordenaars in hul oë nie? (Matth. 21:13).

Ons het in hfst. 7 en 26 met dieselfde profesie te doen. Uit 26:1 blyk op watter tyd die profesie gespreek is en ook vertel hfst. 26 wat die gevolge van sy optrede vir Jeremia was. Die priesters, wat die diens in die tempel waarneem (ons kan ons moeilik voorstel dat die vader van Jeremia daarby was), en die profete (valse profete, manne wat hulself as geestelike leiers van die volk opwerp) en die hele volk het Jeremia gegryp en gesê: Jy moet sekerlik sterwe. Hulle wil hom doodmaak. Sy woorde teen die tempel klink die priesters soos

heiligs kennis in die ore, terwyl hulle juis self die heiligs kenners is!

Die vorste wat in die huis van die koning was, nie ver daarvan af nie, het die rumoer gehoor. Hulle sal die saak behandel en neem sitting in die Nuwe Poort van die tempel. Priesters en profete dien nou hulle aanklag in: Jeremia het geprofeteer teen hierdie stad; daarom verdien hy die dood! Dit beskou hulle as heiligs kennis.

Nou het 'n situasie aangebreek waarin Jeremia moet dink aan die woord van Hom wat hom geroep het: Wees vir hulle nie bevrees nie, want Ek is met jou om jou uit te red.

Jeremia verdedig hom deur te sê dat die HERE hom gestuur het om teen hierdie huis (die tempel) en hierdie stad, Jerusalem, te profeteer. Die heil van die stad hang af van die gedrag van die inwoners: hulle moet hulle handeling en hulle weë goed maak.

Daar is 'n prinsipiële verskil tussen die heiligheidsbeskouing van Jeremia en die van die priesters.

Wat hom persoonlik betref — Jeremia weet dat hy in hulle mag is en dat hulle hom kan doodmaak. Maar as hulle dit sou doen, dan bring hulle onskuldige bloed op hulleself en hierdie stad en sy inwoners, want die HERE het hom waarlik gestuur.

Blykbaar was daar onder die vorste nog manne wat in die sending van Jeremia geglo het. Hulle sê dat Jeremia nie die dood verdien nie. En onder die oudstes was manne wat ook om die inhoud van sy woorde Jeremia nie wou veroordeel nie. Hulle herinner aan die dae van Hiskia toe Miga ook teen Jerusalem geprofeteer het (Miga 3:12) en vra dan: Het Hiskia, koning van Juda, en die hele Juda hom ooit gedood? Immers nee! So raak Jeremia dan vry van die dreiging. Die koning, Jojakim, word in hierdie berig nie genoem nie. Blykbaar het die spoedsitting (26:10) plaasgevind buite die koning om. Miskien was dit juis Jeremia se geluk, want teen 'n ander profeet, Uria, wat met Jeremia saamgestem het, het Jojakim heftig opgetree en toe die na Egipte vlug, hom daarvandaan laat haal en hom met die swaard verslaan (26:20-23). Dit moet ook in die begin van Jojakim se regering gebeur het, toe hy nog diplomatieke betrekkinge met Egipte gehad het. Nadat hy vasal van Nebukadnesar geword het, is dit nie meer moontlik nie. Terloops verneem ons hier dat Jeremia tog nie altyd gans alleen gestaan het nie (vgl. ook Sef. 1:1).

Ook Ahikam, die seun van Safa, die vader van Gedalja (39:14), het Jeremia beskerm. So het die HERE Jeremia gered (1:8).

Na die optrede wat in hoofstukke 7 en 26 vermeld is, hoor ons weer van Jeremia in die vierde jaar van Jojakim. In die eerste plek noem ons 25:1. (Ons merk hierby op dat uit vergelyking van 25:1 met 26:1 blyk dat die boek Jeremia nie chronologies opgestel is nie). Die vierde jaar van Jojakim was 'n belangrike jaar. Dit was die jaar waarin Nebukadnesar sy vader Nabopolassar opvolg as koning van Babel; dit was ook die jaar waarin Nego by Karkemis verslaan is (46:1), wat tot gevolg sou hê dat Jojakim vasal van Babel word: dit was ook die jaar waarin Jeremia al sy profesieë wat hy tot op die dag uitgespreek het, moes opskryf (36:1).

Jeremia kondig in 25:1 aan dat die oordeel nou aanstaande is. Nebukadnesar het koning geword en die HERE laat hom nou kom; hy is "my dienaar" sê die HERE. Die koning van Babel staan in sy diens om die oordele van God oor Juda te voltrek. En nie alleen oor Juda nie, maar oor al die nasies. Die sewentigjarige Chaldese periode is 'n straf tyd vir al die nasies, waarin ten slotte ook die ryk van Babel self sal val. In die beskrywing van die alomvattende katastrofe klink eskatologiese trekke deur: die HERE hou gerig oor alle vlees!

Om verder op die erns van die toekoms te wys, het die HERE Jeremia beveel om al wat hy toe (in die vierde jaar van Jojakim) reeds geprofeteer het, in 'n boekrol te skrywe (36:1).

Jeremia laat dit doen deur sy persoonlike skrywer, Barug. As daar in die volgende jaar 'n vasdag uitgeroep is en baie mense in Jerusalem saamgekom het, lees Barug aan hulle uit die boekrol voor. Hiervan word berig gedoen aan die vorste, wat bymekaar was in die huis van die koning in die kamer van die skrywer. Hulle wil ook weet wat in die rol staan en laat Barug haal. As Barug by hulle die boekrol voorlees, kyk hulle mekaar verskrik aan en sê: Ons moet al hierdie woorde sekerlik aan die koning bekend maak. Op die rol het natuurlik ook gestaan wat Jeremia gesê het in die begin van die regering van Jojakim, dat Jerusalem verwoes sal word (26:6; 7:14). Die vorste voel aan dat die koning, op die voetspoor van die priesters en die profete (26:11), dit sal opvat as heiligs kennis. As hulle dit vir die koning verswyg, sal hulle as medepligtiges aan hierdie verraad jeens die sacrale ("heilige") stad beskou kan word. Hulle ken hul koning goed (26:20-23). Self wil hulle Jeremia geen leed aandoen nie, maar gee Barug die raad dat hy en Jeremia hulle moet verberg, sodat geen mens weet waar hulle is nie. Die boekrol moet hy egter agterlaat in die kamer van die skrywer. Die vorste deel nou aan die koning mee wat gebeur het; die koning laat die rol deur 'n dienaar haal uit die kamer van die skrywer en laat dit aan hom voorlees. Hy wil egter van niks weet nie en in verset teen die boodskap van die HERE sny hy die rol stukkend en gooi die stukke in die vuurpan, wat daar vir verwarming gestaan het (dit was die negende maand (hfst. 36:9), die maand Kislen (Nov.-Des.), en dan is dit koud).

Op dieselfde dag is die rol van Barug dus driemaal gelees. Dit gee ons min of meer 'n voorstelling van die omvang van die rol.

In sy toorn gee Jojakim bevel om die profeet Jeremia en sy skrywer Barug te vang. Hulle het egter reeds verdwyn; die HERE het hulle verberg (vs. 26; vgl. 1:8). In sy skuilplek moes Jeremia weer 'n ander boekrol maak en daarop al die woorde skryf wat op die eerste rol was. Jeremia en Barug het dit gedoen. Die tweede boekrol was nog uitvoeriger as die eerste (vs. 32). Ook moet Jeremia nog vir Jojakim sy oordeel aankondig: sy lyk sal weggegooi lê (vgl. 22:19). Hy moet dit vir hom sê! Hoe Jeremia dit vanuit sy skuilplek moes doen, word nie vermeld nie.

Jojakim se vernaamste grief teen die profesie van Jeremia was, dat hy gesê het dat die koning van Babel sekerlik sou kom en die land verwoes. Dit kon en wou Jojakim nie aanvaar nie. Nebukadnesar het ook nie terstond na die slag by Karkemis gekom nie. Daardeur het Jojakim hom laat mislei. Egipte het in dieselfde waan verkeer. In die profesie oor Egipte (hfst. 46), word die waan verbreek: ook Egipte is oorgegee in die hand van Nebukadnesar!

In die dae van Jojakim val ook nog die besoek wat Jeremia aan die Regabiete (hfst. 35) moet bring. Die trou van die Regabiete aan 'n ou familievoorskrif om nie wyn te drink nie, word deur Jeremia as 'n beskamende voorbeeld aan die volk van Juda en Jerusalem voorgehou. Die Regabiete wat anders in tente gebly het, was toe, uit vrees vir die Chaldeërs, in Jerusalem. Die besoek van Jeremia aan hulle en die prediking daarna moes dus plaasgevind het nadat Jojakim die boekrol verbrand het (in sy vyfde jaar), want toe het Nebukadnesar nog nie gekom nie. Jeremia en Barug moes hulle toe verberg! Nou tree hulle egter weer op. Blykbaar het hulle dit nie langer nodig geag om verborge te bly nie. Die profesie van Jeremia het begin om in vervulling te gaan: Nebukadnesar het gekom (35:11).

Ook onder Jojakim se seun en opvolger, die jeugdige Jojagin of Gonja, het Jeremia opgetree. Hy het hom voorspel dat die HERE hom sou oorgee in die hand van Nebukadnesar (22:24-27). Inderdaad was die regering van Jojagin na drie maande ten einde: hy moes oorgee! Saam met hom en sy moeder is ook 'n belangrike deel van die bevolking weggevoer, tien-duisend van die vernaamstes van die stad, veral ambagsmense. Jeremia was daar nie by nie. Hy bly in Jerusalem onder die nuwe koning, Sedekia, 'n broer van Joahas, wat Nebukadnesar aangestel het. Gedurende sy regering, die laaste dekade van die bestaan van Juda, het die lewe vir

Jeremia weer moeiliker geword.

In die begin van die regering van Sedekia, in die vierde jaar (27:1; 28:1) raak Jeremia verwickel in 'n felle stryd met die valse profete. Dit was toe gesante van vyf konings uit die omringende lande (Edom, Moab, Ammon, Tirus en Sidon) na Jerusalem gekom het. Met watter opdrag hulle gestuur is, word in hierdie hoofstukke nie uitdruklik gesê nie, maar dit blyk wel uit die verband en uit buitebybelse geskrifte. Nebukadnesar was nog steeds besig om sy troon te bevestig en sy ryk te konsolideer. Hy het daarby dikwels op verset gestuit en moes opstande onderdruk. So moes hy in die eerste elf jaar van sy regering telkens na "Hatti" (Kleinasiatiese en Noordsiriese volksgroepe) optrek. Die vierde jaar van Sedekia is die twaalfde van Nebukadnesar (593). Beraadslagings en afsprake het reeds die koms van die gesante in Jerusalem voorafgegaan, maar nou wil hulle deurtas en Jerusalem in 'n opstand teen Babel betrek.

In verband met die koms van die gesante kry Jeremia bevel van die HERE om stroppe en jukke te maak. Self moet hy rondloop met so 'n juk op sy nek (28:10); die gesante moet elkeen vir sy koning ook so 'n juk of strop saamneem. Die jukke en stroppe het simboliese betekenis: hulle stel die mag van Nebukadnesar voor, wat soos 'n juk van 'n oorheerser op al die volke sal druk. By die simbool gee die HERE nog 'n duidelike boodskap. Die mag van Nebukadnesar word deur God self gewil. Dis nie maar 'n toevallige mag vir wie die tye gunstig is om ander magte te oortref nie, maar 'n deur God bestemde mag. God het die aarde en die mense en die diere gemaak en Hy gee dit aan wie dit reg is in sy oë. Op daardie tydstip was dit reg in sy oë om dit aan Nebukadnesar te gee. God noem hom "sy dienaar". Daarom is dit onvermydelik dat alle volke aan hom onderworpe sal word en daarom is dit vir die volke die beste om hulle maar gewillig aan hom te onderwerp. As hulle dit nie doen nie, is hulle ongehoorsaam aan die wêreldregering van God, maar as hulle dit wel doen, sal dit nog redelik goed met hulle gaan (27:11).

Drie keer moes Jeremia hierdie raadslag van God bekend maak. Ten eerste aan die gesante, wat dit aan hulle gebieders moet oorbring. Die moet hulle nie laat mislei deur hulle profete en waarsêers en dromers en goëlaars en towenaars nie. Ten tweede aan Sedekia. Rondom hom staan ook profete, valse profete, geestelike volksleiers met politieke insigte, wat nie deur God geroep is nie, al gee hulle dit voor. Hulle predik opstand.

Sedekia moenie na hulle luister nie, want hulle spreek leuens; om na hulle te luister sal 'n volksramp tot gevolg hê waarin volk en profete tesame sal omkom. Ten derde aan die priesters en die hele volk. Vir hulle het die valse profete gesê dat die goed wat reeds met Jojagin na Babel geneem is, gou terug sal kom. Jeremia sê dat ook wat nog in Jerusalem oor is, weggevoer sal word! Hy voeg daar egter aan toe dat dit daar sal bly tot op die dag dat die HERE daar ag op sal gee en dit terugbring na Jerusalem.

Daar is dus nog uitsig — trouens, ook Babel sal nie ewig regeer nie! Slegs totdat die tyd van sy land ook kom, dat dit diensbaar gemaak sal word deur magtige nasies en groot konings. Alles, Jerusalem en Babel, behoort tot die wêreldplan van Hom wat die aarde en wat daarop is, gemaak het.

Ons kan ons voorstel hoe onrustig en rumoerig dit in Jerusalem was, toe die gesante daar kom met planne van opstand en valse profete dit aanwakker, maar Jeremia in die naam van die HERE daarteen waarsku. Dit word nog erger as die woorde van Jeremia nie aanvaar word nie, maar die valse profesie, onder leiding van Hananja, in verset kom. In die tempel in teenwoordigheid van die hele volk sê hy ook: "So spreek die HERE". En wat is sy woord van die HERE? Met indrukwekkende en byna oortuigende presiesheid verkondig hy juis die teenoorgestelde, met datum en naam daarby: oor nog twee jaar bring Ek die tempelgoed en

Jojagin self terug uit Babel, want Ek sal die juk van die koning van Babel verbreek. Hananja voeg die daad by die woord, neem die juk van Jeremia se nek af en verbreek dit.

Hoe kragtig tree die valse profesie op! Lynreg staan Jeremia en Hananja teenoor mekaar. (Vir 'n soortgelyke situasie verwys ons na 1 Kon. 22:5 e.v.). Vir wie moet die volk nou glo? En wat kan Jeremia doen? Hy staan vas in sy oortuiging. Hy sou graag wou sien dat Hananja se profesie bewaarheid word (28:6), maar hy weet dat dit nie so is nie. Intussen het Hananja die laaste woord en Jeremia gaan weg.

Maar die HERE laat hom nie alleen staan nie. Hy moet terugkeer, nou met ysterjukke in plaas van die deur Hananja verbreekte houtjuk. Dit is in duidelike simboliek 'n bevestiging van Jeremia se woorde. Hy moet ronduit vir Hananja sê: Die HERE het jou nie gestuur nie en daarby Hananja se straf aankondig: hierdie jaar sal jy sterwe, omdat jy afval van die HERE verkondig het.

En die profeet Hananja het in die jaar gesterwe!

Was dit nie 'n bewys dat Jeremia die ware profeet was nie? Maar koning en volk het hulle nie laat oortuig nie. Om te glo is ook 'n saak van die wil. Die ongelowiges is onwillig om te glo (Luk. 13:34).

By die ballinge wat met Jojagin na Babel gevoer is, was ook valse profete wat 'n spoedige terugkeer verkondig het. Jeremia stuur derhalwe aan hulle 'n brief met die waarskuwing om die profete nie te glo nie (hfst. 29). Hulle moet hulle voorberei vir 'n langdurige verblyf in Babel, enkele geslagte na mekaar. Bou huise en plant tuine, so skryf Jeremia aan hulle. Neem vroue en verwek seuns en dogters en neem vroue vir julle seuns en gee julle dogters aan mans en vermenigvuldig daar. Soek die vrede van die stad waarheen Ek julle in ballingskap weggevoer het en bid daarvoor tot die HERE; want in die vrede daarvan sal julle vrede hê.

Die ballinge sit dus nie in gevangnisse nie, maar woon in gebiede wat aan hulle toegewys is en waarbinne hulle 'n eie lewe kan lei.

Jeremia stuur die brief saam met 'n gesantskap wat deur Sedekia na Nebukadnesar gestuur word.

Een van die valse profete in Babel, Semaja, stuur 'n brief terug, waarin hy die priesters in Jerusalem verwyf, dat hulle Jeremia nie belet het om so 'n brief na die ballinge te skryf nie. Daarop gee die HERE Jeremia bevel om die ballinge te laat weet — weer per brief? — dat Semaja afval teen die HERE verkondig en nie ongestraf sal bly nie (verse 24-32).

Die twispunt tussen die valse profete en Jeremia lê daarin dat Jeremia sê dat dit die HERE se wil is dat sy sondige volk hom gewillig sal onderwerp aan die straf wat die HERE deur middel van Nebukadnesar oor hulle bring, terwyl die profete van die volk die straf nie as sodanig aanvaar nie, maar reken dat dit gou sal verbygaan. Hulle wil die verset teen Babel volhou. Jeremia predik dat dit goed sal gaan met hulle wat die straf aanvaar en sleg met hulle wat opstandig bly teen Nebukadnesar want dit is afval van die HERE.

Hierdie gedagte uit die hoofstukke 27-29 word aan Jeremia duidelik gemaak deur die twee mandjies met vye, een met baie goeie vye en een met baie slegte vye. Dit was na die wegvoering van Jojagin, wat natuurlik groot bekommernis in Jerusalem gewek het. Dit was ook inderdaad 'n verskriklike straf. Maar, sê die HERE, soos hierdie goeie vye, so sal Ek ten goede aansien die ballinge van Juda, wat Ek na die land van die Chaldeërs gestuur het. En soos die slegte vye — so sal Ek Sedekia en die oorblyfsel van Jerusalem maak. Dit skryf Jeremia ook aan die ballinge (29:17).

Die oorsaak van hierdie onderskeid is daarin geleë dat die ballingskap tot die heilsplan van

God behoort. Daarom kry die ballinge ook sulke wonderlike heilsbeloftes: Ek sal my oog op hulle slaan ten goede, en hulle 'n hart gee om My te ken... (sien 24:6, 7) en: Want Ek weet watter gedagtes Ek aangaande julle koester — (sien verder 29:10-14).

En wat Babel betref — dit seëvier nou, omdat God daarvan gebruik maak. Maar as sy sewentig jaar verby is, kom die oordeel ook oor hom. Jeremia het ook al die onheil wat oor Babel sou kom in 'n boek geskrywe (51:59, 60). Hiermee het hy 'n besondere bedoeling. Dit was in die vierde jaar van koning Sedekia. Sedekia het toe persoonlik na Babel gegaan. Waarom word nie vermeld nie. Dit is trouens die enigste berig sowel in as buite die Ou Testament aangaande so 'n reis van Sedekia. Dit was dieselfde tyd waarin die gesante van vyf konings in Jerusalem was (27:1; 28:1). Van die plan tot opstand het toe blykbaar niks gekom nie, maar Sedekia kan dit raadsaam geag het om hom persoonlik by Nebukadnesar van verdenkings te suiwer. Sedekia se laerkommandant op die reis was Seraja (die seun van Neria, die seun van Magseja; dit is ook die name van die vader en grootvader van Barug (32:12). Miskien was hulle broers). Jeremia gee nou die boek met Seraja saam. Dit skyn asof Seraja nie weet wat in die boek staan nie, maar dit eers mag lees as hy in Babel aangekom het. Dan sal hy sien dat daarin staan dat Babel verwoes sal word en 'n ewige wildernis sal wees. Dan moet hy 'n klip aan die boek vasmaak en dit binne-in die Eufraat gooi met die woorde: So sal Babel sink en nie weer opkom nie!

Dit is 'n sinnebeeldige handeling, waarvan Seraja later in 'n vertroude kring kon vertel.

Dit is treffend dat langs Sedekia wat nou ootmoedig na Nebukadnesar moet gaan en oor enkele jare deur hom gevang sal word, 'n man loop wat die ondergang van Babel as goddelike boodskap in sy sak het!

Oor die jare onmiddellik na die koms van die gesante van die vyf konings (27:3) en Sedekia se reis na Babel word weinig vermeld. Uit die klaaglied van Esegïël aangaande die (laaste) vorste van Juda kan ons aflei dat Sedekia wreed en ru geheers het oor sy land en stad (Eseg. 19:5-7). Hy was jonk en die beste burgers van die land was met Jojagin weggevoer. Ten slotte kom hy in opstand teen Nebukadnesar wat hom aangestel het: "En Sedekia het teen die koning van Babel gerebelleer (2 Kon. 24:20). Toe het Nebukadnesar gekom om Jerusalem te beleër. Die toestand word nou ernstig. Dan word Jeremia deur die Here na Sedekia gestuur. Hy moet hom meedeel dat die ondergang nou onafwendbaar is. Nebukadnesar sal die stad met vuur verbrand en die koning gevange neem. Oog tot oog sal Sedekia die koning van Babel sien en mond tot mond sal Nebukadnesar met hom spreek en Sedekia sal in Babel kom. (34:3). Dit het ook gebeur en op 'n baie erger manier as wat dit hier deur Jeremia gesê word (2 Kon, 25:6, 7). Die HERE het dit verswyg, omdat Hy nog een keer die bekende bevel herhaal: Luister na die woord van die HERE, o Sedekia, koning van Juda! Dit wil sê: aanvaar hierdie lot wat die HERE beskik het. Dan sal daar versagting van sy lot wees, dan sal hy in vrede sterwe en met eer begrawe word.

Die beleg het begin in Sedekia se negende jaar, in die tiende maand, op die tiende van die maand en dit het geduur tot Sedekia se elfde jaar, die vierde maand, die negende dag. Gedurende die beleg het Sedekia Jeremia verskeie kere om raad gevra. Volgens 21:2 vra hy of die HERE miskien met hulle sal handel volgens al sy wonders sodat die koning van Babel wegtrek. Die antwoord is verpletterend. Die enigste uitweg is om oor te loop na die Chaldeërs (vs. 9), want die koning van Babel sal meedoënloos optree.

Oënskynlik kom daar tog verlossing vir Juda. Die leër van Faraó het uit Egipte uitgetrek. Dit is Hofra wat miskien ook 'n hand daarin gehad het dat Sedekia gerebelleer het. Sedekia stuur bodes na Jeremia om te vra dat hy vir hulle moet bid (37:3). Die antwoord is dat die Chaldeërs sal terugkom, Jerusalem inneem en dit met vuur verbrand.

Tog het die onderbreking van die beleg 'n tydelike verligting van die toestand gebring. In die tussentyd het volk en koning van Juda 'n skandelige daad gedoen, daarom word Jeremia deur die HERE gestuur om aan te kondig dat die oordeel swaarder en moeiliker sal word. Sedekia het die volk verplig om hulle slawe vry te laat (34:8 e.v.). Dit was wel reg in die oë van die HERE. Maar hulle het gedraai en die vrygelate slawe weer onderdanig gemaak. Vermoedelik was *die vrylating uitgeroep* onder die drang van die omstandighede, maar weer ingetrek toe die Chaldeërs vertrek het. Die boodskap wat Jeremia moes bring was dat die HERE die Chaldeërs terug sal bring; hulle sal die stad inneem en verbrand en dan sal die HERE 'n *vrylating uitroep*, nl. 'n vrylating aan die swaard en die pes en die hongersnood om die volk te maak tot 'n skrikbeeld van ellende en dood.

Ook vir Jeremia persoonlik het die tydelike verligting van die toestand onaangename ervarings meegebring. Hy wou van die geleentheid gebruik maak om in Anatot 'n erfdeel in ontvangs te neem. Die wag by die Benjaminspoort sien hom en arresteer hom omdat hy dink dat Jeremia na die Chaldeërs wou oorloop. Inderdaad het Jeremia ander mense aangeraai om dit te doen. Tog wou hy dit self nie doen nie. Die mense wat na die valse profete geluister het, het dit as 'n daad van verraad beskou. So het die wag dit ook opgevat. En ook die vorste by wie Jeremia gebring word. Hulle slaan hom en sit hom in 'n keldergevangenis. Tot nog toe kon Jeremia tydens die regering van Sedekia vry beweeg. Nou is dit met sy vryheid gedaan! Dit is die vorste wat hom dit aandoen. Nie die koning nie. Die verhouding is juis andersom as in die dae van Jozakim; toe het die vorste die profeet beskerm teen die woede van die koning. Nou is die vorste woedend, maar die koning is te swak om Jeremia te kan verlos. Hy sorg alleen dat Jeremia 'n minder aaklige plek kry as die ondergrondse waterbak. Dit was toe Sedekia hom laat haal het om hom te vra of daar 'n woord van die HERE was. Dit was die derde keer dat Sedekia hom tot Jeremia wend, hierdie keer in die geheim (37:17). Daar was 'n woord van die HERE, ja! Maar slegs dit: U sal in die hand van die koning van Babel oorgelewer word. Sedekia laat Jeremia nou in die voorhof van bewaking bring waar hy daagliks 'n skyf brood uit die Bakkerstraat moes kry (37:21).

Terwyl Jeremia in die voorhof van bewaking is (32:2) en die koning van Babel Jerusalem beleër — dit was dus na die onderbreking van die beleg en in die tiende jaar van Sedekia (vs. 1) — kom sy neef Hanameël by hom. Hierdie neef was dus blykbaar ook binne die mure van Jerusalem. Hy wil hê dat Jeremia 'n stuk grond wat hy miskien as gevolg van verarming, moontlik deur die oorlogsomstandighede moes verkoop, van hom sal koop, sodat die besitting in die familie kan bly. Hoewel dit nie 'n gunstige tyd is om grond te koop nie en Jeremia boonop weet dat die ondergang van die ryk naby is, koop Jeremia, as lossers, tog die stuk grond. Hy betaal die prys, sewentien sikkels silwer, en behandel die saak baie korrek, met kooppriewe en getuies. Die kooppriewe word, op die gebruikelike manier, in 'n erdepot bewaar, sodat hulle baie dae kan bly bestaan.

Die transaksie moet volgens die woord van die HERE beskou word as 'n bewys van die verlossing van die volk uit die nood waarin hulle verkeer: daar sal weer huise en gronde en wingerde in die land verkoop word; die normale lewe sal terugkeer. Jeremia profeteer dus ook van verlossing, maar anders as die valse profete. Hulle erken geen straf en verwag spoedige uitkoms deur wysiging van die politieke situasie; Jeremia weet en verkondig dat die straf lank sal duur, maar dat God aan sy volk dink en hulle na hul land sal terugbring, nie om tot die ou toestande terug te keer nie maar om God se volk te wees (vs. 38 e.v.).

Uit die grondverkoop blyk dat Jeremia in die voorhof van bewaking 'n sekere vryheid van beweging gehad het en dat hy ander mense kon ontmoet. Die voorhof van bewaking het tot die koninklike paleis behoort waar Jeremia deur die koninklike lyfwag bewaak is. Hy het van die geleentheid gebruik gemaak en met die mense wat daar by die paleis moes wees, gepraat



en sy raad herhaal: "Wie in hierdie stad bly, sal sterwe deur die swaard, die hongersnood of die pes, maar wie na die Chaldeërs uitgaan, sal lewe..." (38:2, 3). Die vorste van Juda het nie hiervan gehou nie, soos trouens begryplik is. Dit ondermyn die moraal. Hulle sê: die man soek nie die vrede van hierdie volk nie, maar onheil. Dit is natuurlik 'n heeltmal onjuiste beoordeling van die woorde van Jeremia, maar hulle erken ook nie dat Jeremia nie uit 'n politieke oortuiging spreek nie, maar dat hy die woord van die HERE bring. Hulle bring die saak voor die koning. Sedekia het sulke woorde al meermale van Jeremia gehoor, maar hy het nie die moed om Jeremia te verdedig nie. Hy sê: Kyk, hy is in julle mag, want die koning kan niks teen julle doen nie. Met hierdie woorde erken Sedekia dat die leiding by die vorste berus. Hyself is swak en onselfstandig.

Die vorste gooi Jeremia toe in 'n leë waterput waar hy in die modder gesak het (38:6). Deur Ebed-Meleg, 'n Kusiet ('n Ethiopiër), wat in die koning se diens was, is Jeremia bevry en weer teruggesit in die voorhof van bewaking. Die Kusiet het dit gedoen in vertroue op die HERE (39:18).

Dan laat die koning weer vir Jeremia haal, asof dit moontlik was dat hy 'n ander boodskap sou kry as wat hy reeds so dikwels ontvang het. Jeremia is bevrees om die koning te antwoord: "Sal u my nie sekerlik doodmaak nie?" Toe sweer die koning hom dat hy dit nie sal doen nie. Jeremia kon nie anders as om die boodskap van die HERE te herhaal nie: As die koning vrywillig uitgaan sal hy self en sy huis in die lewe bly en die stad nie verbrand word nie; maar anders is die ondergang onafwendbaar.

Verskeie inwoners van Jerusalem het wel die raad van Jeremia gevolg (38:19). Sedekia is bang dat die hom sal bespot as hy ook die stad verlaat. So laat Sedekia hom in hierdie groot saak lei deur kleingeestige oorwegings. Hierdie laaste samespreking moet streng geheim gehou word. As die vorste agterdogtig word en navraag doen, moet Jeremia maar sê, dat hy 'n versoek aan die koning gerig het om tog nie weer in die kelders van die huis van Jonatan gesit te word nie (vgl. 37:16). Inderdaad het die vorste van Juda Jeremia uitgevra. Toe het Jeremia die noodleuen gebruik wat die koning hom voorgesê het.

Enkele maande later val die stad. Jeremia is ook gevange geneem en met kettings geboei. Die oorwinnaars het hom in die voorhof van bewaking aangetref. By Rama vanwaar die gevangenes die tog na Babel moes begin, word hy egter vrygelaat, maar hiermee is Jeremia se belewenisse nog nie ten einde nie.

Van die arm mense wat niks gehad het nie, het Nebusaradan, die owerste van die lyfwag van Nebukadnesar, in die land Juda laat agterbly en aan hulle wingerde en landerye gegee. Oor hulle het hy Gedalja, die seun van Ahikam (26:24), as landvoog aangestel. Na hom moet Jeremia gaan (40:5). Gedalja het hom gevestig te Mispa ten noorde van Jerusalem in die stamgebied van Benjamin. Hy vaardig 'n proklamasie uit waarin hy bekend maak dat dit nie nodig is om die Chaldeërs te vrees nie en waarin hy die mense opwek om aan die koning van Babel onderworpe te wees; dan sal dit met hulle goed gaan. Van alle kante stroom die vlugtelinge, ook soldate, na Mispa. Jeremia sluit hom ook by hulle aan. Die HERE was hulle genadig, want hulle het groot hoeveelhede wyn en somervrugte ingesamel. Maar nuwe moeilikhede duik op. Ammon, wat toe nog nie deur Nebukadnesar onderworpe was nie — dit het 'n viertal jare later wel gebeur — was vyandig gesind (vgl. 2 Kon. 24:2) jeens die groepie Judeërs en het Gedalja deur middel van 'n sekere Ismaël wat van die koninklike geslag was en dus afgunstig op hom was, laat vermoor. Omdat Gedalja deur Nebukadnesar aangestel was, is dit begryplik dat die oorgeblewenes in Mispa bevrees was. Hulle wou na Egipte vlug. Jeremia het die HERE daarvoor geraadpleeg en antwoord ontvang dat hulle nie moes vlug nie. Tog het hulle weggetrek en Jeremia saamgeneem.

In Egipteland aangekom, moes Jeremia — in opdrag van die HERE — verkondig dat die koning van Babel hulle daar sou agterhaal. Aan die einde van sy regering het Nebukadnesar inderdaad 'n strafekspedisie na die opstandige Egipte onderneem.

In Egipte het die Jode op verskillende plekke gewoon: Migdol, Tagpanhes, Nof en Pathros. Jeremia het nog 'n moeilike taak in hulle midde gehad. Dit was in Pathros dat hy sy laaste oordeelsaankondiging moes laat hoor (44:15). Die Jode daar het weer begin met verering van die hemelkoningin. Ook in 7:16-20 het Jeremia reeds teen hierdie afgodery gewaarsku. Die hemelkoningin is dieselfde semitiese vrugbaarheidsgodin wat met die naam Ishtar, Astarte (1 Kon. 11:5), genoem word en vereenselwig is met die Venusster. By haar verering is die hele huisgesin betrokke: die kinders maak hout bymekaar, die vaders steek die vuur aan en die vroue knie deeg om koeke te maak vir die hemelkoningin. Die koeke was dan of in die vorm van 'n ster of van 'n vrouefiguur. Jeremia waarsku daarteen maar dit is veral die vroue wat hulle teen hom verset en uitdruklik verklaar dat hulle met die Astarteverering sal voortgaan. Dit skyn asof hulle 'n belofte aan die hemelkoningin gedoen het, want hulle sê: ons sal stellig alles doen wat uit ons mond uitgegaan het — om vir die hemelkoningin rook te laat opgaan en vir haar drankoffers uit te giet soos ons gedoen het, ons en ons vaders, ons konings en ons vorste, in die stede van Juda en op die strate van Jerusalem; toe is ons met brood versadig en was ons gelukkig en ons het geen onheil gesien nie. Maar vandat ons opgehou het om vir die hemelkoningin rook te laat opgaan (na die reformasie van Josia?) en vir haar drankoffers uit te giet, het ons aan alles gebrek gehad en het ons deur die swaard en die hongersnood omgekom.

Hoe verhard in die sonde was die Joodse volk dat hulle vrouens ook na die oordeel oor Jerusalem sulke woorde kon spreek.

As antwoord het Jeremia niks anders gedoen as om die ondergang van die Jode wat na Egipte gevlug het, aan te kondig nie. As teken stel hy dat Faraó Hofra wat toe nog geregeer het tot 'n val sou kom. Dit het in 569 gebeur.

Wat van Jeremia in Egipte geword het, word in die Skrif nie meegedeel nie. Volgens 'n ou Christelike legende is hy deur sy volksgenote gestenig.

Die hierbo gegewe beskrywing van die lewensgeskiedenis van Jeremia het ons saamgestel uit hoofstukke van die boek Jeremia wat gedateer is volgens die jare van die regerende konings van Juda. Ander feite uit die lewe van Jeremia soos bv. dat hy sy gord in 'n klipskeur by "die Eufraat" moes wegsteek (hfst. 13), dat hy na die pottebakker moes gaan (hfst. 18) en 'n pottebakkerskruik moes breek (hfst. 19), dat Pashur hom in die blok sit (hfst. 20) en verder sy redevoeringe ens. vind ons in hoofstukke wat nie gedateer is nie. Dit alles moet ook êrens in die lewe van Jeremia ingepas word al kan die tyd en plek daarvan nie met sekerheid vasgestel word nie.

Die lewe van Jeremia kan tragies genoem word. Sy taak was moeilik; die vervulling daarvan het hom stryd gekos. Midde in die stryd kry hy dit ook 'n keer moeilik met God, want terwyl hy oordele en rampe moet aankondig weens die sonde van die volk, gaan die lewe gewoon deur en bly die rampe uit. Dit was net aan God se lankmoedigheid te danke. Ten slotte het die oordele wel gekom! Maar in tussen lyk dit tog maar asof die goddeloses voorspoedig is. Asaf het hiermee ook reeds geworstel: toe hy die voorspoed van die goddelose mense sien was hy afgunstig op die waansinniges (Ps. 73). Job en sy vriende het hieroor ook getwis. Ook Jeremia het God gevra:

Waarom is die weg van die goddelose voorspoedig?

Waarom lewe hulle rustig wat ontrou bedrywe?

U het hulle geplant, ook het hulle wortel geskiet;

hulle groei, ook dra hulle vrugte.

Hoe kan God dit doen aan mense wat Hom tog nie opreg liefhet nie?

U is naby in hulle mond —  
maar ver van hulle niere.

Hierdie gang van sake is ondraaglik vir 'n man soos Jeremia, wie se opregtheid tog aan die HERE bekend is en hy roep die oordeel van God oor hulle uit (12:1-3). Hier beluister ons die méns Jeremia, wat praat uit sy eie hart. Maar God gaan op sy besware nie in nie, ewe min as by Job. God gaan nie met hom redeneer op menslike trant nie, maar spreek hom direk as profeet aan:

As jy met voetgangers loop, maak hulle jou moeg:  
hoe sal jy dan wedywer met perde?  
In 'n land van vrede voel jy jou nouliks veilig,  
hoe sal jy dan maak in die pronkbosse van die Jordaan?  
(12:5).

Die antwoord van die HERE is hard. Dit beteken so veel as: dis nog niks nie. Jy sal dit nog baie moeiliker kry. As jy nou reeds moeg word, wat dan straks as dit nog moeiliker word? In die rugte van die Jordaandal was dit nie so veilig nie; daar was leeus! (49:19). So sal Jeremia in steeds moeiliker situasies geraak. Dis al troos wat God vir hom het.

Moeilik was die lewe van Jeremia. En het hy geslaag? Die volk het nie geluister nie. Die koning ook nie. Die straf het gekom oor koning en volk. Jeremia self is teen sy sin na Egipte gebring om daar sy ou stryd ook nog na die val van Jerusalem voort te sit. Hy het die ondergang van sy stad belewe, maar die volk het hom nie bekeer nie.

"Vergeefs" — dit skyn geskryf te kan word bo die lewe van Jeremia. En tog — na sy dood het Jeremia erkenning gekry! Daniël in ballingskap het sy woorde geles en moed daaruit geput (Dan. 9:2). In 2 Kron. 36:21 word die ware profeetskap van Jeremia erken. Na die ballingskap het Jesus Sirach sy werk geroem (49:6) en in 4 Esra word hy naas Jesaja as helper van die volk vermeld (2:18<sup>1</sup>), ja, in die boeke van die Makkabeërs word hy as 'n beskermgees van die Jode beskou (2, 2:1 ens.; 15:14 ens.). Hoe seer hy in die herinnering van die Jode voortgeleef het, blyk wel uit die antwoord op die vraag van Jesus: "Wie sê die mense dat Ek, die Seun van die mens, is?" dat naas Elia ook Jeremia genoem word (Matth. 16:14).

Jesus het meer as een keer woorde van Jeremia aangehaal. "Is hierdie huis waaroor my naam uitgeroep is, 'n spelonk van moordenaars" (Jer. 7:11) is ook deur Jesus gesê (Matth. 21:13). Die verwoesting van die tempel, in Mark. 13:2 deur Jesus aangekondig, is ook deur Jeremia aangekondig (7:14). As Jeremia in sy groot heilsvoorsegging (31:31) spreek van 'n nuwe verbond, is dit dieselfde as die nuwe testament in die bloed van Jesus (Luk. 22:20). Verskillende gedagtes van Jeremia is nieu-testamenties van strekking soos bv. dat die besnydenis 'n saak van die hart is (4:4).

Hoewel in sy eie tyd misken, het Jeremia tog later wel erkenning ontvang.

Ten slotte kan ons enkele punte van ooreenkoms tussen die lewe van Jeremia en die van ons Heiland aanwys. Soos Jeremia bedreig is deur sy stadgenote van Anatot, is Jesus bedreig deur die manne van Nasaret. Soos die volksleiers in Juda, priesters en skrifgeleerdes en volksprofete, Jeremia met sy woorde wou vang, "slaan met die tong" (18:18), so het ook die

---

<sup>1</sup> Hierdie vers lees in die King James Apokriewe as volg [sien <http://etext.virginia.edu/toc/modeng/public/Kjv4Ezr.html>]:

“For thy help will I send my servants Esau and Jeremy, after whose counsel I have sanctified and prepared for thee twelve trees laden with divers fruits”

Fariseërs op Jesus geloer. Jeremia was tot trane bewoë oor die ondergang van land en volk (8:18; 9:1) — so lees ons ook van Jesus: toe Hy naby kom en die stad sien, het Hy daaroor geweene (Luk. 19:41).

### III. DIE PERSOONLIKHEID VAN JEREMIA

Die aard van Jeremia se karakter blyk terstond by sy roeping. Hy is nie voortvarend en begerig om die taak waartoe die HERE hom geroep het met albei hande te aanvaar nie. Hy maak besware!

Jesaja het op die vraag van die Here: Wie sal Ek stuur?, geantwoord: "Hier is ek, stuur my". So reageer Jeremia nie. Hy sê: "Ag, Here HERE!" Ook later het hy hierdie woorde dikwels gebruik (4:10; 14:13; 32:17). Hulle vloei voort uit verslaenheid en moedeloosheid. Hy sê: voorwaar, ek kan nie praat nie. Hy bedoel dit anders as Moses wat gesê het dat hy swaar van mond en swaar van tong was. Jeremia sê: want ek is jonk. Hy het daar geen ervaring van om te praat nie. Boonop is dit nie gepas vir 'n jong man om te praat nie. Elihu (uit die boek Job) was ook beskroomd om in die kring van die ouere vriende die woord te voer (Job 32:6). Dis duidelik: Jeremia was nie 'n spraaksame seun nie. En as die HERE hom roep om 'n profeet vir die nasies te wees, dan sal hy juis baie moet praat, voor aansienlike gehore en op velerlei gebied. Dan sal hy midde in die rumoerige lewe moet staan! Daarvoor sien hy nie kans nie. Hy is nie die man wat graag praat nie maar van stil oordenking en besinning. Vandaar dat hy sê: Ag Here HERE!

Die HERE kan die beswaar van Jeremia nie aanvaar nie. Hy wil juis vir hom gebruik. Hy het hom reeds voor sy geboorte vir hierdie saak bestem en geheilig d.w.s. afgesonder en toeberei. Op besliste toon sê die HERE: na wie Ek jou ook al stuur, moet jy gaan en wat Ek jou ook al beveel, moet jy spreek.

Jeremia hoef nie sy eie woorde te spreek nie. Die HERE sal hom beveel wat hy moet sê. En as die omstandighede te moeilik word, dan moet Jeremia nie vir die mense bevrees wees nie, want, sê die HERE: Ek is met jou om jou uit te red.

Dan vertel Jeremia verder van sy roeping: Toe het die HERE sy hand uitgestrek en my mond aangeroeer en die HERE het vir my gesê: Hiermee lê Ek my woorde in jou mond,

Daarna het die HERE sy roeping herhaal met die krasse woorde: Kyk, Ek stel jou vandag aan oor die nasies en oor die koninkryke om uit te ruk en om te gooi, om te vernietig en te verwoes, om te bou en te plant. Nie om hierdie dinge te voorspel nie, maar om dit te doen. Jeremia sal uitruk en verwoes. Dit is die krag van sy profetiese woord omdat dit God se woord is. Jeremia profeteer nie dat die dinge sal gebeur nie, maar die dinge gebeur omdat, deurdat Jeremia hulle profeteer! Die profesie maak die geskiedenis. God spreek en dit geskied, sowel die strawwe, uitdruk en omgooi, vernietig en verwoes, as ook die heil, bou en plant.

Wat 'n geweldige taak vir 'n bedeesde jong man! Maar na hierdie onafwysbare opdrag het Jeremia geswyg. Moses het lank teengestribbel (Ex. 4:16-17). Jeremia aanvaar die las. Dit is ook 'n trek van sy karakter: sy buigsamheid onder die hand van sy God. Dit beteken nie dat hy later geen moeilikhede of stryd in die volvoering van sy taak gehad het nie. Hy het baie moeilikhede en stryd in verband met sy werk en roeping sowel met mense as met sy God gehad. Hy het daardeur soms in heftige gemoedsbeweging geraak en tot felle uitbarstings verval. Ook daarin blyk sy temperament.

Dit is veral die vyandskap van sy hoorders wat Jeremia pyn aandoen. Tot hulle behoort ook sy eie stadgenote, die manne van Anatot. Hulle was so ontstoke oor sy oordeelsaankondigings dat hulle planne beraam om Jeremia dood te maak. Die gevaar waarin hy verkeer het, was des te groter omdat hy daar niks van geweet het nie; daardeur was hy soos 'n mak lam wat hulle lei om te slag. Maar die HERE het hom dit te kenne gegee. Dan is hy so verontwaardig dat hy die wraak van God oor hulle inroep en sê: o HERE van die leërskaar,

regverdige Regter, wat niere en hart toets, laat my u wraak op hulle sien, want aan U het ek my regspraak toevertrou. Hierdie woorde klink wraaksugtig. Hier spreek nie 'n sagmoedige man nie. Nee, hier spreek 'n profeet wat veg, nie vir sy eie belange nie, maar vir die saak van sy Sender in wie se hande hy sy regspraak toevertrou het. Van Jesus weet ons dat Hy, toe Hy uitgeskel is, nie terug uitgeskel het nie en toe Hy gely het, nie gedreig het nie (1 Petrus 2:23). Tog het Jesus ook wel iets gedoen: Hy het dit oorgegee aan Hom wat regverdig oordeel. Dit is wat Jeremia ook gedoen het en dat hy reg is blyk hieruit dat die HERE hom antwoord en sê dat hy die manne van Anatot sal straf:

Kyk, Ek doen besoeking oor hulle;  
die jongmanne sal sterwe deur die swaard,  
hulle seuns en hulle dogters sal sterwe deur hongersnood.  
Hulle sal geen oorblyfsels hê nie,  
want Ek sal onheil bring oor die manne van Anatot.  
(11:18-23).

So vervul die HERE sy belofte, dat Hy Jeremia sal red (1:8).

Heeltemal anders reageer Jeremia op sy roepingsmoelikhede in 15:1-10. Hy is so diep geskok oor die oordeel wat hy moes verkondig, dat hy in vertwyfeling uitroep: Wee my, my moeder, dat u my gebaar het!

Hard was die woorde van die HERE wat hy moes verkondig (vs. 1-9). Jeremia het 'n hartroerende gebed vir sy volk gedoen (14:17-22), maar die HERE wil geen voorbedding vir sy volk meer aanhoor nie. Hy is moeg om berou te hê, d.w.s. moeg om die straf weer uit te stel en verbetering van die gedrag van die volk af te wag. Hy sê: My siel wil niks van hierdie volk weet nie; dryf hulle van my aangesig af weg en laat hulle heengaan. En as hulle jou vra: Waar moet ons heengaan?, sê dan vir hulle: na die pes en na die swaard en na die hongersnood en na' die gevangenskap. Dis die vier strawwe wat oor hulle sal kom en die honde sal die dooies wegsleep, die aasvoëls en die diere van die veld sal hulle eet.

Streng is die oordeel. Maar regverdig. Die volk het Hom verwerp. Maar dit moet ook 'n harde man wees om so 'n boodskap oor te bring. En dit was Jeremia nie. Hy het sy eie volk liefgehad. In sy verbeelding hoor hy die hulpgeroep van die dogter van sy volk. Hy stel hom sy volk voor soos 'n dogter wat om hulp roep en vanweë die verbreking van die dogter van my volk, so sê hy, is ek gebreek, is ek in rou (8:21). Verbaasdheid, ontsetting, het hom aangegryp. Boonop is die uitwerking van sy woorde dat die mense hom haat. Jeremia sê: Ek is 'n man van twis en stryd vir die hele land; almal stry en twis met hom, almal vloek hom. Dis beter om nie te lewe nie as om vir so 'n taak en in sulke omstandighede te moet lewe. Maar die HERE belooft dat Hy hom sal help en red en sê: hulle sal teen jou veg, maar jou nie oorweldig nie, want Ek is met jou om jou te verlos en om jou te red (vs. 20).

Intussen lyk die klag van Jeremia baie na die van Job, wat ook liever nie wou lewe nie (3:11), omdat die smart te groot was.

Een van die aanvalle waarmee die mense Jeremia bestry, is dat hulle hom verwyt, dat sy woorde nie vervul word nie (17:15). Hulle tart hom, die profeet, en daarmee tegelyk ook die HERE, met die woorde: Laat dit tog kom! Die oorsaak hiervan is dat die HERE so lank van te vore sy oordele aankondig. Dit was sy lankmoedigheid, sodat daar tyd was vir bekering. Maar die mense van Jerusalem verstaan dit nie en omdat die rampe toef om te kom, dink hulle dat Jeremia ten onregte so 'n donker toekoms voorspel. Dit lyk asof Juda se eie profete wat spreek uit hulle eie hart en 'n beter toekoms voorspel tog gelyk het. Vir Jeremia se profetiese bewussyn is dit skokkend, want die gedagte skuil daarin dat hy nie wettig geroepe is nie maar dat dit sy eie wens is dat die rampe kom. Maar dit is glad nie die geval nie.

Daaroor het Jeremia al eerder gepraat (4:19) en gesê dat sy profetiese oor die basuingeskal (van die stryd) en oorlogsgeskreeu gehoor het, dat sy profetiese oog die verwoesting gesien het. En is hy dan daarmee tevrede? Nee, dan roep hy uit: o My ingewande, my ingewande, ek moet bewe van angs. My hart steun in my — ek kan nie swyg nie (van die oordele wat kom). Dat die volk hom dan ook nog uittart grief hom diep in sy siel, dit maak hom moedeloos en siek. "My hart is krank in my" (8:18). Maar dan wend Jeremia hom tot sy God en bid: "Maak my gesond, verlos my". God moet hom help, want hy voel hom aan God verbonde. God is die enigste wat in sy sielsverwikkeling altyd weer opduik as een wat reg is en prysenswaardig. Daarom roep hy uit: "Want U is my lof" (17:14).

Hy ontleed sy eie gedrag en sê: "Ek het die ongeluksdag nie begeer nie. U weet dat wat uit my lippe uitgegaan het, voor u aangesig was". Dit was God se opdrag. Maar die opdrag word 'n verskrikking vir hom en hy bid: "Wees my nie tot 'n verskrikking nie! U is my toevlug in die dag van onheil! Laat my vervolgers verskrik wees, maar laat my nie verskrik wees nie. Bring oor hulle die dag van onheil". As Jeremia rus vind by sy God wyk ook die misplaaste medelye met die god-vyandige volk uit sy hart en sluit hy, net soos in 11:20, aan by God in sy regverdige oordeel,

Baie heftiger as in die moeilikhede wat in hoofstuk 17 beskryf word, uit Jeremia sy wraakgevoelens in 18:21-23. Dit is na sy besoek aan die huis van die pottemaker en die onheilsaankondiging wat hy in aansluiting daaraan moes uitspreek. Van bekering wil die volk nie weet nie. Dit blyk duidelik uit hulle handeling. Daarom kom die oordeelsaansegging: (vs. 17) Soos 'n oostewind sal ek hulle verstrooi voor die vyand; met die nek, en nie met die aangesig nie, sal Ek hulle aankyk in die dag van hulle ondergang.

Die uitwerking van die oordeelsaankondiging is geen ootmoedige bekering nie, maar wraakplanne teen Jeremia. Hierdie keer het die profeet dit blykbaar verneem. Hy weet dat sy teenstanders gesê het: "Onderrigting sal nie ontbreek by die priester of raad by die wyse of 'n woord by die profeet nie". Dit is 'n tipiese spreukvormige gedronge uitspraak, waarmee hulle bedoel dat hulle genoeg aan hulle eie raadgevers het en heeltemal nie nodig het om na Jeremia wat so gans anders as die priesters en die volksprofete praat, te luister nie. "Kom", sê hulle, "laat ons hom slaan met die tong", d.w.s. laat ons hom vang in sy woorde, hom betrap op gesegdes wat in stryd is met die wet en die volksverwagting. Dit lyk sprekend op die manier waarop die Fariseërs Jesus wou vang (Mark. 3:2; Matth. 26:59). Terwyl hy so belaag word, lê Jeremia sy klag voor die HERE neer en sê: "HERE, luister tog na my! Hoor na die stem van die wat met my twis!" Sy vyande het 'n kuil vir hom gegrawe en dit terwyl hy nog voor God se aangesig gestaan het om 'n goeie woord vir hulle te doen en vir hulle te bid. Sal dan goed met kwaad vergeld word? — so vra hy aan God. In hierdie klag voor die aangesig van God styg sy verontwaardiging so hoog dat hy self die oordeel oor die weerbarstige volk inroep:

gee hulle kinders oor aan die hongersnood,  
lewer hulle oor in die mag van die swaard,  
laat hulle vroue kinderloos en weduwees word,  
laat hulle manne omkom deur die pes,  
laat hulle jong manne verslaan word  
deur die swaard in die geveg.  
Laat daar 'n geskreeu uit hulle huise gehoor word  
as U skielik 'n bende oor hulle bring.  
Want hulle het 'n kuil gegrawe om my te vang  
en vangnette voor my voete gespan.  
U, HERE, ken hulle hele plan teen my om my dood te maak;

Doen geen versoening oor hulle ongeregtigheid  
en delg hulle sonde nie uit voor u aangesig nie,  
Laat hulle tot 'n val kom voor u aangesig,  
tree teen hulle op in die tyd van u toorn.

Hier beluister ons 'n profeet van God in heilige toorn en verontwaardiging oor hulle wat sy prediking vrugteloos, ja, onmoontlik maak. So het Jesus ook sy "Wee julle" uitgeroep oor Skrifgeleerdes en Fariseërs (Matth. 23). As profeet is Jeremia bewus van die goddelikheid van sy woord en sy teenstanders is God se teenstanders.

Die diepste punt in Jeremia se ontmoediging by die vervulling van sy profetiese roeping vind ons in hoofstuk 20:7 en verder. Ondanks die vyandskap wat hy ondervind het, moes Jeremia voortgaan met sy prediking en selfs kragtiger as in hoofstuk 18. Sy uitgangspunt moet hy weer neem in die werk van die pottebakker. In daardie hoofstuk het dit gegaan om die vrye beskikkingsreg van God. Jeremia het daar in die huis van die pottebakker gesien dat die voorwerp wat hy besig was om te maak, misluk het. Maar die pottebakker vat dieselfde klomp klei en maak daaruit 'n ander voorwerp soos dit reg was in sy oë. Met daardie beeld voor oë moes Jeremia as woord van God uitroep: "Sal Ek nie soos hierdie pottebakker met julle kan maak nie, o huis van Israel?"

Hierdie keer (hfst. 19) moes Jeremia 'n sinnebeeldige handeling verrig met 'n pottebakkerskruik. Hy moet een koop, hy en die oudstes uit die volk en oudstes uit die priesters, en dan na die Potskerwepoort gaan. Daar moes hy die beskuldiging, die aanklag teen die koning en die volk, uitroep: afgodery en moord, kinderooffers aan Baal; daarna op die aanklag die oordeel laat volg:

Ek sal die raadslae van Juda en Jerusalem hier uitskud,  
en Ek sal hulle voor hul vyande deur die swaard laat val.  
Ek sal hulle lyke gee as voedsel vir die voëls van die  
hemel en vir die wilde diere van die aarde.  
Hierdie stad sal Ek maak 'n voorwerp van ontsetting en  
bespottig; elkeen wat daar verbytrek, sal hom ontstel en  
spot met al sy plaes.  
Ek sal hulle die vlees van hul seuns en die vlees van hul  
dogters laat eet, hulle sal elkeen die vlees van sy naaste  
eet, in die beleëring en in die benoudheid waarmee hulle  
vyande hulle benoud sal maak.

By die aankondiging van hierdie vreeslike oordeel moet Jeremia dan voor die oë van die oudstes wat met hom was die kruik verbreek en sê:

So spreek die HERE van die leëskare:  
Net so sal Ek hierdie volk en hierdie stad verbreek,  
soos 'n mens 'n erdepot breek,  
wat nie meer heilgemaak kan word nie.

In die ywer van sy profetiese roeping het Jeremia daarna in die voorhof van die tempel gaan staan en aan die hele volk gesê: "So spreek die HERE van die leëskare, die God van Israel: Kyk, Ek bring oor hierdie stad al die onheil wat Ek daarvoor gespreek het, omdat hulle hul nek verhard het om na my woorde nie te luister nie".

Maar — Pashur, die priester, die hoofopsigter in die huis van die Here, het dit gehoor. In sy woede vergeet hy sy priesterlike waardigheid en hy slaan die profeet en laat hom in die blok sit in die Boonste Poort van Benjamin by die tempel. Daar moes Jeremia 'n nag deurbring. Dit was 'n nag van marteling vir Jeremia. Die blok (die Hebreeuse woord beteken letterlik



*omdraaiing, verwringing*) was 'n marteltuig waarin 'n gevangene met krom getrekte voete vasgemaak is. As hy die volgende môre losgelaat word, het hy 'n woord van die HERE vir Pashur: Die HERE noem jou nie Pashur nie maar Magoor, dit beteken: Skrik, Afgrysing. Hierdie naamsverandering is 'n sarkastiese klankespeel. Pashur is waarskynlik 'n teofore eienaam van Egiptiese oorsprong (hur = Chor, Horus), 'n naam waarop die Judese priester trots was. Die HERE maak daarvan 'n naam met die bestanddeel "Chor" (goor) daarin, maar die hele woord "magoor" beteken niks moois nie. Aan Pashur word ten slotte ballingskap en dood voorspel.

Die inhoud van die hoofstukke 18, 19 en 20 is 'n samehangende reeks van gebeurtenisse wat vir Jeremia swaar belewenisse was. Hy moes dreig en verdoem, marteling verduur en oordeel aankondig. Hy het in groot spanning sy taak vervul en daarna kom die ontlading. Dit was alles teen sy eie sin wat hy gesê het, en tog het hy dit gesê. As hy hom daarop besin sê hy in 'n alleenspraak met die HERE:

HERE, U het my oorgehaal en ek het my laat oorhaal;

U was te sterk vir my en U het oorwin. Hier ontsluit Jeremia dat dit die HERE self en Hy alleen is wat die profeet laat profeteer, selfs as die profeet eintlik liever nie wil nie:

As ek sê: Ek sal aan Hom nie dink nie  
en in sy naam nie meer spreek nie,  
dan word dit. in my hart soos 'n brandende vuur,  
opgesluit in my gebeente.  
Ek het my moeg gemaak om die vuur te verdra  
maar kon nie (20:9).

Soos Jeremia hom by sy roeping onder die wil van die HERE gebuig het, so doen hy dit nou weer, en, na baie jare van bitter ondervindings, dieper as in die begin. Hy dink ook aan die roeping terug en sê dat die HERE hom *oorgehaal* het. In hierdie woord lê 'n sweem van verwyt! Die grondbetekenis van die woord wat hy gebruik is "eenvoudigheid, onervarenheid, onnoselheid". Hy bedoel dat hy nie besef het wat hy aanvaar het nie. God het dit maar so gelaat en net gesê: waar Ek jou stuur moet jy gaan. Maar wel het Hy gesê: Ek sal jou red.

So voel Jeremia homself in die greep van sy roeping, maar erken tewens dat die HERE hom gered het:

Die HERE is met my soos 'n geweldige held (20:11). Sy oorwinning met God sluit egter onvermydelik die ondergang van sy en God se teenstanders in; hulle word 'n ewige smaad wat nie vergeet sal word nie. Hy roep tot God: "Laat my u wraak sien op hulle, want aan U het ek my regspraak toevertrou" (vgl. 11:20). So klim Jeremia uit die duisternis van sy sielestryd op tot lof aan God: "Sing tot eer van die HERE, prys die HERE! Want Hy het die siel van die behoefte uit die hand van die kwaaddoeners verlos".

So lees ons in 20:13 en dan volg in vers 14 dat Jeremia sy dag vervloek! Kan die profeet so plotseling van die berghoogte van lig en vertrou terughal in die donker dal van wanhoop? Dit is tog twee heeltemal verskillende sielstoestande? Die verskil is inderdaad groot, maar tog kan die menslike gemoed na sulke skokkende gebeurtenisse soos Jeremia beleef het, vreemd en ongestadig geslinger word. Ons teksverband sou begrypliker wees as die verse 14-18 voor vers 7 sou gestaan het. Maar soos die teksverband nou is, is dit aangrypend. Plotseling slaan Jeremia se gemoedstemming weer om. Terwyl hy juig in die lig van vertrou tree die bitter werklikheid van sy lewe voor sy aandag. Hieruit blyk sy bewoënheid. Die nag in die blok het hom diep geskok. Na vertrou bestorm die wanhoop sy siel want die werklikheid duik voor sy oë op: 'n verharde volk, 'n toornige God en die onvermydelike ondergang, waarvan hy moet getuig, te midde van smaad en spot. Dan jammer hy:

Vervloek is die dag waarop ek gebore is;  
 laat die dag waarop my moeder my gebaar het,  
 nie geseënd wees nie.  
 Vervloek is die man wat aan my vader berig het:  
 Vir jou is 'n seun gebore —  
 waarom hy hom grootliks verbly het.  
 Laat die man wees soos die stede  
 wat die HERE omgekeer het  
 sonder dat dit Hom berou het;  
 laat hom in die môre angsgeroep hoor  
 en op die middag krygsgeskreeu,  
 omdat Hy my nie gedood het in die moederskoot,  
 sodat my moeder my graf geword het  
 en haar skoot vir ewig swanger gebly het nie.  
 Waarom het ek tog uit die moederskoot voortgekom  
 om moeite en kommer te sien,  
 sodat my dae in skande verdwyn?

So het Job ook sy dag vervloek, begeer dat hy nie gelewe het nie; so het ook Job, omdat hy tog gebore is, gewens dat hy terstond gesterf het by die geboorte (Job 3).

In die gedeeltes wat ons hierbo bespreek het, sien ons Jeremia in heftige gemoedsbeweging. In hoofstuk 11 kom hy uit by 'n roep om wraak; in hoofstuk 15 word sy taak hom te moeilik en beklag hy homself omdat hy leef; in hoofstuk 17 vind hy rus in sy God en roep hy die wraak van God oor sy teenstanders in, net soos in hoofstuk 11; in hoofstuk 18 ook, maar in 20 is hy spyt dat hy leef en vervloek hy sy dag.

Jeremia is 'n man van stemminge, uit die sfeer van sy landelike lewe geruk en geplaas in die storm van sy tyd. Dan slinger sy siel tussen gehoorsaamheid aan God en medelye met sy volk, tussen wanhoop oor homself en wraak oor sy teëstanders wat intussen sy eie volk is! Sy roeping is sy stryd en as hy self die stryd nie kan wen nie dan wen sy God dit vir hom: Hy was te sterk vir hom en Hy het oorwin.

Die innerlike stryd van Jeremia in verband met sy roeping behoort tot die sentrum van sy lewe. Ons het hom daarby leer ken as 'n gevoelige man met 'n sensitiewe natuur. So laat Jeremia homself ook ken in die wyse waarop hy preek en skryf, in die uitdrukkings en beelde wat hy gebruik. Daaruit blyk dat hy opmerkzaam die lewe rondom hom in die natuur, by plante en diere, en by die mense gadeslaan, dat hy meeleeft met alles wat hy sien en dat hy daarvan hou. Hy ontleen daaraan sy beeldspraak, sy tipering van die gedrag van die mense en hulle wedervaringe. Sy beelde is geneem uit die daaglikse doening van die mense waarvoor hy so baie belangstelling het en dit is juis sy smart dat dit alles sal ondergaan in die oordeelsrampe. As hy die verwoesting van Jerusalem moet aankondig dan sê hy nie hard en kort dat dit 'n puinhoop sal word nie, maar teken hy die leegte en stilte daarvan met die beeld van bruilofsvreugde — wat dan sal ontbreek!

Ek sal uit die stede van Juda en uit die strate van Jerusalem laat ophou die stem van vreugde en die stem van vrolikheid, die stem van die bruidegom en die stem van die bruid (7:34).

Jeremia gebruik hierdie beeld dikwels (16:9; 25:10), ook in heilsvoorsegging (33:11). Dit is 'n geliefkoosde beeld, ook die van die bruid. Jeremia weet hoe sy gesteld is op haar versiersel en pronkgordel. Sy sal dit nooit vergeet nie (2:32). Daarsonder voel sy nie gelukkig nie! Dis mos die liefdesgeskenke van haar bruidegom! Maar — so pas Jeremia die beeld toe — "my

volk het My vergeet", hulle kom klaar sonder hulle God, die Skenker van haar liefdesgawes. Selfs die praktyke van die ligtekooi kan Jeremia gebruik om die ontroue volk sy vernedering aan te sê. Israel het immers nie sy God lief nie, maar die vreemdes en wil hulle agterloop (2:25) — komaan! sê Jeremia:

Al trek jy skarlaken klere aan,  
al versier jy jou met goue sieraad,  
al laat jy jou oë groter lyk met swart verf —  
tevergeefs maak jy jou mooi.

Die minnaars versmaad jou (4:30, vgl. ook 30:14).

Jeremia besef ook hoe bitter dit moet wees as moederliefde verander in moedersmart. Hy self is bedroef as sy volksgenote by Rama op 'n hoop gedryf word om vandaar die ballingskap in te gaan. Dan hoor hy in digterlike verbeelding Ragel, die volksmoeder, ween oor haar kinders:

So sê die HERE:  
'n Stem word gehoor in Rama, geklaag, bitter geween;  
Ragel ween oor haar kinders.  
Sy weier om getroos te word oor haar kinders,  
omdat hulle daar nie is nie (31:15).

Die lewe beteken vir Jeremia vreugde en vrolikheid. Die heil wat kom beskryf hy so:

Jy sal jou weer versier met jou tamboeryne  
en uittrek in die koordans van die spelers (31:4, vgl.  
Job 21:12).

En as hy in 25:10 sê dat die geluid van die handmeul en die lig van die lamp sal verdwyn, teken hy in twee sprekende trekke die gang van die daaglikse huislike lewe.

Hoe moeilik en verdrietig moet dit vir die man van lewensvreugde gewees het om ondergang en verwoesting as oordele oor die sondige volk aan te kondig!

Maar, so kan u vra, is dit wel reg om al hierdie uitsprake met hulle teergevoelige beeldspraak en digterlike uitbeelding aan Jeremia toe te skryf asof hy die outeur daarvan is? Is God self nie die outeur daarvan nie? Die "Ek" wat in 7:34 spreek is tog God? Bo die Ragelklag (31:15) staan tog geskrywe: So sê die HERE! Dit is ook die geval met die aanhalings wat ons gemaak het uit 4:30 (sien vers 27) en uit 31:4 (sien vers 2 en 3).

Hoewel dit so is, moet die digterlike uitbeelding tog aan Jeremia toegeskryf word. Dit hang saam met en vloei voort uit die geaardheid van die goddelike inspirasie of teopneustie. God het sy raad en planne aan Jeremia geopenbaar; Hy het die kennis daarvan in die verstand en hart van Jeremia gelê. Jeremia dra die kennis nou in hom en is daarmee vervul. Dit gis en woel in sy binneste. Hy moet daarvan spreek, dit verkondig. Dit doen hy in sy eie woorde en met sy verbeeldingskrag. God spreek sy goddelike gedagtes uit in die taal van die mense sodat hulle dit ook kan verstaan en Hy gebruik mense daarvoor, mense wat Hy toegerus het met verskillende aanleg en taal. Die toerusting is ook ooreenkomstig hulle taak en die geaardheid van die taak. Jeremia verkondig die boodskap van God volgens sy aanleg. Tog beteken dit nie dat God, nadat Hy sy woord aan Jeremia bekend gemaak het, nou maar moet afwag hóé Jeremia dit sal verkondig nie. Nee, Hy ken die persoonlikheid van sy profeet. Hyself het hom gevorm en geheilig en geroep (1:5).

Die HERE gebruik vir die aankondiging van die oordele oor Juda — want dit is tog eintlik maar Jeremia se taak — juis die teergevoelige Jeremia. Daardeer word deur elkeen wat dit lees die ondergang van Juda des te tragieser ervaar: dit was alles so mooi en kon so mooi

gebly het by die volk van die HERE — des te droewiger is die ondergang. Jeremia het dit geskilder met sy palet en na die wil van die HERE; nie hard en wreed nie, maar teer, want dit het die HERE self ook ter harte gegaan.

Uit Jeremia se prediking kan ons sien hoe lief hy was vir die menslike arbeid soos die wynbouer wat edel wingerdstokke en egte saad plant (2:21), die lote sny (6:9) en die wyn stil laat lê op sy afsaksel, dit nie leeg maak van vat in vat nie, sodat die smaak daarin bly en die geur nie verander nie (48:11). Of soos van die voëlvanger wat buk en 'n val gestel het. Jeremia het dit wel gesien en waarskynlik minder mooi gevind want hy vergelyk daarmee die goddelose mense wat met bedrog groot en ryk word (5:26). Jeremia was baie lief vir voëls. As hy die verwoesting en vereensaming van die deur oorlog verwoeste land beskryf, sê hy: al die voëls van die hemel het weggevlieg, gevlug (4:25; 9:10; 12:4)

As natuurliefhebber praat Jeremia graag oor die diere. Hy teken die idille van die herders wat troppe kleinvee laat lê en rus in die weiveld en sy skape tel (33:12, 13). Hy weet egter ook van die mak lam wat hulle lei om te slag (11:19). Die vyande wat die oordeel aan sy volk voltrek, noem hy vissers en jagters: daar sal geen ontkoming wees nie (16:16).

Die weelderige land van Egipte vergelyk hy met 'n pragtige vers; die huurtroepe het daar lekker gelewe en lyk soos kalwers wat vetgemaak is in die stal. Maar uit die noorde kom die vyand, Babel, soos 'n steekvlieg wat die vers siek maak; dan vlug ook die huurtroepe (46:20, 21).

Die vyande wat sy volk verwoes, is soos wilde diere: 'n leeu wat opkom uit sy bos, brul; 'n jong leeu wat sy lêplek verlaat; 'n leeu uit die bos maak hulle dood, 'n wolf van die wildernisse verniel hulle, 'n luiperd loer by hulle stede — almal wat daaruit gaan, word verskeur (2:15; 4:7; 5:6; 25:38).

Jeremia het gesien hoe die duif sy nes oorkant die opening van die afgrond maak (48:28); hy weet van die voël — 'n veldhoender? — wat vreemde eiers uitbroei, eiers wat hy nie self gelê het nie en neem dit as voorbeeld van oneerlik verworwe rykdom (17:11. Jeremia druk dit uit in die vorm van 'n spreuk).

Jeremia ken die gedrag van die trekvoëls, die groot sprinkaanvoël (ooievaar), wat sy bepaalde tye ken; die tortelduif en die swaweltjie en die kraanvoël wat die tyd van hulle (terug) koms in ag neem (8:7). Jeremia het gesien hoe 'n arend opstyg en vlieg en sy vlerke uitsprei (49:22).

Aan die bronstigheid van die diere ontleen hy beelde om op plastiese wyse die oorspelige gedrag van die volk te beskryf (2:23, 24; 5:8), Hy het gesien hoe die diere maak in tye van droogte:

Die wildsbok in die veld lam en gooi haar lam weg  
omdat daar geen jong gras is nie.  
Wilde esels staan op die kaal heuwels,  
hulle snuif die wind op soos jakkalse,  
hulle oë versmag, omdat daar geen gras is nie.

Hy weet van die luiperd se vlekke (13:23). Die perd is in die ou tye net in die oorlog gebruik en so ken Jeremia hierdie dier ook: die oorlogsperd wat wegspring in sy loop en storm in die geveg (8:6). Hy ken die geluid van 'n slang wat wegseil (46:22) en weet van slangebewing (8:17).

Ook die geaardheid van sy land en die plantewêreld rondom hom het hom beïndruk: die skoonheid van die top van die Libanon (22:6), van Tabor onder die berge en van Karmel by die see (46:18) is vir hom beelde van die voortreflikheid en grootheid van mense en volke

(22:23). In sy spreuke (17:6-8) vergelyk hy die goddelose met 'n kaal bos in die wildernis, maar die man wat op die HERE vertrou

sal wees soos 'n boom wat by die water geplant is  
en sy wortels uitskiet by die stroom  
wat nie vrees as daar hitte kom nie,  
maar sy blad bly groen;  
in 'n jaar van droogte is hy nie besorg nie  
en hou nie op om vrugte te dra nie (17:8).

Jeremia was, soos blyk uit hierdie opsomming, 'n man wat met oop oë deur sy wêreld gegaan het en hom daarvan nie hooghartig of selfsugtig los gemaak het nie, maar hom daarmee verbonde gevoel het. Hy was 'n man met 'n warm voelende hart; uit sy woorde straal 'n warm menslikheid. Sy beeldspraak is aangrypend omdat dit so natuurlik is. Dat hy so dikwels uiting gee aan smart en leed is 'n gevolg van die omstandighede waarin hy moes leef en werk. Wat homself betref, wou hy dinge so graag anders hê. Daarom is hy blymoediger as hy heil kan verkondig. Vrede en vreugde het hy lief, maar sy volk verbeur dit deur hulle sondes. Dit is dan ook onjuis om Jeremia van eentonigheid te beskuldig. Sy beelde is fris en telkens nuut. In ons spraakgebruik het die woorde "jeremieer" en "jeremiades" 'n bytoon van afkeuring, maar daarmee doen ons hierdie groot digter en gevoelsmens tog onreg aan. Sy smart — so het ons hierbo opgemerk — is ten slotte God se smart oor sy afvallige volk. En dis beter dat ons die smart vandag ook ken as om hardvogtig en selfsugtig te probeer om van die versondigde lewe nog so veel moontlik vrugte vir eie genot en gemak te pluk.

## IV. DIE BOEK VAN JEREMIA

Die Ou-Testamentiese Bybelboek wat na die profeet Jeremia vernoem is, is nie alleen omvangryk nie, maar bevat ook 'n groot verskeidenheid van inhoud en literatuursoorte. Ons noem in die eerste plek die historiese gedeeltes. Hiertoe behoort die laaste hoofstuk, hoofstuk 52, wat, byna heeltemal ooreenkom met die slot van die boeke van die Konings, 2 Kon. 24:18 tot 25:30 en wat, nadat hoofstuk 51 geëindig het met die woorde: "Tot sover die woorde van Jeremia", blykbaar aan die boek Jeremia toegevoeg is. Maar daar is meer historiese gedeeltes. Daaraan het ons aandag geskenk, veral aan gedateerde gedeeltes, om daaruit 'n lewensgeskiedenis van die profeet Jeremia te probeer saamstel. Hulle staan in die laaste helfte van die boek, in die hoofstukke 25-28 en 34-44.

Naas die historiese gedeeltes noem ons die redevoerings van Jeremia. Na die beskrywing van sy roeping (hfst. 1) volg terstond so 'n redevoering, ingelei met die woorde: "En die woord van die HERE het tot my gekom en gesê". Blykens vers 2 (Gaan en roep uit voor die ore van Jerusalem) is hierdie redevoering in Jerusalem uitgespreek. 'n Ander redevoering word gedateer in die dae van koning Josia (3:6-6:30) en is moontlik 'n samevatting van verskillende uitsprake van die profeet. In 7:1 begin die rede by die tempelpoort. Ook in 10:1 en 11:1 word afsonderlike redevoerings aangekondig. In hierdie en ander redevoerings, deur die hele boek versprei, spreek Jeremia in opdrag van die HERE. Hy hou die volk van Juda sy sondes voor oë, hy dreig met straf en oordeel, maar roep ook op tot bekering en verbind daaraan beloftes van heil. Die redevoerings is profeties van aard, d.w.s. hulle plaas die omstandighede en gebeurtenisse in die lig van die raad van God. Die goddelike beligting spits hom toe in voorsegginge. Dan word die redevoerings profesieë in enger sin soos die profesieë teen die koninklike huis van Juda (hfst. 22) en teen verskillende volke (hfst. 46-51).

Verder vind ons in hierdie Bybelboek briewe, waarvan Jeremia gebruik maak om die ballinge wat reeds in Babel is te bereik (hfst. 29) en waarvan sy teenstanders gebruik maak om Jeremia te weerstaan (29:25). (Elia het ook van hierdie middel gebruik gemaak, 2 Kron. 21:12).

Dikwels tref ons in die boek Jeremia sinnebeeldige handelinge aan. In hoofstuk 13 lees ons dat die profeet 'n linnegord in 'n klipskeur by die Eufraat moet wegsteek. (Met Eufraat word hier wel nie die bekende rivier in Babilonië bedoel nie maar die spruitjie Fara naby Anatot). Die gord bederf daar natuurlik en word waardeloos. "So sal Ek — spreek die HERE — die hoogmoed van Juda en Jerusalem laat bederwe". In hoofstuk 16 lees ons dat Jeremia geen vrou mag neem nie en geen kinders mag hê nie. Want so sê die HERE: "die kinders wat hier gebore word, sal sterwe". In hoofstuk 19 lees ons dat Jeremia saam met die oudstes uit die volk en die oudstes uit die priesters 'n pottbakkerskruik moet gaan koop en daarmee na die dal van die seun van Hinnom gaan. Dan moet hy die kruik voor die oë van die manne wat saam met hom gegaan het, breek en vir hulle sê: "So spreek die HERE van die leërskaar: Net so sal Ek hierdie volk en hierdie stad verbreek". In hoofstuk 27 lees ons dat Jeremia stroppe en jukke moet maak en dit op sy nek sit om daarmee voor te stel hoe die juk van die koning van Babel op Sedekia en sy medesamesweerders sal druk. Hierdie sinnebeeldige handelinge gaan met redevoeringe van Jeremia gepaard.

Naas die sinnebeeldige handelinge vind ons in hierdie boek ook talryke voorbeelde van beeldspraak. Die volk is deur God geplant as 'n edel wingerdstok, as heeltemal egte saad. Maar, sê die HERE, "hoe is jy vir My verander in wilde lote van 'n vreemde wingerdstok" (2:21). Die afval van die volk is 'n groot teleurstelling vir sy God en die volk self mis sy bestemming. Die volk in sy afvalligheid is ewe troueloos teen sy God as wanneer 'n vrou troueloos skei van haar minnaar (3:20). Hierdie beeld sny na twee kante want eerstens is die

afval van God soos wanneer 'n vrou wegloop van haar man en dus hoerery in godsdienstige opsig, maar tweedens is die diens van die Baäls vol onsedelikheid, wat bedryf word in diens van die vrugbaarheidsgode. Hoerery in letterlike en figuurlike sin val dus saam. Daardeur is die hoerery so veelvuldig en algemeen dat die HERE kan vra: "Waar is jy nie onteer nie?" Orals langs die paaie het hulle gesit en soos 'n Arabier, 'n roofsugtige Bedoeïen, wat loer op reisigers, het hulle gewag om ontug te pleeg. Pynlik treffend is die vergelyking met diere in hulle bronstyd, met die vinnige jong kameelkoei wat rond hardloop, met die wilde-eselin, gewoon aan die woestyn, wat in haar heftige begeerte die wind opsnuive, in onkeerbare hittigheid. Venynig spottend in sy verontwaardiging roep die profeet haar toe: "pas op, loop jou voete nie seer nie; pas op, laat jou keel nie van dors verbrand nie". Maar uit haar antwoord blyk haar hardnekkigheid: "jy praat vergeefs, want ek het vreemdes lief en sal agter hulle aanloop" (2:23-25). Of ook die vergelyking met die manlike dier: die vetgevoerde hings — hulle runnik elkeen na die vrou van sy naaste (5:8).

Juda se sonde is so ergerlik dat die HERE uitroep: "Verbaas julle hieroor, o hemele, en huiwer, verstyf heeltemal van skrik". Hier het ons te doen met 'n personifikasie (2:12), net soos in 4:28 en 6:19.

Met beangstigende beelde teken Jeremia die nadering van die koning van Babel (4:5-9).

'n Leeu het opgekom uit sy bos, 'n verderwer van nasies het uitgegaan uit sy plek om jou land te verwoes.

Kyk, soos wolke kom hy op,  
soos 'n stormwind is sy strydwaens.

Is die beskrywing van die leër van Nebukadnesar nie aangrypend nie?:

Kyk, daar kom 'n volk uit die Noordland  
en 'n groot nasie uit die agterhoeke van die aarde.  
Boog en lans hanteer hulle  
Hulle is wreed en sonder barmhartigheid  
Hulle stem bruis soos die see  
Hulle ry op perde, gewapend soos 'n man vir die oorlog —

En dan volg die vreeslike slotsin: "teen jou, o dogter van Sion!"

Van 'n heeltemal ander aard as bogenoemde is die stukke waarin die profeet uiting gee aan sy eie gevoelens. Hy is diep bedroef oor die voortgang van die volkslewe in sonde, wat tot ondergang lei:

Ag, kon ek my maar opvrolik in kommer!  
My hart is krank in my.  
Daar is die hulpgeroep van die dogter van my volk  
uit 'n baie ver land:  
Is die HERE nie in Sion nie?  
Of is sy koning nie daarin nie? (8:18).

Jeremia weet die antwoord op hierdie vrae, hy hoor die HERE sê:

Waarom het hulle my geterg met hulle gesnede beelde,  
met vreemde nietige afgode?

Maar die profeet sien nou net die ellende wat daaruit voortgekom het en gaan voort met sy klag:

Die oes is verby,

die somer is ten einde,  
en ons is nie verlos nie!

Vanweë die verbreking van die dogter van my volk  
is *ek* gebreek,  
is ek in die rou;  
verbaasdheid (ontsetting) het my aangegryp.  
Is daar geen balsem in Gilead nie?  
Of is daar geen geneesheer nie?  
Want waarom is die wond van die dogter van my volk  
nie genees nie?

In sy leed kry hy dit moeilik met sy God en wil hy oor regsake met hom spreek (12:1). Ook met sy roeping kry hy dit moeilik en in vertwyfeling vervloek hy soos Job sy dag (20:7-18). Soms bid Jeremia vir sy volk, maar die HERE wys dit af (7:16; 11:14; 14:11). Op 'n ander keer word hy toornig en roep hy oor die volk wat nie wil luister nie „'n dubbele verbreking" in (17:18; sien ook 18:23).

Nie alleen wat betref sy inhoud nie, maar ook wat sy vorm betref vertoon die boek van Jeremia verskeidenheid. Die historiese stukke is in prosa geskryf. Die redevoerings is poëties, digterlik. Dit beteken nie dat hulle in die volle sin van die woord gedigte is nie. Trouens — aan watter wette die Hebreeuse poësie gebind is, kan nie met sekerheid vasgestel word nie. Die versmaat skyn nie altyd gelyk te wees nie; strofobou is afwisselend. Alleen van die *klaaglied*, (Hebr. die "Kina") kan gesê word dat dit steeds dieselfde vorm en bou het (soos by ons die sonnet; rym kom egter nie voor nie, tensy toevallig), maar ook hier is meer sprake van 'n vaste grond struktuur as van 'n star skema. 'n Duideliker vorm van die Hebreeuse poësie is die parallellie van die sinsdele. Hierdeur kan gelykluidende gedagtes uitgedruk word:

Hieroor sal die aarde treur en  
die hemel daarbo rou dra (4:28)

maar ook teenoorgestelde gedagtes:

doen geen versoening oor hulle ongeregtigheid en delg  
hulle sonde nie uit voor hulle aangesig nie, ja,  
laat hulle tot 'n val kom voor u aangesig, tree teen hulle  
op in die tyd van u toorn (18:23).

Hierdie ewewydigheid van vorm en gedagtes tref ons in die redevoerings van Jeremia en veral in sy persoonlike ontboesemings veelvuldig aan.

In sy redevoerings en persoonlike ontboesemings gee Jeremia uiting aan sy gevoelens en stemminge en dit gee aan sy woorde 'n tere en sagte klank; hulle is altyd eenvoudig en waar, onopgesmuk en diepdeurvoel. Hy is die digter van die hart! Dikwels bereik hy die verfynde versvorm van die "kina" soos bv. die klaaglied van "die Dood as Dief" (9:21, 22).

Die dood het in ons vensters opgeklim,  
in ons paleise ingekom  
om die kinders van die straat af uit te roei,  
die jongmanne van die pleine af.  
Die lyke van die mense sal neerval  
soos mis op die oop veld  
soos gerwe agter die maaier  
sonder dat iemand dit versamel.



'n Mens kan die vraag stel of Jeremia sy redevoerings in so 'n digterlike vorm gehou het. Met beslistheid kan hierop nie geantwoord word nie, maar ons kan ons tog 'n voorstelling van sy manier van doen vorm. Uit die persoonlik gekleurde stukke, waarin hy aan sy gevoelslewe uiting gee, blyk dat hy 'n groot digter was en ook dat hy 'n man was wat sy gevoelens en gedagtes graag op skrif gestel het. Hy het sy redevoerings gehou soos die gees van die HERE hom gedryf het in die fyne taal wat hom eie was en daarna oor wat hy moes verkondig, gemediteer en dit in goed versorgde bewoording op skrif gestel. Hy was 'n taalkunstenaar en het hierdie gawe gebruik in die diens van sy Sender.

Hiermee kom ons by die laaste punt wat ons in hierdie hoofstuk oor die boek van Jeremia wil behandel: die vraag hoe die boek van Jeremia tot stand gekom het.

Hiervan kan maar min met sekerheid gesê word. Ons merk die volgende verskynsels op:

Die opskrif (1:1-3) wat gewag maak van woorde van Jeremia, wat tot hom gekom het totdat Jerusalem ontvolk is, dek nie die inhoud van die boek nie. Dit gaan verder as tot die val van Jerusalem, nie alleen die aangelaste hoofstuk 52, wat nog melding maak van die verheffing van Jojagin in die sewe-en-dertigste jaar van die ballingskap nie, maar ook die boek self, wat nog melding maak van woorde van die HERE wat tot Jeremia (40:1) gekom het na die val van Jerusalem, van die geskiedenis van Gedalja en van die vlug na Egipte vertel (hfst. 40-45). Hierdie stukke is dus 'n toevoegsel by die oorspronklike opset van die boek.

Die volgorde is nie chronologies nie; met hoofstuk 21 is ons in die dae van koning Sedekia, met hoofstuk 25 in die dae van Jojakim, wat voor Sedekia geregeer het; met 27, 28 en 32 is ons in die regering van Sedekia, met 35 en 36 weer in die van Jojakim.

Vervolgens is daar "*ek-stukke*", stukke waarin die profeet self spreek of oor homself vertel en waar die voornaamwoord *ek* dus gebruik word, veral in die begin van die boek, hoofstuk 1-17; vgl. ook verder: 20:7; 21:11; 25:17 e.a. en "*hy-stukke*", stukke waarin iemand anders oor Jeremia vertel en waar die voornaamwoord *hy* gebruik word, hoofstuk 35-45.

Dat Jeremia self groot aandeel in die teboekstelling van sy woorde gehad het, lê voor die hand. Aan wie kon hy dit toevertrou om sy persoonlike ontboeseminge op te skryf?! Maar nie alleen uit eie aandrang nie, maar ook op bevel van die HERE het hy sy woorde te boek gestel. Twee keer het hy so 'n bevel van God gekry, in 30:2 en in 36:2. Die eerste bevel het gelei tot die geskrif wat bestaan in die heilvolle hoofstukke 30 en 31. Hulle is nie gedateer nie. Die tweede bevel val in die vierde jaar van Jojakim, dit is die beslissende jaar van die slag by Karkemis, en van die troonsbestyging van Nebukadnesar. Die toestand word nou kritiek. Daarom is dit nodig dat al die woorde wat die HERE met Jeremia gespreek het oor Israel en Juda en oor al die nasies opgeskryf word sodat hulle voortdurend onder die aandag van volk en koning kan kom. Barug het toe uit die mond van Jeremia al die woorde van Jeremia tot op daardie dag opgeskryf. (Blykens hoofstuk 45 het hierdie werk hom sterk aangegryp). As Jojakim 'n jaar later die rol verbrand maak Barug 'n nuwe een, uitgebreider as die eerste (36:32).

Met die oog op hierdie skrywerswerkzaamheid van Barug kan aangeneem word, dat hy ook die skrywer is van die historiese gedeeltes en van die "*hy-stukke*".

Daar is dus verskillende stukke van die teenswoordige boek Jeremia waarvan ons kan aanneem dat hulle gereed gelê het om daarin opgeneem te word:

- a. die (uitgebreide) boekrol van 36:32;
- b. die historiese gedeeltes;
- c. die "*hy-stukke*";
- d. Jeremia se persoonlike ontboeseminge en

- e. ander "ek-stukke";
- f. die boekrol van hoofstuk 30 en 31;
- g. die groepe profesieë (hoofstuk 22 en hoofstuk 46-51).

By b-e moet rekening gehou word met die moontlikheid dat van die daar genoemde gedeeltes reeds iets in die onder a genoemde rol opgeneem was. Wat presies tot die boekrol behoort het kan nie met sekerheid vasgestel word, maar ons moet bedink dat by die opstelling daarvan ongeveer die helfte van die ampstyd van Jeremia nog voorlê.

Aangaande die samevoeging van hierdie stukke moet erken word dat dit nie besonder sistematies gedoen is nie. Ons het reeds gewys op nie-chronologiese volgorde. Wel is daar eniger mate chronologiese volgorde in die groot lyne, want redevoerings uit die dae van koning Josia staan eers (3:6), daarna die uit die regerings van latere konings. Dit skyn asof chronologiese volgorde deur 'n ander sisteem van indeling deurbreek word. Verder wys ons op die inhoud van hoofstuk 30 en 31 wat heeltemal andersoortig is as die van die voorafgaande en volgende hoofstukke. Ook is daar herhalings; hoofstuk 6:12-15 vind ons weer in 8:10-12; hoofstuk 7:1-15 en 26:1-6 handel altwee oor die "tempelredevoering"; 15:13 = 17:3. Verder is daar 'n paar gevalle dat 'n "ek-stuk" oorgaan in 'n "hy-stuk". In die gedeelte 27:2 tot 28:17 vind ons die oorgang in 28:5 en 35:1-19 maak die oorgang in vers 12. Die samevoeging van die verskillende dele skyn nie die werk van een hand te wees nie. Ongetwyfeld het Barug in die samevoeging wel die hand gehad, maar het later ook ander manne daaraan gewerk. Die boek van Jeremia soos ons dit nou ken, kon langsamerhand gegroei het. Van hierdie ontstaanproses kan die toevoeging van hoofstuk 52 die laaste verskynsel wees.

## V. DIE GODSOPENBARING VAN JEREMIA

Die Heilige Skrif bevat die openbaring van God. Hy wat 'n ontoeganklike Lig bewoon (1 Tim. 6:16), kom die mense tegemoet en maak Homself aan hulle bekend. So kan ons praat van die *onbegryplikheid* van God en tegelykertyd van sy *kenbaarheid*. Sy openbaring is dus in die eerste plek selfopenbaring. Hy sê Wie en wat Hy is — nie ten volle nie, maar vir sover Hy hom wil openbaar, vir sover Hy dit vir ons nodig ag. So gesien beteken die woord godsopenbaring God se selfopenbaring. Maar God openbaar ook sy raad, sy werke; Hy sê ook wie en wat die mens is. Sy openbaring gaan oor hemel en aarde, oor die hele skepping, sy afkoms, geskiedenis en bestemming. So gesien beteken die woord godsopenbaring die openbaring wat deur God met betrekking tot skepping en geskiedenis gegee is.

As ons spreek van "die godsopenbaring van Jeremia" het die woord godsopenbaring al twee die betekenisse, nl. wat God oor Homself en oor alle dinge, deur Jeremia, aan ons meedeel.

Die godsopenbaring het nie in een oorstelpende vloedgolf van goddelike lig oor die onwetende en verduisterde mense gekom nie, maar geleidelik, van tyd tot tyd en in aanpassing met die menslike omstandighede; dit het ook nie gekom deur een godsboede nie, maar deur verskillende mense wat in verskillende tye van die volkslewe opgetree het om te verkondig wat in hulle tyd nodig was om verkondig te word. So kan ons spreek van die godsopenbaring deur Moses, deur Amos, deur Paulus; dus van verskeie godsopenbarings, Ou-Testamentiese, Nieu-Testamentiese; van historiese openbaring: sy leiding in die geskiedenis; van liriese openbaring: in die psalms in uitsprake van vromes in wie se hart God hom geopenbaar het; profetiese openbaring: deur die mond van die profete; visionêre en apokaliptiese openbaring.

Ons bepaal ons nou tot die Ou Testament en besonderlik tot die godsopenbaring van Jeremia, dit wil sê die openbaring wat God oor Homself en oor die wêreld gegee het deur middel van sy profeet Jeremia en in verband met die omstandighede van sy tyd.

Die godsopenbarings staan nie elkeen afsonderlik op homself nie en kan nie van mekaar geskei word in afsonderlike afskortings nie, maar is onderling verbind tot een geheel; hulle gryp in mekaar in, vul mekaar aan en bou mekaar uit, soos 'n paleis met baie sale. En die hoogste openbaarder is die Seun deur wie God ten slotte gespreek het (Hebr. 1:1). Hierdie samehang neem egter nie weg dat elkeen van die godsopenbarings iets eie aan homself het nie, nie alleen wat die vorm, maar ook wat die inhoud betref. Terwyl sommige openbaringsinhoudes telkens terugkeer en verskillende openbaringsmediums dieselfde saak verkondig, is daar ook openbaringsgedagtes wat deur 'n bepaalde profeet of digter op die voorgrond gestel word. Dit is duidelik dat die boek Josua iets anders predik as wat die boek Job predik.

Dit gee ons die reg om te praat van "die Godsopenbaring van Jeremia" en onder hierdie opskrif wil ons nagaan wat die "eiendomlikheid" van hierdie profeet en sy profetiese boek is, veral in verband met die tyd van sy optrede en die gebeurtenisse en toestande van daardie tyd.

Dit wil nie sê dat die betekenis daarvan ook tot die tyd beperk is nie. Jeremia spreek ook tot ons, vandag.

### 1. Die selfopenbaring van God

Onmiddellik by die roeping van Jeremia openbaar God homself as die maghebber oor nasies en koninkryke. Hy ruk hulle uit en gooi hulle om, Hy vernietig en verwoes, maar Hy bou en plant ook (1:10). Hy doen dit nie in onberekenbare willekeur nie, maar in ooreenstemming met die gedrag van die volke: "In een oomblik sal Ek spreek oor 'n nasie en oor 'n koninkryk

om dit uit te ruk en om te gooi en te vernietig; maar as die nasie waaroor Ek gespreek het, hulle bekeer van hul boosheid, sal Ek berou hê oor die onheil wat Ek van plan was om hulle aan te doen. En in 'n ander oomblik sal Ek spreek oor 'n nasie en oor 'n koninkryk om dit te bou en te plant; maar as hulle doen wat verkeerd is in my oë deur na my stem nie te luister nie, dan sal Ek berou hê oor die goeie waarmee Ek gesê het dat Ek aan hulle goed sal doen" (18:7-10). Hy is koning van die nasies (10:7); Hy is waarlik God, Hy is die lewende God en 'n ewige Koning; vir sy toorn beef die aarde en die nasies kan sy grimmigheid nie verdra nie (10:10), Hy is die Skepper wat die aarde gemaak het deur sy krag, wat die wêreld gegrond het deur sy wysheid en die hemel uitgespan het deur sy verstand (10:12; 32:17; 51:15). Sy volk moet bevrees wees en bewes vir Hom wat die sand gestel het as grens vir die see, 'n ewige beperking waaroor hy nie sal gaan nie. Al rol sy golwe, hulle is onmagtig; al bruis hulle, hulle sal daarvoor nie gaan nie (5:22; 31:35; vgl. Job 38:7-11). Hy is die "Onvergelyklike" (10:6); Hy is die Alwetende (11:20; 17:10; 20:12); Hy is die Goedertierene en Regverdige (9:24; 12:1) en die Alomteenwoordige. Hoewel dit nie net Jeremia is wat hierdie eienskappe van God vermeld nie, word sy alomteenwoordigheid hier tog beskryf in 'n spesifiek jeremiaanse uitdrukking: "Is Ek 'n God van naby en nie 'n God van ver nie?" (23:23).

By die roeping van Jeremia sê God verder dat Hy "wakker" is oor sy woord om dit te volbring. Hy het reeds eeue lank sy volk gewaarsku, gestraf en weer verlos — die dinge word nou dringend! Hy toon dit aan Jeremia met 'n amandeltak. As alle bome en struie nog dooierig lyk in die greep van die winterkoue, blom die amandelboom reeds. Daarom heet hy in Hebreeus, letterlik vertaal, die "wakkerboom". Die HERE sê ook hoe Hy sy woord sal volbring: deur die kokende pot "wat van die noorde af kyk", dit wil sê wat ons vanuit die noorde aankyk. Die kokende pot is Babel wat tot nuwe magsontploffing sal herrys en met bruisende oorlogsgeraas die wêreld sal verower; dit is Nebukadnesar, die vyand wat uit die noorde kom en deur God as strafroede gebruik word. *Voor* Jeremia se tyd was dit Assirië (Jes. 10:5), *in* Jeremia se tyd is dit Babel. Deur die hele boek Jeremia is Babel die middelpunt sowel van die oordeelsprofesië as van die gebeurtenisse wat plaasvind, tot Babel sy diens gedoen het en die oordeel ook oor homself kom (25:12; hoofstuk 50 en 51). Die koms van Nebukadnesar op die wêreldtoneel is dan ook meer as somer die verskyning van een of ander koning wat verowering maak, maar dit is die instrument in die hand van die HERE, die Koning van die nasies, om 'n groot strafgerig oor baie volke te bewerkstellig (27:5-8).

In die beskrywing van daardie strafgerig trek die profeet Jeremia die grense al wyer. Nie net teen die reeds genoemde volke roep die HERE die swaard op nie, maar teen al die inwoners van die aarde (25:29, 30). Hy hou gerig oor *alle vlees* (dit is oor alles wat leef), 25:31. Die profetiese blik sien daarby steeds verder in die toekoms en oorskry die horison van sy eie tydsgewrig. Dit is ooreenkomstig die aard van die profesie dat deur sy oordeelsaankondiging eskatalogiese trekke, trekke van die eindgerig, heenvloei.

Sewentig jaar lank sal Babel die diens van tugroede in die hand van God verrig (25:11).

Gewoonlik word die getal sewentig verbind aan die duur van die ballingskap, maar so lank het die ballingskap van Juda nie geduur nie. Dit was van 586 tot 538 of, op sy uiterste geneem, vanaf die wegvoering van Jojagin in 598 of 597. Sewentig jaar is die tyd, die duur, van die Nieu-Babiloniese ryk (25:11; 29:10). Dit was die erfgenaam van die Assiriese ryk en het geduur van 612-539. Die grootste deel van hierdie tyd is geneem deur die regering van Nebukadnesar (605-562), wat in die vervulling van sy diens deur God "my dienaar" genoem word (25:9). Dan kom die verlossing deur Kores (Cyrus) die Pers, wat in hierdie verband selfs sy gesalfde genoem word (Jes. 44:28; 45:1). Omdat Nebukadnesar God se dienaar was, is dit dan ook vrugteloos, ja meer nog, opstandig teen God, die Koning van die nasies, om teen hom in verset te kom. Die Nieu-Chaldese ryk het alle volke onderwerp as 'n strafgerig

oor hulle goddeloosheid. Jeremia moes dit vir hulle sê (1:10) en — so lui dit in die vorm van die allegorie van hoofstuk 25:15 ens. — al die volke na wie die HERE hom stuur, laat drink uit die beker van die wyn van grimmigheid van die HERE, Egipte, die land Us, die Filistyne, Edom, Moab en Ammon, Titus, Sidon, Dedan, Tema, Bus, die konings van Arabië ens. En as hulle weier om die beker uit die hand van Jeremia te neem? Daar is geen sprake van nie! Die HERE van die leërske sê: "Drink sál julle!" God regeer en Hy doen sy wil. Die HERE het 'n slagoffer in die Noordland, by die Eufraatrivier, 'n dag van wraak. En in die stad waaroor my Naam uitgeroep is, dit wil sê die stad wat my eiendom is, Jerusalem, begin Hy met sy onheile (25:29). Die oordeel begin immers by die huis van God (1 Petrus 4:17; vgl. Esegïel 9:7)!

Omdat dit so vas die wil van die HERE is mag die volke nie teen Babel in verset kom nie, Juda nie, maar die ander volke ook nie: Edom, Moab, Ammon, Tirus en Sidon. Hulle het gesante na Sedekia gestuur (27:3) om oor 'n gesamentlike opstand te beraadslaag. Maar Jeremia moet jukke en stroppe maak en die gesante moet dit aan hulle konings gee as 'n sinnebeeld van hulle onderwerping aan die juk van die koning van Babel. Met besondere nadruk maak die HERE hiermee sy planne bekend: Hy sê dat Hy die aarde, die mens en die diere gemaak het deur sy grote krag en dat Hy dit gee aan wie Hy wil, "En nou het Ek al hierdie lande gegee in die hand van Nebukadnesar" (27:6) — ja selfs die wilde diere van die veld het Hy aan hom gegee om hom te dien, hom en sy seun en sy seun se seun. En die nasie wat hom verset teen die diens van Nebukadnesar — oor die nasie sal Hy ander strawwe stuur: die swaard en die hongersnood en die pes. Maar die nasie wat sy nek sal buig onder die juk van die koning van Babel, die sal God in sy land laat bly en hulle sal dit bewerk en daarin woon (27:11).

Die straf oor Juda sal swaarder wees. Hulle sal weggevoer word. Tog sal daar ook by Juda verskil wees tussen hulle wat hulle gehoorsaam onderwerp en hulle wat hulle verset. Meer as een keer het Jeremia aan Sedekia die raad gegee om oor te loop na die Chaldeërs (21:9). Dan sal die stad nie met vuur verbrand word nie en sal die koning lewe, hy en sy huis (38:1, 17). Ook die twee mandjies met vye — sien hoofstuk 24 — moet dit uitbeeld. Oorgawe is onderwerping aan die straffende hand van God, verset staan gelyk met verharding in die sonde wat die toorn van God opgewek het.

In hierdie verband moet ons opmerk hoe moeilik die posisie van die profeet Jeremia as volkslid was. Ongetwyfeld het die manne van Jerusalem wat nie wou oorgee nie, hulle self as die goeie patriotte beskou en Jeremia wat tot oorgawe en oorloop na die vyand aanraai, as 'n verraaier. Uit politieke oogpunt gesien was dit ook so. Jeremia was egter nie 'n politieke raadgewer nie. Die volksprofete, die valse profete, was dit wél. Jeremia is 'n religieuse raadgewer. In sy tyd was dit Jesaja wat ook nie tussen Egipte en Assirië gekies het nie, maar gesê het: In terugkeer (= bekering) en rus lê julle heil, in stilwees en vertrou bestaan julle krag (Jes. 30:15). Jeremia heul nie met die vyand nie, maar maak die wil van die HERE bekend. Die patriotte van Jerusalem beskou hom egter as eensgesind met die vyand. Dit was hy nie! Maar as Jeremia gedurende die tydelike onderbreking van die beleg uit Jerusalem na sy geboorteplek wil gaan, het die wagte by die poort hom gevange geneem met die woorde: "Jy wil na die Chaldeërs oorloop!" Jeremia ontken dit heftig met die woorde: "Leuens, Ek wil nie oorloop nie". Dit baat nie. Jeremia kom in die gevangenis (37:11-15). Die politiek van Juda en Jerusalem kon en wou die boodskap van die Koning van die nasies nie aanvaar of verstaan nie! Van hierdie misverstand het die gesant van die HERE die slagoffer geword.

## **2. God en Israel**

In sy openbaring aan Jeremia het die HERE ook gespreek oor die mense, veral oor die volk Israel, wat sy volk is; die ander mense is heidene; hulle is afgodsdienaars. Israel moet anders

leef as hulle. Die HERE sê vir sy volk: "Maak julle nie gewend aan die weg (dit is die leefwyse, godsdiens) van die heidene nie" (10:2).

In 'n vlymende satire stel Jeremia die onsinnigheid van die heidense afgodery aan die kaak. In dieselfde trant as Jesaja (hoofstuk 44), maar op 'n nuwe originele manier spot hy met die afkoms van die afgodsbeelde: hulle is werk van mensehande. Hierby vereenselwig hy die beelde met die gode, wat teoreties nie reg is nie, maar prakties heeltemal geregverdig.

'n Boom uit die bos kap hulle om.  
Hulle versier dit met silwer en goud,  
hulle maak dit vas met spykers en hamers,  
dat dit nie waggel nie.  
Soos 'n voëlverskrikker in 'n komkommertuin is hulle:  
hulle kan nie praat nie; ja,  
hulle moet gedra word,  
want hulle kan nie loop nie.  
Hulle kan geen kwaad doen nie,  
maar daar is ook geen goeddoen by hulle nie.  
Silwer wat platgeslaan is, word uit Tarsis gebring  
en goud uit Ufas,  
die werk van die ambagsman  
en van die hande van die goudsmid;  
Pers en purperrooi is hulle klere;  
'n Werk van kunstenaars is hulle almal.

"Geeneen is soos U nie, o HERE!" roep Jeremia uit en aan die einde van sy beskouing sê hy:

Jakob se deel is nie soos hulle nie;  
want Hy is die Formeerder van alles,  
en Israel is die stad van sy erfenis;  
HERE Sebaoot is sy naam (10:16).

In hierdie slotvers kom Jeremia by Israel uit, by die verhouding tussen God en Israel. Dit is duidelik dat hy met "Jakob se deel" die HERE bedoel. (Vgl. Ps. 142:6; ook 119:57). Met hierdie naam word gesê dat Jakob (dit is die volk van Jakob, Israel) die HERE besit. Maar omgekeerd is Israel ook die stam van sy erfenis. Dit sê Jeremia in dieselfde vers. Jakob besit die HERE en die HERE besit Jakob. Hulle besit mekaar. Dit is 'n wederkerige verhouding. God het homself as die HERE aan Israel gegee en Hy het Israel as sy volk geneem. Reeds by die roeping van Abraham uit die afgodiese land (Jos. 24:2) en deur Homself in die roeping aan hom bekend te stel as 'n Ander een as die gode wat hy daar geken het, het God hom aan Abraham (en sy saad, in elke sin van die woord) as *God* gegee. Van toe af het Abraham pas eg 'n God! 'n egte God!

Uit hierdie verhouding vloei voort dat Jeremia Israel ook met skone en lieflike name aandui. Die HERE noem haar "sy beminde" (11:15) "die beminde van my siel", "my sielsbeminde" (12:7); hy noem sy volk "sy wingerd" (12:10); "die skape van sy weide" (23:1); "die kudde van die HERE" (13:17).

Helaas is hierdie lieflike name meer herinnering aan die verlede as beskrywing van die volksbestaan te midde waarvan Jeremia leef. Deur die sonde het dit alles anders geword. Israel het nie na sy God geluister nie (13:11) en sy wet verwerp (6:19) — daarom het die HERE hulle verwerp (6:30). Daarom kom die oordele. En tog word selfs in die beskrywing van hulle sonde en ondergang die lieflike name nog gebruik. Daarin beluister ons die ewige liefde van God, waaruit na gerig die heil weer sal opbloeï.

Juis in die begin van die profesieë van Jeremia waar die HERE begin om sy volk hulle sonde te verwyte en te dreig met ramp en oordeel, knoop die HERE aan by die skone verlede: "Ek onthou" so sê Hy (2:2). Klink daar heimwee in sy woorde? Die HERE dink terug aan die geneetheid wat Israel in haar jeug vir Hom gehad het. Die volk was toe nog jonk. Slegs kort tevore het dit 'n volk geword. Maar daar was geneetheid in haar hart. Die HERE dink terug aan die liefde van haar bruidstyd. Die beeld wat Hosea gebruik, die beeld van die huweliksverhouding, word deur Jeremia verfyn, verinnig tot die beeld van bruidsliefde, die eerste liefde, wat in later dae in die herinnering bly voortleef as heftig en vurig. In haar bruidstyd het die volk agter die HERE aangeloo — en waarheen? In die woestyn! In 'n onbesaaide land! Daar was geen brood en geen water nie. Dit was geen idilliese toekoms nie, maar Israel het agter die HERE aangeloo en die HERE het die volk bewaak soos sy oogappel, gelei, Hy alleen, daar was geen vreemde god by hom nie (Deut. 32:10-12). Israel was vir die HERE 'n heiligheid, die eersteling van sy opbrings, dit wil sê iets vir Hom alleen (Ex. 23:19; Deut. 26:2). Almal wat die eersteling opeet, sal skuld op hom laai, onheil sal oor hulle kom. So moet niemand dit waag om sy volk aan te raak nie. Farao en Amalek (Ex. 17:8-16) het dit ondervind.

So lui die romanse van die eerste liefde van die HERE en Israel! Maar hoe kort van duur was dit! Reeds spoedig het "die vaders" (2:3) dit is die voorgeslagte van die volk uit Jeremia se dae, van die HERE afgewyk en agter nietige afgode aangeloo. Soos hulle eers agter die Here aangeloo het, loop hulle later agter die afgode aan. En waarom? Het die HERE hulle dan onreg aangedoen? Inteendeel — sou hulle sonder die HERE uit Egipteland kon uitgetrek het, sonder Hom deur die woestyn kon getrek het, die land van wildernis en kuile, van droogte en swart duisternis, 'n land waar niemand deurtrek nie en waar geen mens woon nie? Die HERE het dit gedoen. In die vrae wat Hy stel (vs. 6) weef die HERE nog voort aan sy romanse, maar intussen het Israel dit lank al vergeet en nooit na Hom gevra nie. Agteraloop, dit bly hulle doen, maar dan agter die Baäls aan (vs. 23) en ook met moedswilligheid; ronduit sê die bruid uit die jeug: "Ek het vreemdes lief en sal agter hulle aanloop" (vs. 25). Die HERE noem dit hoerery, op elke hoë heuwel en onder elke groen boom (vs. 20), waar die Baäldiens gepleeg is. Afskuwelik is dit in die oë van die HERE, dierlik, en Hy vergelyk hulle liefde vir die vreemdes met die hittigheid van bronstige diere (vs. 23, 24).

"Hulle het my die rug toegekeer en nie die aangesig nie", sê die HERE (vs. 27).

"God en Israel", aanvanklik 'n verhouding van wedersydse besit, het nou ontaard in vervreemding en ontrou.

### **3. Die sondes van die volk**

Afgodery — so het ons reeds opgemerk — was die sonde van Israel. Die volk het dit ook nie in die geheim gedoen nie, maar op elke hoë heuwel en onder elke groen boom. Hoewel dit deur elkeen gesien kon word en nie deur God aan Jeremia geopenbaar hoef te word nie, behandel ons die onderwerp "die sondes van die volk" tog in die hoofstuk oor die godsopenbaring van Jeremia. Daar is in die sonde meer as wat gesien word, meer as uitwendige aanwysbare dade van Baäldiens. Die uiterlike dinge het 'n innerlike ondergrond in die harte van die mense. Die HERE vra daarom: "hoelank sal jou onheilsgedagtes in jou binneste vertoef?" (4:14b). God sien die hart aan (17:10) en dit behoort juis tot die openbaring om wat nie geken word nie, kenbaar te maak. Die HERE laat Jeremia die verdorwenheid van die volk sien en dan lê Jeremia dit in prediking en geskifte bloot as 'n beskuldiging, as 'n aanklag teen Juda en Jerusalem. Te meer is die openbaring tot ontdekking van die sonde nodig, omdat die volk in sy woorde en gebruike nog 'n uitwendige skyn van vroomheid ten toon sprei en daarop vertrou. Dit is 'n fatale selfmisluding wat ontmasker

moet word.

In die middelpunt van die vertrouwe van die volk op uitwendige dinge staan die tempel. Dit blyk uit die waarskuwing van 7:4 waar die HERE sê: "Vertrou nie op bedrieglike woorde nie — wat sê: Die HERE se tempel, die HERE se tempel, die HERE se tempel is dit!" Die drievoudige herhaling gee uitdrukking aan die oortuigtheid waarmee hulle praat. En tog is dit slegs ydele inbeelding. Die somber eggo van hierdie woorde beluister ons in die HERE se uitroep: "o land! land! land!" (22:29) waarmee Hy ook in drievoudige herhaling sy deernis oor die ondergang van Juda uitroep. Maar die mense dink: in die tempel woon die HERE en daarom is die tempel heilig, onskendbaar, soos Israel vroeër gedink het dat die ark onoorwinlik was in die stryd teen die Filistyne (1 Sam. 4:3). Maar dit is 'n heidense (magiese) opvatting van heilig (of "sakraal"). Daarom het die volk Jeremia dit ook so kwalik geneem dat hy die ondergang van die tempel aangekondig het (vs. 14; 26:9). Dit was heiligskennis! Jeremia herinner die volk daaraan dat die ware godsdiens nie bestaan in tempelverering nie, maar in 'n wandel in opregtheid, in reg doen, die vreemdeling en wees en weduwee nie verdruk nie, geen onskuldige bloed vergiet nie (7:6). Dit pas nie by mekaar om te steel, dood te slaan, owerspel te bedrywe, vals te sweer en dan in die tempel te kom staan en uit te roep nie: "Ons is verlos!" (vs. 10). Dis waar dat die tempel heilig is want dit is die huis waaroor die naam van die HERE uitgeroep is, dit wil sê die huis wat sy huis is, maar die verlossing kom nie voort uit tempelmure en stene nie. Die verlossing kom voort uit die HERE self wat sy volk oproep tot bekering. Maar die tempel — dit wil voorkom, sê Jeremia of dit in julle oë maar 'n spelonk van moordenaars kan wees! (vs. 11).

Die ondervinding van Jeremia lyk baie na die van Jesus wat ook die verwoesting van die tempel in sy dae aangekondig het (Matth. 24:2; Joh. 2:19) en daarvoor aangekla word (Matth. 26:61; Mark. 14:58), en wat die woorde van Jeremia oorgeneem het toe hy gesê het: "julle het dit 'n rowerspelonk gemaak" (Luk. 19:46).

In die tempel het hulle brandoffer en spysoffer gebring (14:12) en reukoffers van wierook wat hulle uit Skeba moes laat kom met kosbare kalmoes, 'n geurige spesery, uit 'n ver land — almal uitwendighede maar, sê die HERE, julle brandoffers is nie welgevallig nie en julle slagoffers is nie aangenaam nie (6:20).

Ook om te vas het 'n uitwendige vorm geword, die hart was daar nie by bewoë nie; daarom sê die HERE: "As hulle vas luister Ek nie na hulle nie" (14:12).

As hulle sweer, sê hulle: "sowaar as die HERE leef" en tog sweer hulle vals (5:2).

'n Ander godsdienstige gebruik was die besnydenis. Israel was daarop baie gesteld. In die kwalifikasie: onbesnedenes (Rigt. 15:18) lê diepe minagting uitgedruk. As teken van die verbond was die besnydenis inderdaad baie belangrik en ten strengste verplig. Wie nie besny was nie moes uit sy volksgenote uitgeroei word. Tog was die besnydenis meer as 'n liggaamlike operasie. Dit blyk duidelik in die Nuwe Testament waar Paulus spreek oor ons besnydenis in Christus in wie die gelowiges besny is met 'n besnydenis wat nie met hande verrig word nie (maar op geestelike wyse) deur die liggaam van die sondige vlees af te lê in die besnydenis van Christus; die ou mens sterf af in gemeenskap aan die dood van Christus (Kol. 2:11). Maar Jeremia het van hierdie Nieu-Testamentiese opvatting van die besnydenis reeds begrip gehad as hy sê: "Besny julle vir die HERE en verwyder die onbesnedenheid van julle hart" (4:4), en: "die hele huis van Israel is onbesnede van hart" (9:26). Besnedenheid word by Jeremia 'n geestelike begrip wat dui op innerlike vernuwing en lewensverandering waardeur die lewe met God moontlik word. 'n Onbesnede oor kan byvoorbeeld nie verstaan wat die HERE sê nie (6:10). Die ware gelowiges in die Ou Testament was dus wel reeds besnede van hart al het hulle, voor Jeremia, dit nie so onder woorde gebring nie. In tussen is



die bede van Dawid: "Skep vir my 'n rein hart, o God, en gee opnuut in die binneste van my 'n vaste gees" — 'n bede om dieselfde innerlike verandering wat Jeremia in die oog gehad het, om dieselfde lewensvernuwing waarvan Paulus praat. En dat uiterlikhede nie baat nie — hoewel hulle nie verwaarloos mag word nie — het Samuel reeds aan Saul duidelik gemaak met die woorde: "om gehoorsaam te wees is beter as slagoffer, om te luister beter as die vet van ramme".

Soos in die Nuwe Testament naas die terme wat aan die besnydenis ontleen is, die groot lewensverandering ook 'n *afwassing* van die sonde genoem word (1 Kor. 6:11), veral as 'n term wat ontleen is aan die doop wat in die plek van die besnydenis gekom het (Hand. 22:16), so het ook Jeremia hierdie beeldspraak gebruik en gesê: "Was jou hart van boosheid, o Jerusalem, dat jy gered kan word" (4:14).

In wese is die oproep tot besnydenis van die hart 'n oproep tot bekering. Herhaaldelik word so 'n oproep tot bekering tot die volk gerig en die bekering sal nie vrugteloos wees nie, want die HERE is goedertieren, ja, Hy sal sy volk dan nie donker aankyk nie (3:12). Maar die bekering moet grondig geskied: "Braak vir julle 'n braakland en saai nie onder die dorings nie". As land ontgin word, moet die bodem diep omgewoel word en al die dorings moet uitgeroei word voordat die nuwe saad gesaai kan word (4:3). Die HERE sal die toorn nie vir ewig gehou nie. Maar die volk moet sy ongeregthede ken (3:12, 13). Die volk was egter onbekeerlik (17:1). Jerusalem was afkerig met 'n aanhoudende afkerigheid; daar is niemand wat berou gehad het oor sy boosheid, dat hy sou sê: wat het ek gedoen (8:5, 6) nie. Onbeskaamd gaan hulle voort en weet nie om te bloos nie (8:12), soos 'n hoer ook nooit bloos nie (3:3). Daar is by hulle „'n verharding van die (bose) hart" 'n uitdrukking wat herhaaldelik deur Jeremia gebruik word (3:17; 5:3; 7:24; 9:14; 11:8; 13:10; 16:12; 18:12; 23:17). Die verharding is so groot dat hulle op die oordeelsaankondiging van Jeremia verbaas antwoord: "Waarom spreek die HERE al hierdie groot onheile oor ons? Wat is ons ongeregthede en ons sonde wat ons teen die HERE onse God begaan het?" (16:10; 2:35).

So min as 'n Kusiet sy vel kan verander of 'n luiperd sy vlekke, so min ook sal Juda wat gewoon is om kwaad te doen, in staat wees om goed te doen (13:23). Hulle verklaar ronduit dat hulle nie wil luister nie (22:21).

Die ondergang van "die Afkerige", d.i. die tienstammeryk, Israel, was 'n waarskuwing, maar "die Ontroue", d.i. haar suster Juda, het dit nie ter harte geneem nie en nog meer skuld op haar gelaai (3:6-11; 7:15).

Wie so ontrou is jeens die HERE sal ook onbetroubaar wees in die omgang met sy naaste. Liefde tot God die Skepper en liefde tot sy skepsele, tot ons naaste, behoort bymekaar en oortreding van hierdie allesomvattende liefdesgebod sal nie net die godsdienstige nie, maar ook die sosiale samelewing ontredder. So was dit ook in Juda. In die strate en op die pleine van Jerusalem was niemand te vinde wat reg doen of waarheid soek nie. Hulle sweer vals. Geweld en verdrukking word in die stad gehoor (6:7). Die opregtheid het verdwyn en is uitgeroei uit hulle mond. Hulle huise is vol bedrog en daarom ook vol gekyf en gekrakeel soos 'n hok vol voëls (5:27). Soos 'n boog span hulle hulle tong en die pyle is leuens en boosheid. Elkeen moet oppas vir sy vriend en kan op geen broer vertrou nie; want elke broer is net 'n onderkruiper en elke vriend gaan om met kwaadsprekery. Hulle bedrieg elkeen sy vriend en praat nie die waarheid nie; hulle het hul tong geleer om leuens te praat, hulle maak hul moeg met verdraaiery (9:3-5).

So teken Jeremia die sondes van die volk. Die HERE het dit alles gesien en as Hy hulle straf oplê, sê Hy daarby: "Ek het jou hierdie dinge aangedoen, omdat jou ongeregthede groot is, geweldig jou sondes" (30:15).

#### 4. Weerspreking van die Godsopenbaring

Juda en Jerusalem het nie net die godsopenbaring ter harte geneem nie, maar dit ook opsetlik weerspreek.

Dikwels word in die boek Jeremia gesê, dat die sondes van die volk ook en juis besonder erg in die hoëre kringe, by die volksleiers aangetref word. Gewoonlik word hulle aldus opgesom: konings, vorste, priesters, profete (2:26; 32:32; sien ook 2:8; 13:13). Die profete is ook daarby! Maar — Jeremia was tog ook 'n profeet?! En dan was daar ook nog 'n profeet met die naam Uria wat teen Jerusalem en Juda ooreenkomstig al die woorde van Jeremia geprofeteer het. Bevrees vir die woede van koning Jojakim wat geprobeer het om hom dood te maak, het hy na Egipte gevlug. Die koning het toe manne na Egipte gestuur, wat hom uit Egipte weggevoer het en hom by koning Jojakim gebring het; die het hom met die swaard verslaan. Daaruit sien ons uit watter groot gevare die HERE Jeremia gered het (1:8). Die bogenoemde profete het egter niks gehad om vir die koning te vrees nie (26:20-23).

Van hierdie profete uit die bogenoemde groep volksleiers word dinge gesê wat op Jeremia en Uria beslis nie van toepassing is nie. Hulle behoort nie by die volksleiers by wie die sondes van die volk aangetref word nie.

Wat is die verskilpunte?

Die eerste verskilpunt tussen Jeremia en die ander profete is die inhoud van hulle prediking. Terwyl Jeremia waarsku teen die sondes en die toorn en straf van die HERE wat oor stad en land aangekondig is, verkondig hulle 'n spoedige verlossing uit die mag van die vyande. Ons verneem dit uit die mond van Jeremia self wat sê: "Ag, Here HERE, kyk, die profete sê vir hulle: Julle sal geen swaard sien nie en geen hongersnood hê nie; maar Ek (dit is God; hulle gee dus die woord van die HERE deur) — Ek sal julle 'n duursame vrede gee in hierdie plek". Jeremia stel ook verlossing in die vooruitsig, maar ná die tyd van Babel se heerskappy en predik dan ook dat die volk moet berus in sy straf (21:8). Dit sal 'n bewys van verootmoediging wees. Die ander profete voorspel dat die volk die koning van Babel nie sal dien nie (27:14). Dit is vir die volk natuurlik baie aangenamer om aan te hoor. "My volk wil dit graag so hê" (5:31). Die volk het daar ook op vertrou. Hulle het Jeremia geïgnoreer want hulle het mos onderrigting genoeg by priester en wyse en profeet (18:18; sien ook 28:15; 29:31). Daardeur het hulle in groot selfvertroue gelewe en uitgeroep: "Wie sal kan afkom teen ons of wie sal in ons skuilplekke kan indring (21:13; dit is die woorde van die inwoners van die paleis van die koning wat wel op 'n steil rotswand ("rots van die vlakte") maar andersyds laer geleë was as die stad ("inwoner van die vlakte") op die hange van die heuwels van Jerusalem 'n Mens "gaan dan ook af" na die paleis (22:1).

Die HERE waarsku sy volk egter om na die gewilde prediking nie te luister nie en hy voeg die rede daarby: die profete vervul julle met ydel verwagtings (23:16); hulle profeteer leuens (27:9, 14, 16). Hulle genees die verbreking van my volk op die maklikste manier deur te sê: Vrede, vrede! — terwyl daar geen vrede is nie (6:14; 8:11).

As die inhoud van die profesie van Jeremia en die van die profete so lynreg teenoor mekaar staan, kan al twee nie waar wees nie. Die HERE sê dan ook, dat hulle *leuens* profeteer. Daarom het dit by ons gebruiklik geword om die profete *valse profete* te noem, hoewel hierdie term in die Ou Testament self nie gebruik word nie; wel dat hulle vals profeteer in die Naam van die HERE, maar hulle word tog steeds profete genoem.

Hulle weerspreek die HERE, maar die HERE weerspreek hulle ook. In die dae van Sedekia was daar al goed uit die tempel na Babel gevoer (2 Kon. 24:13); dit was met die wegvoering van Jojagin. Nou sê die profete dat daardie voorwerpe van die huis van die HERE gou uit Babel teruggebring sal word. Maar die HERE sê juis andersom: wat oorgebly het sal ook

weggevoer word (27:16, 22). As die voorwerpe in die dae nie terugkom nie, word die profete daardeur geloënstraf en as later die ander voorwerpe ook weggevoer word blyk ten volle dat Jeremia die ware profesie gespreek het. Welke profesie waar is, blyk uit die gebeurtenisse (37:19). Maar voordat die waarheid van die profesie in die uitkoms geblyk het, was die tweërlei profesie vir die volk in die straat tog 'n moeilikheid: wie en wat moet hulle glo?

In die boek Jeremia word 'n gebeurtenis vertel wat hierdie situasie duidelik demonstreer: dit is die optrede van Hananja, die profeet uit Gibeon. Dit was in die begin van die regering van Sedekia toe Jeremia 'n juk van hout moes maak, dit op sy nek sit en met die juk op sy nek deur die strate van Jerusalem moes gaan om so by sy woorde ook die sinnebeeld van onderwerping aan Nebukadnesar te voeg (27:2). Eendag kom hy in die huis van die HERE waar priesters en baie ander mense was (28:1). Die profeet Hananja was ook daar. Hy het met Jeremia gespreek en gesê: "So spreek die HERE van die leërskaar, die God van Israel: Ek het die juk van die koning van Babel verbreek". Om krag aan sy woorde te verleen neem hy die juk van Jeremia se nek af weg en verbreek dit. Die antwoord van Jeremia is: "ek wou dat dit waar was!" (28:6) maar (vs. 9) uit die uitkoms van die woorde van 'n profeet moet blyk of die HERE hom waarlik gestuur het. Hananja het toe sy profesie herhaal en selfs die tyd van die vervulling van sy woorde genoem: in nog twee jare (28:11).

Dan staan daar: En die profeet Jeremia het weggegaan. Hy het sy woord van die HERE gespreek. Hananja het dit weerspreek, ook met beroep op die HERE en Hananja het nie aarselend gespreek nie, maar met sterk woorde. Nee en ja staan hier teenoormekaar. Wat kan Jeremia verder doen? Hy het maar weggegaan. Hy het gesê wat hy te sê gehad het en uit homself kan hy nie meer sê nie. In hierdie situasie kom die woord van die HERE tot hom. Dit is juis wat hy nodig gehad het. Die HERE het 'n nuwe boodskap vir hom, in voortsetting van die vorige. Die HERE sê: Sê vir Hananja dat hy in die plek van die verbreekte houtjuk ysterjukke moet maak, as teken van die waarheid van sy woord wat Hy deur Jeremia gespreek het. Die onverbiddelike mag van Nebukadnesar sal soos 'n juk van yster op alle volke druk.

Na hierdie nuwe godswoord het Jeremia weer nuwe moed om te spreek en, verseker van sy eie roeping, wys hy Hananja op die eintlike verskil tussen homself en Hananja: "die HERE het jou nie gestuur nie!" Dit is die verskil tussen ware en valse profesie. In die uitkoms sal dit blyk. Omdat die uitkoms nog lank sal duur, gee die HERE 'n teken op kort termyn: hierdie jaar sal Hananja sterwe. En die profeet Hananja het in daardie jaar gesterwe, in die sewende maand, dus nie lank daarna nie. Dit was 'n teken vir die volk. Maar die volkslewe het onverander voortgegaan; hulle het na die teken nie geluister nie. So gaan dit met tekens, ook in die dae van Jesus; hulle help wel hulle wat tot geloof geneig is, maar die ongelowiges glo hulle tog nie (Joh. 12:37).

Ook onder die ballinge wat met Jegonja (Jojagin) reeds na Babel weggevoer was, het sulke valse profete opgetree. Wat hulle presies verkondig het, word nie gesê nie, maar dit blyk uit die teenstelling met die profesie van Jeremia. Jeremia het aan hulle 'n brief geskrywe in verband met die optrede van daardie profete. In die brief het Jeremia die ballinge aangeraai om rustig in Babel te bly. Hulle moet maar huise bou want hulle sal daarin ook kan woon en hulle moet maar tuine plant want hulle sal die vrugte daarvan kan eet. Hulle moet selfs bid om die vrede vir die stede waarheen hulle weggevoer is, want in die vrede daarvan sal hulle vrede hê. Die ballingskap was tugtiging en om hulle ootmoedig te laat tugtig (6:8) sou 'n bewys wees van verbondenheid aan hulle God, terwyl verset hulle van God vervreemd sou laat raak. Jeremia skryf dat hulle na hulle profete nie moet luister nie, want die profete bedrieg hulle en profeteer vals. "Hulle doen dit wel in my Naam", sê die HERE, "maar Ek het hulle nie gestuur nie". Blykbaar het hulle gepraat van spoedige terugkeer na Jerusalem, maar

die HERE deel hulle mee dat Jerusalem verwoes sal word (29:16-19). Vir Nebukadnesar het die woorde van die valse profete opstandig geklink en hy het hulle in die vuur gebraai (vgl. vir hierdie straf Dan. 3). Van die kant van die HERE was dit tegelyk die straf op hulle leuenagtige prediking.

Die "valse" profesie was dus 'n wydverbreide beweging wat ook met onbeskaamde vrypostigheid opgetree het. Die HERE sal hulle egter straf om hulle leuens en ook om hulle goddelose gedrag wat ook teen 'n goddelike oorsprong van hulle prediking getuig. Hulle pleeg bedrog (6:13) net soos die volk (5:27); hulle doen afskuwelike dinge want hulle bedryf owerspel en versterk die hande van die kwaaddoeners. Hulle is vir die HERE soos Sodom en Gomorra (23:14); ook hulle wat reeds in Babel is (29:23). Die HERE sal hulle straf. Hulle verkondig dat daar geen swaard of hongersnood in Juda sal wees nie — hulle straf is dat hulle deur swaard en hongersnood sal omkom (14:15); hulle sal wind word (5:13), want "die Woord is nie by hulle nie". Hiermee word weer die diepste grond van die verskil tussen ware en valse profesie genoem. Die HERE het hulle nie gestuur nie (23:21); hulle verkondig gesigte uit hul eie hart (23:16) en gebruik hulle eie — nie die HERE se tong nie (23:31) i

Maar hoe — so wonder ons — het die profete daartoe gekom om hulle eie woorde en gedagtes as woorde van die HERE uit te spreek?

Op hierdie vraag sal ons miskien 'n psigologiese antwoord kan gee. Ons moet ons die valse profete voorstel as manne wat hulle vrymoedig in die daaglikse lewe beweeg, vir alles wat gebeur lewendige belangstelling het en daarvoor praat en graag voor op die wa sit. Uit 8:4 kan ons aflei dat hulle ook ontwikkelde manne was en die wet van die HERE bestudeer het en hulle menings op skrif stel (waarvan die HERE dan sê dat die leuenpen van die skrywers bedrieglik werk!). Hierdie manne leef in 'n veelbewoë tyd. Jerusalem raak ernstig betrokke in die internasionale politiek van daardie tyd. Assirië raak in verval. Egipte roer hom heftig. Nuwe magte rys op in die Noorde. Sou daar vir Juda en Jerusalem geen voordeel in wees nie? Hulle dink so. Hulle meen dat hulle die situasie van hulle dae wel goed deurkyk. Hulle is "waarnemers" en "segsmanne". En hulle steek hulle menings nie weg nie, maar praat daarvoor en gee advies. Hulle is optimisties: dit sal wel goed afloop! Daarby word hulle gedryf deur patriotisme. (Ons het al meermale vergelykings gemaak tussen Jeremia en Jesus, nou ja, die Fariseërs was ook vurige patriotte! Die ware profete, Jesaja in die dae van Hiskia bv. en Jesus was nie onpatrioties nie, maar het die koninkryk van die hemele gestel bo die wedywerende aardse koninkryke). Hulle optimisme het egter wensdenkery geword. Hulle is daarvan so vervul dat hulle daar snags van droom en daardie drome uitgee vir profesie, maar die HERE noem dit leuenagtige drome (23:32); hulle verkondig dat hulle gesigte gesien het, maar die HERE noem dit gesigte uit hulle eie hart, waarmee hulle die volk ydel verwagtings laat ontwikkel. Hulle vertel dit rond, sê die HERE, hul warm mekaar op, maar dit is niks anders as grootpraterie nie (23:32). Hulle praat mekaar na en steel die woorde van die HERE, die een van die ander.

Hulle eie hart was boos genoeg om, eenmaal op die weg, tot die uiterste van leuens en bedrog te geraak. Wat hulle spreek is die bedrieëry van hulle eie hart. En wat is die versinsel van 'n mens se hart?! Die ergste is dat hulle in die uitwendige godsdiensoopvatting (7:4) hulle eie gedagtes beskou as afkomstig van die HERE (23:17).

Daarby kom nog dat hulle ook nog onder 'n verkeerde invloed gestaan het: een keer word gesê dat hulle profeteer deur Baal (2:8). In 23:13 word dit van die profete van Samaria gesê: Dit is die Baalprofete uit die tienstammeryk, veral toe onder Fenisiese invloed in die tyd van Agab en sy vrou Isebel, die dogter van die koning van die Sidoniërs, die Baaldiens in Israel hoogty gevier het. Elia het toe met hulle te kampe gehad. Maar nou, in die dae van Jeremia, lees ons weer dat die profete deur Baal profeteer. Vir ons verstandelike begrippe is dit nie

moontlik nie. 'n Baal is mos niks nie, 'n afgod — hoe kan hy iets doen? Die Oosterling redeneer nie so rasionalisties nie. Agter Baal werk 'n geestesgesteldheid, 'n demoniese gees en ook ons moet die demoniese geeste nie minag nie. Paulus doen dit ook nie en sê dat ons worstelstryd teen die bese geeste in die lug is. In hierdie lig kan ons sê dat agter die leuens van die "valse" profete en in hulle bese harte die "vader van die leuen" werk, net soos in die harte van die Fariseërs (Joh. 8:41). Die doel van die Satan is om deur die leuenprofete die ondergang van Juda en daarmee die verydeling van die plan van God met Juda te bewerk. Daarom gaan Juda wel onder, maar maak God daaraan geen einde nie! (4:27).

'n Diep blik kry ons in die eintlike oorsprong van die valse profesie in die geskiedenis van Agab en die profeet Miga die seun van Jimla, wat weet van 'n leuengees in die mond van die profete — sien 1 Kon. 22; maar dit val buite die bestek van hierdie boekie wat net oor Jeremia handel,

## 5. Jeremia se gedigte oor die gerigte

Die gerig oor die volk van Juda en Jerusalem met sy baie en groot oortredings is onvermydelik. "Waarom sou Ek u vergewe?" so vra die HERE (5:7). Dit is 'n vraag aan die volk om hulle te laat besef dat hulle al die guns van God verbeur het. Maar dit is ook 'n vraag wat die HERE aan Homself stel, 'n vraag waarin ons iets bespeur van sy innerlike oorwegings. Die daade van God is nie 'n harde blok van starre lyne nie maar sprei 'n volheid van eienskappe uit, van toorn en ontferming, van verwerping en liefde, van reg en genade. Op sy vraag: Waarom sou Ek u vergewe? — kom eenkeer die antwoord: Ek is met jou om jou te verlos, al sal Ek jou sekerlik nie ongestraf laat bly nie (30 :11). Sy reg eis gerig, maar Hy het sy volk lief met 'n ewige liefde (31:11). Daarom kan Jeremia heil verkondig, maar eers gerig. Dit moet kom! Sou Ek, so sê die HERE meermale as Hy die sonde van Israel opgeneem het — sou ek hieroor aan hulle geen besoeking doen nie? Of sou my siel hom nie wreek op 'n nasie soos hierdie een nie? Die gerig kan alleen afgewend word deur bekering. "Ken jou ongeregighede" sê die HERE (3:13); was jou hart van boosheid, o Jerusalem, dat jy gered kan word (4:14); maak julle weë en julle handeling goed. Maar as hulle nie luister nie, sê hy, dan sal Ek die nasie heeltemal uitruk en tot niet maak (12:17). En hulle het nie geluister nie (11:8).

Die gerig oor Juda kom deur die krygsmagte van Nebukadnesar die koning van Babel. In baie beeldryke gedigte skilder Jeremia die nadering van die vyand uit die Noorde, die Chaldeërs. Almal word opgeroep om te vlug na Sion en die versterkte stede:

Verkondig in Juda, laat dit hoor in Jerusalem!  
Blaas die oorlogsbasuin in die land.  
Roep hardop: Kom bymekaar,  
laat ons in die versterkte stede ingaan.  
Steek op die baniere: na Sion toe!  
Vlug, bly nie staan nie!  
Want Ek bring 'n onheil uit die Noorde,  
'n groot verwoesting (4:5, 6).

Die vyand kom uit 'n ver land:

Ek bring oor julle 'n nasie van ver af —  
'n eeue-oue nasie is dit,  
'n nasie van ouds af,  
'n nasie waarvan jy die taal nie ken nie,  
waarvan jy die spraak nie verstaan nie.

Hulle pylkoker is soos 'n geopende graf.  
Hulle is almal helde.  
Hulle sal jou oes en jou brood opeet  
Hulle sal jou seuns en dogters opeet.  
Hulle sal jou kleinvee en julle beeste opeet.  
Hulle sal jou wingerdstok en jou vyeboom opeet.  
Hulle sal jou versterkte stede  
waar jy op vertrou,  
met die swaard verwoes (5:15-17).

Die vyand word vergelyk by wilde diere wat die volk verskrik:

'n Leeu het opgekom uit sy bos,  
'n verderwer van nasies het opgetrek,  
uitgegaan uit sy plek  
om jou land 'n woesteny te maak.  
Jou stede sal verwoes word,  
sonder inwoners wees (4:7).

'n Leeu uit die bos maak hulle dood  
'n Wolf van die wildernisse verniel hulle.  
'n Luiperd loer by hulle stede.  
Almal wat daaruit gaan, word verskeur —(5:6).

Daarom — omgord julle met rouklere,  
klaag en huil,  
want die toornloed van die HERE  
bedaar nie teen ons nie.

Op die dag sal die moed van die koning  
en die moed van die vorste vergaan.  
Die priesters sal verskrik wees,  
die profete verstom staan (4:8, 9).

'n Ander beeld van die vyand is die gloeiende woestynwind, ongeskik en te sterk om die koring te wan, want dit voer alles saam, koring en kaf.

In die tyd word aan hierdie volk en aan Jerusalem gesê:

'n Gloeiende wind van die kaal heuwels in die woestyn  
is op pad na die dogter van my volk,  
nie om te wan of te suiwer nie!  
'n Wind, te sterk vir hierdie dinge,  
kom in My diens;  
nou sal Ek ook oordele teen hulle uitspreek.  
Kyk, soos wolke kom hy op;  
soos 'n stormwind is sy strydwaens;  
sy perde is vinniger as arende.  
Wee ons, ons word verwoes! (4:11-13).

Al die verskrikkinge bestorm "die dogter van my volk". Hierdie uitdrukking is 'n letterlike vertaling van die Hebreeuse woorde en beteken: die dogter, wat my volk is. Met hierdie woorde word die volk „'n dogter", 'n jonkvrou genoem, 'n lieflike beeld wat dikwels toegepas word, bv. "die dogter van Sion", "die jonkvrou, die dogter van Jerusalem", "jonkvrou, dogter van Egipte" (46:11). Die benaming vloei voort uit die liefde van die HERE vir sy volk en uit

hulle liefde vir Hom (2:2, 3). Die HERE prys haar om haar skoonheid: "die mooie" noem Hy haar (6:2), met die mooi hare (7:29); die HERE noem haar: groen olyfboom, skoon deur mooi gevormde vrugte (11:16) en het haar verwen, vertroetel met sy gunsbewyse. Maar die beminde (11:15) het 'n *afkerige* dogter geword (31:21, 22) en dan — hoe vreeslik is dit nie — verdelg Hy die mooie en verwende beminde; sy kan haar mooi hare maar afskeer en weggooi! Hy breek die takke van die groen olyfboom. Ook teen die geliefde gaan sy toorn oor haar sonde regverdiglik deur! En dit is "herders" wat die Here se strawwe uitvoer. In die Ooste word konings dikwels aangedui met die mooi naam van herders. Die bekende Hammurabi noem homself "die herder, deur Bel (vgl. Jer. 50:2; 51:4) geroepe". Ook in die boek Jeremia word konings of vorste dikwels herders genoem (3:15; 10:21; 23:2); in 2:8 word selfs vertaal met "vorste" in plaas van met "herders".

As die oordele van die HERE kom, sal dit ook in Jerusalem en in die versterkte stede nie langer veilig wees nie.

Vlug, kinders van Benjamin, uit Jerusalem uit!  
Blaas die oorlogsbasuin in Tekoa.  
Hef 'n vuurteken op bo Bet-Hakkerem,  
want onheil dreig uit die Noorde  
en groot verwoesting.  
Die mooie en die verwende verdelg Ek —  
die dogter van Sion.  
Herders met hulle troppe vee (hulle leërs)  
sal na haar toe kom;  
hulle slaan tente op teen haar rondom,  
hulle wei af, elkeen sover as hy kan bykom (6:1-3).

In vers 4 verplaas die digter ons na die kamp van die vyand, waar hulle belus op buit mekaar aanspoor om selfs in die nag die aanval te begin. Oorlogvoering is by die ou Oosterse volke 'n saak waarvoor hulle die begunstiging van die gode vra deur offers en magie soos voëlgeskrei en lewerskou. Toerusting tot die oorlog word daarom "heiliging" tot die oorlog genoem.

Heilig die oorlog teen haar!  
Staan op, laat ons optrek op die middag!  
Ag, die dag gaan verby,  
die skaduwees word lank!  
Staan op, laat ons optrek in die nag!  
Laat ons haar paleise verwoes! (6:4, 5).

So sê die HERE van die leërskaars:

Kap haar bome af (Deut. 20:19, 20).  
Gooi teen Jerusalem 'n wal op.  
Dit is die stad van bedrog,  
net afpersing is binne-in haar (6:6).

Met sy profetiese waarneming hoor Jeremia die vyand nader:

Van Dan af word die gesnuif van sy perde gehoor,  
vir die gerunnik van sy perde bewe die hele land.  
Hulle kom, hulle eet die land op en sy volheid,  
die stad en die wat daarin woon (8:16).

Die straf van die Here kom:

Ek sal in hierdie plek uitskud

die raadslag van Juda en Jerusalem.  
Ek sal hulle voor hulle vyande  
laat val deur die swaard  
en deur die hand van die wat hulle lewe soek.  
Ek sal hulle lyke gee as voedsel  
vir die voëls van die hemel  
en die wilde diere van die aarde.  
Ek sal hierdie stad maak 'n voorwerp  
van ontsetting en bespotting;  
elkeen wat daar verbytrek  
sal hom verbaas en spot met al sy plaes.  
Ek sal hulle laat eet  
die vlees van hulle seuns  
en die vlees van hulle dogters.

Hulle sal elkeen die vlees van sy naaste eet,  
in die beleëring en in die benoudheid  
waarmee hulle vyande en die wat hulle lewe soek,  
hulle benoud sal maak (19:7-9).

Die HERE sal brul uit die hoogte,  
sy stem verhef uit sy heilige woning.  
Geweldig sal Hy brul oor sy woonplek.  
Soos druiwetrappers sal Hy 'n vreugdegeroep aanhef  
teen al die inwoners van die aarde.  
Oorlogsrumoer het gekom tot by die einde van die aarde;  
die HERE het 'n twis met die nasies,  
Hy hou gerig oor alle vlees.  
Die goddelose —  
aan die swaard het Hy hulle oorgegee,  
spreek die HERE.

Kyk, onheil gaan uit van volk tot volk,  
'n groot storm word opgewek  
uit die agterhoeke van die aarde.  
Die wat deur die Here verslaan is,  
sal die dag lê van die een einde van die aarde  
tot die ander einde van die aarde;  
hulle sal nie beklag of versamel of begrawe word nie;  
hulle sal mis op die aarde wees.  
Huil, o herders, en skreeu,  
wentel julle in die as,  
julle maghebbers van die kudde.  
Die tyd is daar om julle te slag.  
Ek sal julle verbrysel  
en julle sal val soos 'n kosbare voorwerp.  
Daar sal geen toevlug wees vir die herders,  
geen ontkoming vir die maghebbers van die kudde nie.  
Hoor! Geskreeu van die herders,  
gehuil van die maghebbers van die kudde,  
omdat die HERE hulle kudde verwoes.  
Die weivelde van vrede word verwoes



weens die toorn gloed van die Here.  
Hy het soos 'n leeu sy lêplek verlaat.  
Hulle land word 'n woesteny  
weens die geweldige swaard,  
weens sy toorn gloed (25:30-38).

'n Mens kan vra of hierdie verskriklike oorlogsrampe nou in *gedigte* besing moet word. Nee, nie besing nie, maar bejammer en beklaag! Dit is nie net skoonheid en geluk wat die gemoed van die digter in beweging bring nie. Hy word ontroer deur die leed van sy volk — al is die leed dan ook hulle eie skuld. Midde-in 'n strafaankondiging kla hy:

o My ingewande, my ingewande,  
ek moet bewe van angs!  
o Mure van my hart!  
My hart steun in my,  
ek kan nie swyg nie,  
want jy, my siel, het basuingeluid gehoor,  
oorlogsgeskreeu!  
Verwoesting op verwoesting word gemeld,  
die hele land is verwoes.  
Skielik is my tente verwoes,  
my tentdoeke in 'n oomblik.  
Hoelank sal ek die krygsbanier sien,  
die basuingeluid hoor? (4:19-21).

Hy is oorweldig deur smart oor sy volk:

Ag, kon ek my maar opvrolik in my kommer,  
my hart is krank (8:18).

Hy hoor in die openbaring van God aan hom, sy volk jammer:

Daar is die hulpgeroep van die dogter van my volk  
uit 'n baie ver land:  
Is die HERE nie in Sion nie?  
Of is sy koning nie daarin nie? (8:19).

Maar op sy jammerklag volg die antwoord van die HERE:

Waarom het hulle My geterg met hulle gesnede beelde,  
met vreemde nietige afgode? (8:19).

Dit is die rede vir die strawwe, onvermydelik:

Die oes is verby,  
die somer is ten einde,  
en ons is nie verlos nie!  
Vanweë die verbreking van die dogter van my volk

is ek gebreek, is ek in rou;  
ontsetting het my aangegryp.  
Is daar geen balsem in Gilead nie?  
Is daar geen geneesheer nie?  
Waarom is daar geen genesing vir die dogter van my volk nie?

## **VI. DIE HEILSOPENBARING VAN JEREMIA**

Die heil wat deur Jeremia verkondig word, is ook aan hom deur God geopenbaar. Formeel en logies is die heilsopenbaring van Jeremia 'n onderdeel van die godsopenbaring van Jeremia. Weens die omvang en belangrikheid daarvan sal ons dit egter in hierdie afsonderlike hoofstuk bespreek.

Dat daar in die raad van God vir Juda ook nog iets anders opgesluit was as rampe en gerig, flits meermale tussen die donkerste oordeelsaankondiging deur. Ons verwys ten eerste na 4:27. In hierdie hoofstuk beskryf Jeremia op hartroerende wyse die verwoesting van die land. Wat sy profetiese blik aanskou, maak hom seer (vs. 23-26). Midde-in sy woorde spreek die HERE self ook op dieselfde toon en oor dieselfde onderwerp. Dis twee droewe note wat 'n volkome, al is dit ook 'n vreeslike, harmonie maak. Daarin blyk hoe Jeremia in sy eie digterlike woorde heeltemal uit en deur die Gees van God spreek en dat die profeet se gedagtes God se gedagtes is. Om die woorde van Jeremia te onderstreep, sê die HERE: "Die hele land sal 'n wildernis word" — maar dan voeg Hy daar aan toe "alhoewel Ek daar geen einde aan sal maak nie". Hier flits 'n ligstraal deur die duisternis van ramp en oordeel.

Vervolgens wys ons op 5:10, waar die HERE die vyande oproep en vir hulle bevel gee om die stad Jerusalem te verwoes, maar wetende met watter woeste ywer die vyande dit sal doen, voeg Hy daaraan toe: maar maak daar geen einde aan nie. In vs. 18 beloof Hy dit ook aan die volk self: Nogtans sal Ek ook in die dae, spreek die HERE, nie 'n einde aan julle maak nie. Vergelyk ook die gelykluidende tekste 30:10 en 46:28, waar sy liefde deurstraal in die benaming "my kneg Jakob", maar ook sy geregtigheid: Ek sal jou tugtig met mate, al sal Ek jou sekerlik nie ongestraf laat bly nie.

In die lig van hierdie flitse kan ons 'n breedvoeriger heilsvoorsegging verwag. Dit is dan ook inderdaad die geval.

Die eerste heilsvoorsegging is die van 3:12-15.

### **1. 'n Heilsbelofte aan die tienstammeryk Israel**

Hierdie belofte is gedateer: in die dae van koning Josia. Dit beteken dat hierdie profesie tot die beginperiode van die optrede van Jeremia behoort. Hy is geroep in die dertiende jaar van koning Josia, wat een-en-dertig jaar geregeer het en na die dood van Josia het Jeremia nog opgetree gedurende die regeringstyd van sy opvolgers, Joahas, Jojakim, Jojagin en Sedekia, 'n periode van meer as twee-en-twintig jaar, tot die val van Jerusalem en selfs nog daarna.

Die profesie van die verse 12-15 behoort tot 'n gesprek tussen die HERE en Jeremia wat in vers 6 begin met die vraag van die HERE aan Jeremia: "Het jy gesien wat die afkerige, Israel, gedoen het?"

Natuurlik het Jeremia dit nie gesien nie, want Israel was reeds honderd jaar tevore na Assirië weggevoer. Wel kon Jeremia uit die verhale van sy voorgeslag kennis dra van wat Israel gedoen het, maar dit maak nie saak nie, want die HERE gaan in een asem verder: "Sy het op elke hoë berg en tot onder elke groen boom gegaan en daar gehoereer".

Die HERE praat dus met Jeremia. Ons lees dit dikwels in die Skrif, dat die HERE met mense praat (sien bv. Jos. 1:1; 3:7 ens.) en daarom vind ons dit heeltemal gewoon. In tussen is dit 'n baie mistieke aangeleentheid wat ons alleen maar deur gelowige Skrifaanvaarding kan aanneem en wat vir die ongelowige die Skrif buite die kring van die historiese werklikheid laat val. Hierdie praat van die HERE met mense is die grondslag van die, trouens eweseer, mistieke verskynsel van die profesie, wat in die geval van ons teks ook nog belig word deur

die feit dat die HERE vra of Jeremia iets sien en daar dan oombliklik aan toevoeg wat Hy bedoel. Hy noem dit, laat Jeremia dit sien. Hierin sien ons iets van die innerlike gebeurtenis tussen die HERE en Jeremia wat lei tot profetiese insig en uitsprake.

Die HERE sê: "die afkerige, Israel", nie "die afkerige Israel" nie. Hy noem Israel "die Afkerige". Die HERE gebruik die woord "mesjoeba"; dit is 'n selfstandige naamwoord, 'n abstractum, wat "afkerigheid" beteken; sonder lidwoord is dit 'n eienaam. Juda noem Hy "Bagoda", dit is 'n byvoeglike naamwoord in die vroulike vorm en beteken "ontrou, troueloos". Hierdie woord is wel afgelei van 'n bekende woordstam wat "om te bedrieg" beteken, maar kom alleen hier voor en is dus deur die HERE opsetlik gevorm as pendant van Mesjoeba. Die twee dele waarin die volk van God uiteengeskeur is (na Salomo), noem die HERE dus *Mesjoeba* en *Bagoda*, twee susters. Dit is sinnebeeldige name, soos die kinders van Hosea (1:4, 6, 9) en van Jesaja (7:3; 8:3) gedra het. Die naam "Bagoda" is feller van betekenis as "Mesjoeba". Hoewel hierdie naam erg genoeg is, het "Bagoda" ook nog die betekenis van bedrieglike, gemene gesindheid.

Die Here openbaar aan Jeremia wat Mesjoeba gedoen het, wat dit wesenlik was, wat elke mens daar wellig nie terstond in gesien het nie: hoerery op elke hoë berg en onder elke groen boom; dit is die kultusplekke van die Baäldiens. Wat daar gedoen is, was in dubbele sin hoerery: ten eerste weglomp van haar wettige man, die HERE en ten tweede die "sacrale prostitusie" ('n *contradictio in terminis!*) wat aan die diens van die vrugbaarheidsgode verbonde was.

Die HERE het Mesjoeba verstoot. Bagoda het dit alles gesien, maar was nie bevrees nie, het haar nie laat afskrik nie, maar ook gehoereer, erger as Mesjoeba. Die HERE gebruik hier ernstige woorde: ligsinnige hoerery, ontheiliging van die land, owerspel met klip en hout. Dit bestaan hierin dat hulle vir 'n stuk hout sê: "Jy is my vader"; en vir 'n klip: "Jy het my gebaar" (2:27). Ons kan hierby dink aan die Massebe, die opgerigte klippaal, en die Asjere, die "heilige boomstam" (Deut. 16:21, 22), maar ook hieraan dat klip, as verteenwoordiger van "moeder aarde" en hout of boom as simbool van lewe en vrugbaarheid, as oorsprong van die lewe vereer is. Daarmee het Juda sy God en Skepper die rug toegedraai.

Verder sê die HERE dat Bagoda haar ondanks dit alles nie met haar hele hart tot God bekeer het nie, maar valslik. Daar was dus iets van 'n bekering, maar dit was nie eg nie. Hiermee moes die HERE die reformasie van Josia in die oog gehad het. Josia het al in sy twaalfde jaar hiermee begin. Die HERE sê nou wat Hy alleen, as kenner van die harte, kan sê. Hy openbaar hier aan Jeremia dat die reformasie vals was, onopreg. Dan spreek die HERE die merkwaardige woorde: "Mesjoeba het haar siel (dit wil sê haarself) geregverdig meer as "Bagoda". Dit is nie 'n absolute uitspraak nie; dit sê nie dat Israel regverdig was nie, maar relatief, by wyse van vergelyking was sy dit (vgl. ook Eseg. 23).

Hierdie betreklike regverdigheid van Israel is die aanleiding tot 'n heilsprofesie. Die HERE sien daarin 'n aanknopingspunt vir toesegging van heil, maar dan word bekering vereis! Mesjoeba is die afkerige, maar sy moet haar bekeer. Dit is 'n woordspel, ook in die oorspronklike taal. Die volk het hom afgekeer van die HERE af, maar moet omkeer na die HERE toe. Daarom beveel die HERE Jeremia: gaan en roep hierdie woorde na die noorde toe uit, dit is na die lande in die noorde waarheen Israel weggevoer is, en sê: "SJOEBAH MESJOEBAH". Ons hoor die woordspel hier duidelik. Maar dit is 'n ernstige spel en laat ons sien hoe ook die taalhantering, die taalkuns, op treffende wyse in diens van openbaring en prediking gebruik word.

As Jeremia op die hoogte van Anatot, sy geboorteplek, die oproep tot bekering uitroep, sal die verstrooide tien stamme dit fisies nie hoor nie. Intussen is die oproep gedoen en daarmee

was dit van krag! Ook kan hulle deur beriggewing van hierdie oproep verneem.

By die oproep tot bekering voeg die HERE 'n belofte: "Ek sal julle nie donker aankyk nie". Waarom nie? "Ek is goedertieren" spreek die HERE. "Ek sal die toorn nie vir ewig behou nie". Sy goedertierenheid is die grond en oorsprong van die belofte, maar die eis tot bekering word herhaal, in vers 13, nou in die vorm dat hulle hulle ongeregtigheid moet ken, dat hulle moet beseftig wat en hoe groot hulle oortreding was. Dan volg in vers 14 die eintlike heilsbelofte, nou in 'n oproep aan die afsonderlike persone: "Keer terug, o afkerige kinders, want Ek is heer oor julle. Ek sal julle neem, een uit 'n stad en twee uit 'n geslag en sal julle in Sion bring. En Ek sal aan julle gee herders na my hart, wat julle sal oppas met kennis en verstand".

Een uit 'n stad (nl. van die ballingsoorde) en twee uit 'n geslag. Hierdie uitdrukking is 'n sogenaamde *getalspreuk*. Dit kom taamlik dikwels voor in die Ou Testament. Elifas sê vir Job: "In ses benoudhede sal Hy jou red, ja, in sewe sal geen onheil jou tref nie". Die getalspreuk "ses-sewe" hou die gedagte van baie en dikwels in; die getalspreuk "een-twee" hou egter die gedagte van die geringe aantal in.

Met die herders (vorste) na my hart bedoel die HERE die konings wat die tienstammeryk gehad het. Slegs enkele van hulle, Jerobeam en Jehu was deur God aangewys, maar die meeste was "usurpatore" dit wil sê manne (offisiere) wat met geweld en moord die troon verower het. "Hulle het konings aangestel, maar nie uit My nie; hulle het vorste gekies, maar sonder my wete (sonder om My te raadpleeg)" (Hos. 8:4). Dit sal nou anders word. God gee herders, vorste, leiers wat met kennis en verstand die teruggekeerdes sal lei.

Dit is die heilsbelofte — en dit is 'n heilsbelofte aan die ballinge van die tienstammeryk! Dit blyk duidelik uit die verband met sy teenstelling van Mesjoeba teenoor Bagoda.

Dit is te meer belangrik om hierop aandag te vestig, omdat dit die enigste heilsprofesie uit die boek Jeremia is wat spesifiek tot die tienstammeryk gerig is. Daar is baie heilsprofesieë in die boek Jeremia en daaronder is ook profesieë wat melding maak van Israel. Maar Israel is nie altyd aanduiding van die tien stamme nie; dit is ook dikwels die benaming van die hele volk; selfs Judeërs, die teruggekeerde ballinge, Jode dus (Jood = Judeër), word Israel genoem. Eeue later spreek Petrus die volk van Jerusalem toe as "Israeliete" en die owerstes van die volk as "ouderlinge van Israel" (Hand. 3:12; 4:8).

Wanneer ons die verskillende heilsprofesieë van Jeremia nagaan, sien ons dat daar nêrens so spesifiek van die tien stamme sprake is as net in 3:12-15 nie. In 12:14-16 spreek Jeremia tot sy tydgenote in Juda. Dit is ook die geval in 16:15. Die belofte van 17:24 (en 22:4) is spesiaal tot Juda en Jerusalem gerig. Die gelykluidende beloftes van 23:5 en 33:16 is tot Juda en Jerusalem gerig. Die betekenis van die twee mandjies vye het betrekking op Juda (24:1-10). Hoofstuk 26:3 bevat 'n belofte aan Juda op voorwaarde van bekering. Die groot heilsprofesie van hoofstuk 30 en 31, op bevel van die HERE in 'n boek opgeskryf, is 'n profesie waarin beskryf word hoe die HERE die lot van SY VOLK ISRAEL EN JUDA sal verander (30:3). Dit is 'n aanduiding van die hele volk van Jakob.

(Hoewel die naamkombinasie "Israel en Juda" glad nie vreemd klink nie en bekend is deur die naam van die Boek van die konings van Israel en Juda, waarheen die skrywer van Kronieke verwys (2 27:7; 25:27; 36:8), kom hierdie kombinasie tog nie dikwels voor nie. In ons boek Jeremia behalwe 30:3 maar een keer (51:5); in Esegieël ook een keer (9:9). Dit is 'n naam uit die tyd van die teenstelling Saul-Dawid (1 Sam. 17:52; 18:16; 2 Sam. 5:5; 11:11; 12:8; 21:2), wat ook in die tyd van Hiskia weer gebruik is, 2 Kron. 30:1, 6; 31:6).

In Jeremia 30:3 word dus gesê dat die heil wat in die volgende verse aangekondig word, oor die hele volk sal kom; ook op die berge van Samaria sal weer wingerde geplant word (31:5).

Hier is dus geen sprake van 'n belofte aan die tienstammeryk alleen nie, maar aan die gehele volk en Israel sal daarin sy deel hê.

Ook die beloftes van 32:15, 37 en van 33:6, 7, 10 word deur Jeremia aan sy tydgenote, die Judeeërs gedoen. In 50:20 en 33 word Israel en Juda weer saam genoem en in die gemeenskaplike heil sal die HERE Israel na sy weiveld terugbring, sodat hy sal wei op Karmel en in Basan en sy siel op die gebergte van Efraim en in Gilead versadig sal word (vs. 19). Die genoemde gebiede lê aan weerskante van die Jordaan. Hulle het aan die tienstammeryk behoort, maar was eintlik alleen maar tydens die onverdeelde ryk onbetwiste gebied. Hierdie belofte kan as 'n belofte aan die tienstammeryk opgevat word maar is, na die val van Babel, vervul in samehang met die heil van die hele volk.

In 51:5 word Israel en Juda weer as 'n eenheid genoem. Die andere heilsprofesieë in hoofstuk 51 (vers 10, 35, 36) is tot Juda gerig.

Hiermee het ons alle heilsprofesieë uit die boek Jeremia in oënskou geneem. So blyk dan dat 3:12-15 die enigste profesie is wat skerp afgebaken is as profesie vir die tienstammeryk, ja, selfs in teenstelling met Juda.

Ook in hierdie spesifieke profesie vir Israel as tienstammeryk kom trekke voor wat inpas in die heilsbelofte aan die hele volk: die HERE sal hulle in Sion — nie in Samaria nie — bring en die belofte aangaande die herders (3:15) is dieselfde as wat ook aan die hele volk gegee word (23:4). Spesiale trekke wat in ander profesieë nie voorkom nie, is die aanleiding tot hierdie profesie naamlik die betreklike regverdigheid van die "Afkerige" en die geringe getal van die begenadigdes: een uit 'n stad en twee uit 'n geslag.

Dit het in die vervulling van hierdie profesie ook geblyk.

Op die vraag wat van die Israëliete (die tien stamme) geword het, is die enigste antwoord wat deur geskiedkundiges en volkekundiges gegee word, dat hulle in en na die ballingskap verdwyn het. Hulle het nie soos die Jode (Judeeërs) gesamentlik na Juda teruggekeer nie. Selfs rabbyne het dit erken. Wanneer die naam Israel wat nou in so baie heilsprofesieë voorkom, te eng opgevat word naamlik net die tien stamme, dan ontstaan die gedagte dat die profesieë nie vervul is nie en word daar gesoek na spore van die tien stamme in die geskiedenis, na nakomelinge aan wie die beloftes dan tog nog vervul is. Daar is verskillende veronderstellings gemaak: dat hulle in Suid-Arabië of in Indië of in China of in Turkestan of in Kasjmir of in Afganistan voortbestaan of ook dat hulle onder die Nestoriane met hulle Joodse gebruike gesoek moet word. Maar wat die een geleerde beweer, word deur die ander bestry. Trouens, al sou een van bogenoemde veronderstellings juis wees, dan was dit tog nog geen vervulling van die vermeende beloftes nie, want die beloftes loop almal uit in terugkeer na Sion en nie in verblyf in 'n vreemde land nie.

Die snaakste oplossing — of liever fantasie — word deur die Brits-Israel-wêreldfederasie gegee (herdoop as League of the Covenant-People). Volgens hierdie opvatting is die Angelsakse die nakomelinge van die tienstamme! Dis inderdaad 'n snaakse gesig om in een van die boeke wat aan hierdie mening gewy is, te sien hoe die stamlys van Juda (van Juda nog al! Watter inkonsekwensie is dit nie!) met George VI eindig.

Hoe is hierdie profesie dan vervul?

Deurdats mense uit die tienstammeryk individueel aangesluit het by die terugkerende Jode. Individueel — nie massaal nie, soos die Jode, maar hier een en daar twee. Hulle is nie belet om saam op te trek nie. Die HERE sou hulle mos nie donker aankyk nie! Hulle individuele aansluiting, hulle persoonlike inisiatief kan ook blyk gee van die so ernstige eis van bekering (vs. 13). Hulle het saam met die Jode die *volksheil* ontvang.

Uit 1 Kron. 9:3 kan blyk dat seuns van Efraim en Manasse saam met Judeërs na Jerusalem gegaan het. In elk geval blyk uit die aanwesigheid van Anna, uit die stam van Aser, by die voorstelling van die Kindjie Jesus in die tempel (Luk. 2:36), dat nakomelinge van die tien stamme onder die Jode geleef het.

Die vervulling van hierdie spesifiek Israelitiese profesie het dus saamgevloei met die van die heilsprofesieë aan "Israel en Juda". (Sien verder by VII, 6).

## 2. Heil vir die heidene

Die volgende heilsprofesie (12:14-17) is ook van unieke betekenis onder al die ander heilsprofesieë, omdat dit heil vir die heidene verkondig, in besonder vir die volke wat die erfenis van Israel aangetas het. Van die kant van God gesien is hulle deur Hom gebruik om sy strawwe oor Juda ten uitvoer te bring. Hulle was die roede, die stok van die toorn van die HERE, soos Assur dit vroeër was (Jes. 10:5). Hulle het dit egter self nie so gesien nie; hulle het gehandel uit vyandskap. Daarom sal hulle vir hulle optrede tog gestraf word. Dit vloei voort uit die teer band tussen God en sy volk: wie Israel aantas — hoe erg hulle ook al mag gesondig het — kry met Israel se God te doen. Die HERE sal hulle straf deur hulle ook uit hulle lande uit te ruk. Eers word die huis van Juda uit hulle midde uitgeruk, midde uit sy bure uit. Maar die bure sal nie ongedeerd agterbly nie; hulle sal ook uitgeruk word.

Omdat hier so nadruklik van "bure" gespreek word, moet ons nie aan Babel dink nie. Die Chaldeërs kom van ver uit die Noordland; Babel was nie 'n buurstaat van Israel nie. Ons moet dink aan buurstate wat as handlangers van Babel opgetree het. Ons lees daarvan in 2 Kon. 24:2. Nadat Jojakim teen hom gerebelleer het, het Nebukadnesar nie terstond na Jerusalem opgetrek nie. Hy het sy hande te vol gehad in ander dele van sy groot ryk, maar wel het bendes van die Chaldeërs en van die Arameërs, van die Moabiete en van die kinders van Ammon, Juda gepla en probeer om hom te verdelg. Edom het hom verheug oor die kinders van Juda op die dag van hulle ondergang (Openb. 12). Hierdie buurvolke is later ook deur Nebukadnesar onderwerp; Ammon en Moab in 582 v. Chr. terwyl Edom deur die Arabiere uit sy gebied verjaag is.

Maar — sê die HERE — nadat Ek hulle uitgeruk het, sal Ek my weer oor hulle ontferm en Ek sal hulle terugbring, elkeen na sy erfenis en elkeen na sy land. Inderdaad lees ons later, na die ballingskapstyd, weer van Moabiete en Ammoniete (Neh. 4:3; 13:23); en Edom het in die geskiedenis van die Jode nog 'n belangrike rol gespeel, soos blyk uit die regering van koning Herodes. Die belofte van hierdie verse het dus in vervulling gegaan. En waarom doen die HERE dit? Hy sal hom weer oor hulle ontferm! Sy ontferming is die enigste rede en oorsaak van hulle terugkeer na hulle land; ook na hulle brei die ontferming van God hom uit en nie net in terugkeer nie — 'n groter heil word vir hulle in vooruitsig gestel: "As hulle ywerig die weë van my volk leer om te sweer by my naam: So waar as die HERE leef, soos hulle my volk geleer het om te sweer by Baal — dan sal hulle onder my volk gebou word". Hierdie uitdrukking "gebou word" beteken voor spoed hê en opgang maak; in hierdie verband wel in geestelike opsig, want die skoon toekoms is gebind aan twee voorwaardes: hulle moet die weë van my volk leer en dit is ook *onder my volk* dat hulle gebou sal word. Nie op eie manier nog in eie selfstandigheid sal hulle geseënd wees nie, maar saam met Israel en volgens Israel se weë. Die woord "weg" beteken 'n godsdienst, 'n religieuse lewensopvatting; die volgelinge van Jesus en die apostels, deur Saulus vervolg, word ook "mense wat van die Weg was" genoem (Hand. 9:2). Die eerste vereiste vir die heil van die heidene is dus om die godsdienst van Israel te aanvaar. Hierdie godsdienst van Israel word ook omskryf, nie as 'n reeks wette nie, maar om te sweer by my Naam, dus deur te sê: "So waar as die HERE leef". Vroeër was dit presies andersom: die bure het Israel geleer om by Baal te sweer. Nou moet die buurvolke

van Israel leer om by die HERE te sweer. By hierdie uitdrukking moet die klem nie val op *om te sweer* nie, maar op by *my Naam*. Die bedoeling is nie dat hulle moet sweer nie — "Sweer hoegenaamd nie" — maar as hulle moet sweer, en dit het in hulle lewe nogal dikwels voorgekom, dan moet hulle dit doen by die HERE. Daarin lê 'n erkenning, 'n belydenis van sy godheid. Die weg van Israel is dus die belydenis dat die HERE God is; dit is die godsdiens sonder seremonies of formaliteite in sy wese omskryf.

Die toegesegde heil is dus nie buite Israel om verkrygbaar nie. Israel staan in die middelpunt, maar nie eksklusief nie, nie partikularisties nie, maar as bron en oorsprong van die heil van God wat Hy aan almal skenk.

Natuurlik word in hierdie belofte met "die weë van my volk" nie die sondige weë bedoel waarop Juda toe gegaan het nie, maar 'n ware en opregte diens van die HERE.

Ook in die profesieë van Jeremia teen verskillende volke (hoofstuk 46-51) wat oor Moab en Ammon slegs oordeel bevat, verskyn aan die einde van die donker voorseggings 'n straal van lig: Maar aan die einde van die dae sal Ek die lot van Moab (48:47), van Ammon (49:6) verander, spreek die HERE. Van Edom word dit nie gesê nie (sien 49:7-22). Dit is te meer merkwaardig omdat in die wet gesê word: Geen Ammoniet of Moabiet mag in die vergadering van die HERE kom nie, selfs nie in hulle tiende geslag nie en jy mag hulle vrede en hulle geluk vir ewig nie soek nie. Van die Edomiete word egter gesê: jy moet hom nie as/'n gruwel beskou nie, want hy is jou broer! (Deut. 23:1-8). In die dae van Nehemia is op grond van hierdie wet alle mense van gemengde bloed uit Israel afgesonder. Die Jodedom het trouens lank aan eksklusivisme en partikularisme vasgehou. In die boek Handeling lees ons nog daarvan. Maar aan "die einde van die dae" sal die universele omvang van die heil tot aan sy verste grense triomfeer — mits daar bekering is tot God! (12:17).

Jeremia weet dat volke eenmaal van die eindes van die aarde af sal kom en tot die HERE sal sê: "Net leuens het ons vaders geërwe, nietige afgode, en daaronder was niks wat voordeel kon bring nie", (16:19). Met hierdie woorde erken hulle die fiasko van alle afgodery, heidendom en ongeloof. En omdat hulle hierdie belydenis uitspreek voor die *HERE* wat Jeremia geken het as sy sterkte, sy beskutting en sy toevlug, lê daarin ook opgesluit dat hulle die HERE vertrou as die enige God wat redding gee in die dag van benoudheid. Mensgemaakte gode is nie gode nie (vers 20).

Wanneer Jeremia hierdie profetiese uitspraak doen, sien sy blik wel in 'n baie ver toekoms, so ver, dat die vervulling van sy woorde ook vir ons vandag nog meer verwagting as werklikheid is. Tog sal die werklikheid eenmaal kom: wanneer in die Naam van Jesus elke knie van die wat in die hemel is en die wat op die aarde en die wat onder die aarde is, sal buig en elke tong sal bely dat Jesus Christus die Here is tot heerlikheid van God die Vader (Filipp. 2:10, 11).

### **3. Die HERE ons geregtigheid**

Tot die heilsprofesieë van Jeremia behoort ook die wat op kort termyn in vervulling sal gaan, mits aan die voorwaarde van bekering voldoen word. In die begin van die regering van koning Jojakim (26:1) kry Jeremia opdrag van die HERE om in die voorhof van die huis van die HERE al die woorde wat Hy aan Jeremia beveel het, tot al die stede van Juda te spreek. Miskien sal hulle luister en hulle bekeer elkeen van sy verkeerde weg; dan sal Ek berou hê oor die onheil wat Ek van plan is om hulle aan te doen weens die boosheid van hulle handeling. Dan sal Juda en Jerusalem nie deur Nebukadnesar verower word nie. Die voorwaarde moet terstond vervul word, dan kom die verlossing uit die dreiging van Babel ook op kort termyn.



"Miskien", sê die HERE. Weet Hy dan nie dat hulle tog nie sal luister nie? Natuurlik weet Hy dit, maar Hy weet ook dat Hy die mense toegerus het met redelikheid en sedelikheid en met verantwoordelikheid. Dat God alles weet, ja bepaal, onthef die mens nie van sy verantwoordelikheid nie; hy dra die skuld van sy oortredinge.

Die verhouding tussen die raad van God en die verantwoordelikheid van die mens kan ons nie deurgrond nie; ons moet ook nie probeer om dit te doen nie, want dit laat ons in dwaalgedagtes verward raak. Ons moet dit onbegrepe aanvaar in aanbidding van die goddelike misterie. Om die aanbod van genade nie te aanvaar nie vergroot die skuld van die onwillige mens.

So is dit ook met die woorde van die HERE dat Hy berou sal hê oor die onheil wat Hy van plan was om hulle weens hulle boosheid aan te doen. Die HERE ken geen berou in die sin van willekeur en onbetroubaarheid nie. Dit blyk uit die gekombineerde uitdrukkings van 1 Sam. 15:29 "Hy lieg nie en ken geen berou nie". Maar in dieselfde hoofstuk staan dat Hy berou gekry het omdat Hy Saul koning gemaak het. Die rede staan daarby: Saul het afvallig geword. By hom lê die ontrou en leuen. Die onveranderlikheid van die raad van God (Hebr. 6:17) sluit nie in dat Hy in starre onbeweeglikheid gevoelloos is vir die optrede van die mense nie. By die liefderyke betoon Hy Homself liefderyk, by die opregte man opreg, by die reine rein; maar by die valse betoon Hy Homself verkeerd, Ps. 18:26, 27. Die wat verkeerd van hart is, is vir die HERE 'n gruwel; maar Hy het behae in die wat regskepe van wandel is (Spreuke 11:20). Hy reageer op die veranderde gesindheid van mense en verander van handelwyse, nie grillig nie, maar volgens sy wese wat regverdig en barmhartig is, sodat sy raad onverander bly. Hy hou steeds dieselfde koers.

Tot die korttermyn-profesieë behoort ook dat Jerusalem altyd sal bly bestaan as die volk die Sabbat heilig (17:25) en die konings reg en geregtigheid doen (22:1-4).

Ander profesieë stel nie die moontlikheid van bekering nie, maar veronderstel die ballingskap. Hierdie profesieë verkondig dan dat die HERE die ballinge ten goede sal aansien en dat Hy sy oog op hulle ten goede sal slaan en dat Hy hulle sal terugbring in hulle land (24:3). Die terugkeer uit die Noordland is 'n daad van God wat ewe seker sal plaasvind as wat die uittog uit Egipte dit was en ewe groot bewys van sy almag en trou (16:15; 23:8). As teken van die terugkeer word daar in die hopelose dae van die einde van die regering van Sedekia deur Jeremia nog land gekoop. Op bevel van die HERE moet hy die koopbriewe in 'n erdepot sit (die gebruiklike manier om geskrifte te bewaar, soos uit die vondse te Qumran blyk), sodat dit baie dae kan bly bestaan, want, so sê die HERE van die leëskare, die God van Israel: "Daar sal weer huise en gronde en wingerde in hierdie land gekoop word" (32:15).

Hierdie profesieë het hulle vervulling gevind in die terugkeer uit die ballingskap. Die verlof wat Kores, die koning van Persië, aan die Jode gee om terug te keer, word in 2 Kron. 36:22 uitdruklik 'n vervulling van die profesieë van Jeremia genoem.

Wyer sin en dieper strekking het die heilsprofesieë oor Juda wat ingevleg is in die oordeelsaankondiging oor Babel (hoofstuk 50 en 51).

Wel word daar ook gewaag van terugkeer na eie geliefde oorde (50:19), maar daarby van vergifnis wat die HERE skenk: die ongeregtigheid en sondes van Israel en Juda sal nie gevind word nie (50:20). Daarenteen sal die volk uitroep: "die HERE het ons geregtighede te voorskyn gebring; dit is die werk van die HERE" (51:10). Hy verdedig die saak van Juda (50:34; 51:36); Hy, hulle Verlosser is sterk (50:34) en Hy neem vir hulle wraak oor Babel (51:36) en sy wraak is "die wraak van sy tempel".

Van sy *tempel!* Ja, dit is dieselfde tempel waarvan Juda uitgeroep het: "Die HERE se tempel, die HERE se tempel, die HERE se tempel is dit!" Dit was toe bedrieglike woorde (7:4),

omdat hulle vertrou het op uiterlike gestalte en vorm en gedink het dat die tempel as heilige gebou vanself uitredding sou gee, ja, moes gee, sonder dat hulle die wesenlike innerlike geestelike kern van die tempelbesit verstaan het en sonder dat hulle geleef het volgens die wil van die God van die tempel. Vanweë hul sondes is die tempel verwoes. En tog, die tempel was inderdaad die HERE se tempel! En sy verwoesting word deur die HERE gewreek. So was dit ook met die ark in die slag by Afek (1 Sam. 4:1 ens.). Die Israëliete het gedink dat die aanwesigheid van die ark van die verbond die God van die verbond sou dwing om die volk van die verbond te red sonder dat hulle opregte verbondstrou en verbondsgehoorsaamheid betoon het. Dit was eintlik 'n heidense, 'n magiese gedagte en dit het die volk nie gebaat nie: die ark is deur die Filistyne geneem. En tog was dit die ark van God; die Filistyne moes plaag van God verduur. Dit was die wraak van sy ark. So is dit hier die wraak van sy tempel.

Die HERE het sy volk gestraf, maar Hy laat hulle nie in weduweeskap agter nie (51:5). Die volk is sy beminde (11:15; 12:7) en al was hulle land vol skuld voor die Heilige van Israel — Hy verlaat hulle nie. Want, wonderlik om te sê, die ongeregtigheid van Israel sal gesoek word, maar dit sal daar nie wees nie! (50:20). Hoe is dit moontlik? Wel, die HERE sal *vergifnis* skenk; dit is die uitweg, die uitkoms, en ook die enigste: "Ek sal hulle ongeregtigheid vergewe en aan hulle sonde nie meer gedink nie" (31:34).

Hierdie beloftes is meer as net terugkeer na die land van die vaders, maar bevat ook geestelike weldade. Dat hierdie beloftes met diepere sin en wyere strekking nou juis ingevleg is in die oordeelsprofesie oor Babel, het ook sy rede. Die Babel waarvan hier sprake is, is nie maar net die Babel van Nebukadnesar nie, maar tipe van die godvyandige wêreldmag. God het daardie mag gebruik as tugroede om sy volk te straf, maar wee elkeen wat hom aan God se volk vergryp (Jes. 10:5). Tegelyk met die ondergang van Babel word deur dieselfde gerig die volk van Juda verlos. Babel is ingeneem (50:46), Babel het geval (51:8) — dit is die anskreet van die nasies, maar dit is tegelykertyd die juigkreet van die volk van die HERE wat uitroep: "Verlaat Babel" (51:9), ja, die HERE self roep: "Gaan uit hom uit" (51:45). Babel met sy rykdom en weelde bly tot in die laaste Bybelboek die tipe van die stad van sonde en hoerery, in teenstelling met die nuwe Jerusalem met sy strate van goud en sy poorte van pêrels (Openb. 21). Ook daar klink die geroep: Geval het Babilon (14:8; 18:2); ook daar die waarskuwing: Gaan uit haar uit (18:4).

Hierdie heilsbeloftes maak gewag van 'n groot omkeer in die toestand. Wat ons daarvan gelees het (hoofstuk 50 en 51) is die verskynsels waaruit die omkeer blyk. Maar Jeremia onthul ook wat die oorsaak, wat die wortel en wese, wie die bewerker daarvan is. Dit openbaar God aan hom in die profesie van die regverdige Spruit. Die HERE sal vir Dawid 'n regverdige Spruit verwek. Hy sal dus 'n nakomeling van Dawid wees, afkomstig uit sy geslag. Ons self noem kinders soms ook "spruite". Die woord dui op afstamming, geboorte uit ouers. Dit is 'n natuurlike gang van sake maar, hoewel elke geboorte onder die mense 'n beskikking van God is, word hier tog met opmerkbare nadruk gesê dat die HERE vir Dawid 'n spruit sal verwek en dat dit, en dit is tog seker iets besonder, 'n *regverdige* spruit sal wees (23:5). Dit dui aan dat daar in hierdie verwekking tog ook iets bonatuurliks sal wees. Hy het opgespruit, sê 'n ander profeet, soos 'n loot, soos 'n wortel uit dorre aarde (Jes. 53:2). Dit is iets buitengewoons. In vogtige grond kan lote aan 'n ou wortel verwag/word (Job 14:7-9), maar nie in dorre aarde nie. Verder sê Jeremia dat die regverdige spruit van Dawid as koning sal regeer. Ook dit is 'n onverwagte boodskap, want Jeremia het juis tevore (22:28-30) van Gonja gesê, dat van hom niks meer te verwagte is nie, dat hy as kinderloos opgeskryf kan word, want dit sal niemand van sy geslag geluk om te sit op die troon van Dawid en nog oor Juda te heers nie. Maar die wonderlik-verwekte, regverdige spruit wel!

Gonja of Jojagin, 'n jongman van agttien jaar oud, het drie maande in Jerusalem geregeer. Hy

was die seun van Jojakim, die seun van Josia, die koning van Juda. Van al die ander seuns van Josia is dit juis hy in wie die geslagsregister van Dawid voortgesit word: Josia — Jegonia — Sealtiël — Serubbabel (Matth. 1:11, 12). Jegonia (= Jojagin = Gonja) was dus nie kinderloos in letterlike sin nie, maar in "dinastieke" sin (dinastie = koningshuis). Niemand uit sy geslag sal op die troon van Dawid sit en oor Juda regeer nie. Serubbabel was wel die vernaamste van die twaalf leiers van die teruggekeerde ballinge, maar koning het hy nooit geword nie. Die koningshuis van Dawid het in hierdie opsig tot 'n einde gekom! En tog sal daar vir Dawid 'n regverdige spruit verwek word wat koning sal wees. Ook hieruit blyk dat sy geboorte en werke buite die gewone aardse gang van sake val.

Die afdanking van Gonja en van die huis van Dawid en daarmee gepaard die belofte van die regverdige spruit staan in 'n nou verband met die "WEE" wat uitgeroep is oor die herders wat die skape van *my* weide laat omkom (23:1). "Herders" is in die Ou Testament en ook in ander Oosterse geskrifte 'n aanduiding vir konings en "skape" vir die onderdane. Hierdie beeld dui aan dat die onderdane en hulle welvaart van die sorg van goeie konings afhanklik is. Die herders wat hier bedoel word, is die konings van Juda wat die volk, deur die HERE "my skape" genoem, nie goed opgepas het nie. God sal oor hulle die boosheid van hulle handeling besoek en dan sal Hy die oorblyfsel van sy skape versamel en herders oor hulle verwek wat hulle sal oppas; dan sal hulle nie meer bevrees of verskrik wees of vermis word nie. Uit hierdie laaste woorde blyk hoe seer die volk onder die wanbestuur van sy konings en vorste gely het. Tot die herders wat God sal verwek kan wel manne soos Sesbassar (Esra 1:8) en Serubbabel, soos Esra en Nehemia gereken word, maar hulle kulmineer in die Spruit wat weer koning sal wees en reg en geregtigheid doen.

Die koningshuis van Dawid het gefaal. Die koninkryk van Juda het op mislukking en ondergang uitgeloop. God moet ingryp. En Hy gryp in deur die verwekking van die regverdige Spruit.

God moet ingryp want dit gaan om die ware teokrasie, die Godsregering, die koninkryk van God. Toe die mens deur sy oortreding die koningskap van God verwerp het, het God *terstond* (Gen. 3:15) gesê, dat Hy die verkeerde vriendskap van mens en sonde in vyandskap sal verander, sodat die mens weer vriende van God kan wees. Maar wat Hy so *terstond* gesê het, word nie so *terstond* nie, maar eers gedurende 'n lang tyd en in 'n lang geskiedenis volvoer. Na die herhaalde sondige uitbarstings van die mensheid voor en na die vloed begin Hy met Abraham, sy vriend, 'n pad deur die mensheid te baan om vir Hom eers 'n volk te vorm waarvoor Hy Koning sal wees, 'n volk tot wie later alle volke weer sal kom om God te erken. So het uit Abraham die volk Israel voortgekom, 'n volk waarvoor God Koning was, "Koning in Jesurun" (Deut. 33:5); (Jesurun is Israel, Deut. 32:15) 'n volk by wie die gejubel tot eer van sy Koning is (Num. 23:21). Die HERE het hierdie koningskap uitgeoefen deur Moses en Josua, deur Rigtters, soos Gideon dit reg ingesien het (Rigt. 8:23). Maar dit was afvalligheid en ontrou, telkens weer. Daarna het die koningskap van Saul misluk en ten slotte het na eeue van val en opstaan, van opstaan en val, eers Israel afkerig geword, daarna ook Juda verdorwe geraak soos slegte vye (hoofstuk 24). Die hele geskiedenis roep om 'n ander Man. God sal hom gee: die Spruit! Hy sal as Koning regeer en verstandig handel en reg en geregtigheid doen in die land (23:5). Dit is die geheim van die koninkryk van God: reg en geregtigheid doen (vgl. 22:3).

Soms het dit wel gelyk asof die koninkryk van God waarlik in die volkslewe van Israel opgerig is, in Dawid, in Hiskia, in Josia, maar altyd weer het verderf van binne uit en verleiding van buite af die oorhand gekry. Die koninkryk van God bestaan nie in mooi tempels en offerandes nie (1 Sam. 15:22), nie in wette en seremonies, nie in staatsmag en oorlogsroem nie, maar in geregtigheid, gehoorsaamheid, ootmoed (Miga 6:6-8).

Ook vandag nog bestaan die koninkryk van God nie in mooi kerkgeboue en baasspelerige kerkvorste nie, maar in diens, in volslae diens aan God (Hand. 20:19; Ef. 4:2; Filipp. 2:3; Kol. 3:12; 1 Petr. 3:3, 4).

Wanneer die Spruit koning is, dán word deur Hom die koninkryk van God opgerig. Ook in die profesie van 33:1-18 word die verlossing toegeskryf aan die koms van die Spruit van die geregtigheid. Sy naam is: DIE HERE ONS GEREJTIGHEID (23:6; 33:16).

Hierdie naam beteken dat die geregtigheid van die volk bestaan in die HERE. In verskillende dinge het Israel sy geregtigheid gesoek, in tempeldiens en offers, in wette en seremonies. Hierdie dinge kan goed wees as hulle in diens staan van die ware religie, maar hulle ontaard as hulle los staan van die innerlike gemeenskap met God. Dan word dit uitwendige dinge en wie daarin sy geregtigheid soek, soek sy geregtigheid eintlik in homself en in sy eie godsdienstige handeling. Hulle moet hulle geregtigheid buite hulleself soek: in die HERE, in die Verbondsgod. By Hom is dit en Hy skenk dit in die Spruit wat Hy verwek. Hulle kry die geregtigheid as hulle onderdane word van Hom, as hulle sy heerskappy erken en aanvaar. Hulle het die geregtigheid dus aan Hom te danke.

Dit trek ons aandag dat hierdie gedagtes van Jeremia heeltemal ooreenstem met die Nieu-Testamentiese godsopenbaring.

Die vervulling van hierdie profesie geskied dan ook nie op kort termyn nie. Omstreeks 'n eeu later het Sagaria dieselfde profesie weer herhaal en die koms van die Spruit weer aangekondig (3:8; 6:12). Die vervulling het toe nog nie gekom nie. In die profesieë van Sagaria noem die HERE die Spruit "Sy Knecht" en 'n Man wat uit sy plek sal uitspruit en sy werk is dat *Hy die tempel van die HERE sal hou*.

Sagaria het opgetree om die teruggekeerde ballinge te bemoedig by die opbou van die verwoeste tempel. Die volk was dus in die dae goed "tempelbewus". Midde-in daardie situasie verkondig Sagaria dat die tempel van Sagaria tog nie die ware tempel is nie; dit is die tempel wat deur die Spruit gebou sal word!

Uit dit alles blyk onomstootlik dat met die regverdige Spruit die Christus bedoel word. Hy sal koning wees en die tempel wat Hy sal bou is 'n woning van God in die Gees. Hyself is van die huis die hoeksteen waarop die hele gebou verrys tot 'n heilige tempel in die HERE (Ef. 2:21, 22), die huis van Christus (Hebr. 3:6), waarvan die gelowiges die lewende stene is (1 Petr. 2:5). Ook van hulle gemeenskap geld: DIE HERE ONS GEREJTIGHEID.

## VII. DIE GROOT HEILSPROFESIE VAN JEREMIA

### 1. Hulle koning Dawid

Tot die heilsopenbaring van Jeremia behoort ook wat in die hoofstukke 30 en 31 staan. Hierdie heilsprofesie is ook in die oë van die HERE self van so 'n groot betekenis dat Hy bevel gee om dit afsonderlik "in 'n boek" dit wil sê op 'n rol te skryf. Die eindredakteur van die boek Jeremia het dit later in sy boek opgeneem.

Dit is nie die enigste keer dat Jeremia so 'n bevel ontvang nie; ons lees daarvan ook in 36:2. Dit was toe in die vierde jaar van Jojakim, dus nog 'n twintigtal jare voor die val van Jerusalem, maar ook reeds 'n twintigtal jare na Jeremia se roeping. Die vierde jaar van Jojakim was 'n belangrike jaar: 605, die jaar waarin die Egiptiese teenstand teen die nuwe Babiloniese ryk gebreek word (slag by Karkemis); ook die jaar waarin Nabopolassar sterf en Nebukadnesar hom opvolg. Die dreiging uit die Noorde word nou ernstig!

Hoewel soortgelyke bevels van 30:2 en 36:2 ook in bewoording baie na mekaar lyk ("Skryf vir jou in 'n boek al die woorde wat Ek met jou gespreek het"), is daar tog wel verskil in die motivering van die twee bevels. In hoofstuk 36 is dit dat die huis van Juda miskien sal luister na al die onheil wat Ek van plan is om hulle aan te doen, sodat hulle hul bekeer en Ek hulle ongeregtigheid en hulle sonde vergewe. In 30:3 is die agtergrond dat die oordeel en gerig daar is en die eintlike boodskap dat die HERE die lot van sy volk Israel en Juda sal verander en dat Hy hulle sal terugbring in die land wat Hy aan hulle vaders gegee het. Die bekering waartoe die volk in 36:3 die geleentheid gekry het, het nie gekom nie. Die oordeelsrampe het gekom. Maar, sê 30:3, daar sal verlossing wees. Dit wil daarom voorkom asof die bevel van 30:2 later gekom het as die van 36:2. Die volgorde van die hoofstukke is nie tot in alle onderdele chronologies nie; ons het dit al eerder opgemerk; vgl. 21:1 met 25:1.

In elk geval spreek die HERE reeds van heil as Juda nog volop in sonde leef en die straf nog moet ondergaan. Dit is 'n treffende bewys sowel van sy liefde as van sy geregtigheid!

'n Verskil tussen die bevels van hoofstuk 30 en 36 is dan ook nog dit, dat volgens 36:2 profesieë wat reeds uitgespreek is, versamel moet word en volgens 30:2 optekening van 'n nuwe profesie moet geskied. Hierby kan opgemerk word dat 30:2 ook aldus vertaal kan word: "Skryf vir jou in 'n boek al die woorde wat Ek met jou spreek", in die sin van: wat Ek nou gaan spreek.

In vers 4 word aangekondig dat daardie woorde nou volg.

Sy woorde begin met 'n beskrywing in digvorm en digmaat van die ellende wat in die gerig oor Jerusalem sal kom.

5. Ek hoor 'n geroep van angs.  
Dit is skrik, nie vrede nie.
6. Vra tog en kyk of 'n man baar!  
Want waarom sien Ek elke man,  
soos 'n barende vrou,  
met sy hande op sy heupe?  
Waarom is alle aangesigte doodsbleek?
7. Wee, want die dag is groot,  
sonder weerga.  
Dit is 'n tyd van benoudheid vir Jakob!  
Maar — hy sal daaruit verlos word!

Profeties word hier die groot gerigsdag wat oor Juda en Jerusalem sal kom beskryf: die val van die stad: brand en roof en 'n bloedbad (2 Kron. 36:17, 18, 19); daarna ballingskap en gerig voor Nebukadnesar te Ribla (2 Kon. 25:6, 7, 20, 21). In die optrede van Babel voer die HERE sy gerig uit. In die profetiese bewoording skemer deur — „'n dag sonder weerga" — dat die gerig 'n skaduwee is van die eindgerig. Maar, so lui die slotwoorde: Jakob sal verlos word!

In vers 8 begin die beskrywing van daardie verlossing, met die woorde: "Op die dag". Dit is nie die dag van die oordeelsrampe nie, vers 7, maar dit is 'n vae aanduiding van 'n toekomstige dag waarop die verlossing van Jakob sal plaasvind. In die tekening van die verlossing loop verskillende trekke deur mekaar; daar is trekke wat hulle vervulling vind in die terugkeer uit die ballingskap, maar ook trekke wat 'n wyere strekking het en op verdere toekoms as net die terugkeer wys. Hiertoë behoort die voorsegging dat in die plek van diens aan vreemde volke, Jakob die HERE sy God sal dien *en hulle koning Dawid wat Ek vir hulle sal verwek*. Nou het Jeremia reeds gesê en ons het dit ook reeds bespreek, dat die koningshuis van Dawid uitgedien was (22:30), maar dat die HERE vir Dawid 'n regverdige Spruit sal verwek. Dit is die Messias, soos ons gesien het. Hy is die Koning Dawid van wie ons hier lees. Die HERE sal Hom verwek (Luk. 1:26-35) en Hy is *hulle* koning. Hy is nie 'n vreemde nie, soos die oorheersers uit die ballingskap, maar hulle eie van God bestemde koning. "Onse Koning is deur Isr'els God gegewe" (Ps. 89:7, ber.). Na hierdie verbondenheid tussen volk en koning word in die wet reeds heengewys met die bepaling van Deut. 17:15 "uit die midde van jou broers moet jy 'n koning oor jou aanstel; jy mag geen uitlander, wat jou broer nie is nie, oor jou aanstel nie".

Ander trekke gaan met die ballingskap reeds in vervulling soos bv. dat die HERE 'n einde sal maak aan die nasies waarheen Hy hulle verstrooi het. Ook aan die wêreldheerskappy van Babel kom 'n einde en die HERE sal die juk van die nek van sy volk verbreek. En — die juk van sy eie Koning is sag!

Dat hierdie trekke deur mekaar loop en mekaar afwissel, soms in so 'n mate dat die oorgange moeilik is om te bepaal, is 'n kenmerk van die profesie. Die profeet sien toekomstige gebeurtenisse as berge aan die horison in een perspektief sonder om onderskeid te maak tussen wat naby is en ver, tussen vroeër en later. Al die verskillende gebeurtenisse staan trouens met mekaar in verband.

Die profesie van Israel se ellende word dus 'n heilsprofesie met Nieu-Testamentiese strekking en kan eindig met die bemoedigende woorde:

10. Jy dan, wees nie bevrees nie, o my kneg Jakob,  
wees nie verskrik nie, o Israel!  
Want kyk, Ek verlos jou uit ver plekke  
en jou nageslag uit die land van hulle gevangenskap;  
en Jakob sal terugkom en stil en gerus wees  
sonder dat iemand hom skrik maak.
11. Kyk, Ek is met jou — om jou te verlos.  
Ek sal 'n einde maak aan al die nasies  
waarheen Ek jou verstrooi het;  
maar aan jou sal Ek geen einde maak nie.  
Ek sal jou tugtig met mate,  
al sal Ek jou sekerlik nie ongestraf laat bly nie.

Die laaste woorde kan nie beteken dat die straf 'n bydrae tot versoening is nie. Die vergewing vloei voort uit die goedertierenheid van God (3:12). Die bloed van Christus is die volkome

versoening van al ons sondes. Maar die volk van God sondig nie ongestraf nie (Ex. 34:7). Volgens sy reg moet God straf en die straf sou vernietigend wees. Volgens sy liefde straf Hy nie in toorn nie (Ps. 6:2) maar met mate,

## 2. Wraak oor die vyande

In die verse 12 tot 17 lees ons van 'n nuwe profesie of in elk geval van 'n nuwe onderdeel van die groot heilsprofesie in hoofstuk 30 en 31. Dit blyk reeds uit die nuwe aanhef "So sê die HERE", maar nog veel duideliker in die aanspraak "jou verbreking" en "jou nood". In ons taal kan ons dit nie sien nie, maar in die Hebreeus is die voornaamwoord "jou" 'n suffiks in die *vroulike* vorm. Die volk van Juda word dus aangespreek as 'n vrou (vgl. bv. ook 8:19). In die vorige verse was die aanspraak: "My kneg Jakob" (vs. 10). Omdat die volk as 'n vrou voorgestel word, is daar ook sprake van haar minnaars (vs. 14). Daarmee word bedoel die ander volke en hulle gode wat Juda in sy afvalligheid van die HERE agterna geloop het (2:23; 3:8, 9).

In hierdie profesie word weer, eweas in die voorafgaande, eers die ellende van die volk in die strafgerigte beskryf:

12. Jou verbreking is ongeneeslik,  
jou wond is smartlik.
13. daar is geen medisyne vir die sweer,  
geen genesing vir jou nie.
14. Al jou minnaars het jou vergeet,  
hulle vra nie na jou nie.  
Want Ek het jou geslaan soos 'n vyand slaan,  
met 'n wrede tugtiging,  
omdat jou ongeregtigheid groot is,  
geweldig jou sondes.

In hierdie smart skuil ook smaad: die minnaars het haar vergeet! Die vriende in die sonde is onbetroubaar en nie standvastig nie.

"Vrou Juda" moet hieroor nie kla nie (vs. 15). Dat God haar hierdie dinge aangedoen het, is vanweë haar groot ongeregtigheid en haar geweldige sondes.

In die tweede helfte (vs. 16 en 17) volg dan eweas in die voorafgaande profesie, die heilsvoorsegging. Dit begin met die woord "Daarom ...". Dit gee moeilikheid want die voorafgaande verse, 12-14, bevat tog nie die rede van die heilsvoorsegging nie? Ter verklaring van hierdie moeilikheid word meestal aangeneem dat by die teksoorskrywings die volgorde van die verse 16 en 17 verwissel is. Dit behoort tot die mutilasie van die teboekgestelde woord van God, van Die Woord in die Vlees! Ons moet dan eers vers 17 lees, daarna vers 16. Vers 17 bring dan die keerpunt in die woord van die HERE: Hy sal genesing en gesondmaking gee van die verbreking en smartlike wond:

17. Ek laat genesing vir jou tot stand kom  
en maak jou van jou wonde gesond.

Waarom doen die HERE dit? Vanwaar kom die verandering in die optrede van die HERE? Louter uit Homself! Hier word nie 'n eis tot bekering gestel nie; nie omdat bekering nie nodig is nie, maar omdat hier 'n ander aspek van die genade van God op die voorgrond gestel word, naamlik dat die HERE self deur die manier waarop die vyande sy strawwe volvoer, geraak word, want die vyande noem Juda smadelik die VERJAAGDE. Sion, so sê hulle, is 'n volk waar niemand na vra nie, waaroor niemand hom bekommer nie. En as dit van sy volk gesê

word, dan is die reaksie van die HERE, dat Hy na die volk vra en Hom oor hulle bekommer. Dat sy volk die VERJAAGDE genoem word, verdra Hy nie. Wie die volk van God aanraak, raak Hom aan. Dit is die wonderbare verhouding tussen God en sy volk wat ondanks alles bestendig bly. Daarom, so sê vers 16, omdat die HERE die smaadwoorde van die vyande nie kan verdra nie, daarom sal die vyande gestraf word. Hulle het wel die raad van God volvoer, dog nie met die doel om sy raad te volvoer nie, maar uit vyandskap. Daarom sal hulle volgens die vergeldingsreg gestraf word:

16. Almal wat jou opeet, sal opgeëet word;  
al jou teenstanders sal almal saam in gevangenskap gaan.  
Hulle wat jou plunder, sal geplunder word;  
almal wat jou buitmaak, sal Ek oorgee as 'n buit.

Hierdie belofte het nie terstond in vervulling gegaan nie, maar in die loop van die geskiedenis, baie geslagte later. Die sondige Juda van Jeremia se dae het dit nie aanskou nie, maar hulle nasate. Uit die heilsbelofte kan elkeen dus nie aflei dat hy maar kan sondig en dat die einde wel goed sal wees nie. Trouens, alleen die gebroke hart glo die belofte.

Die eintlike heilsinhoud van hierdie gedeelte is wraak oor die vyande en heling van die smarte van die volk. Dit geld van Juda, maar ook van die volk van God in alle eeue. Na alle verval en bekering, na alle afvalligheid en insinking, na alle verbreking en wonde is daar ten slotte genesing deur die wonde van die Gekruisigde (1 Petr. 2:23; Jes. 53:5d) sodat die gemeente, die Vrou van die Lam (Openb. 21:9), as 'n reine maagd aan Christus voorgestel kan word (2 Kor. 11:2).

### 3. Die Maghebber-Borg

Verse 18-31:1 begin weer met die aanhef: "So sê die HERE". Hierdie nuwe onderdeel spreek die volk nie aan as *vrou* nie, maar met die naam Jakob, soos dit ook in vs. 4-11 die geval was. Daarom lyk dit of verse 12-17 'n intermezzo kan wees, waarna die profesie van 4-11 weer voortgaan. Dit is ook met die inhoud van die profesie die geval: vers 18 sluit direk aan by vers 10. Die heil wat daar verkondig word, word nou breër omskryf. Stad en paleis sal herbou word! Die tempel ook? Dit word nie gesê nie! Wel word 'n beskrywing gegee van die vreugde, die welvaart en die glorie wat in die volkslewe na vore sal kom. Agteruitgang en smaad sal nie meer hulle deel wees nie:

19. Uit hulle sal danksegging uitgaan  
en 'n stem van spelers.  
Ek sal hulle vermenigvuldig  
en hulle sal nie verminder nie.  
Ek sal hulle verheerlik  
en hulle sal nie gering word nie.
20. Sy seuns sal wees soos in die voortyd;  
sy vergadering sal voor my aangesig bestendig wees.  
Ek sal besoeking doen oor al sy verdrukkers.

Hierdie woorde kan as vervul beskou word in 'n nuwe volkslewe soos dit in die ballingskap inderdaad ontstaan het. Tog was daardie volkslewe nie steeds so glorieus as wat hierdie verse dit wil laat voorkom nie. Daarom ontstaan die gedagte dat in hierdie woorde op profetiese wyse 'n heenwysing na 'n hoëre vervulling skuil. Die profesie vind dan in so 'n geval 'n aanvanklike of voorlopige vervulling in die herstelde volkslewe na die ballingskap soos dit veral onder die Makkabeërs gebloe het, maar verder 'n hoëre vervulling in beter omstandighede as daardie. Dit moet ongetwyfeld die geval wees omdat van die maghebber



van die volk iets besonders gesê word. Dit is ten eerste dat die maghebber uit die volk afkomstig is en sy heerser uit sy midde sal voortkom. Dit is dieselfde gedagte wat in vers 9 reeds uitgespreek is in die woorde "hulle koning Dawid", wat 'n aanduiding is van die Messias-Koning wat uit die huis en geslag van Dawid was. Maar ten tweede sal die HERE hom laat aankom en hy sal naderkom na Hom na die HERE, toe. Dat dit iets besonders is, blyk uit die toevoeging dat dit 'n waagstuk is om nader na die HERE te kom en uit die vraag wie sy lewe sal waag om nader te kom na Hom toe.

By die uitdrukking "sy lewe waag" soos ons dit vind in ons Afrikaanse vertaling, moet iets ter verduideliking gesê word, Dieselfde Hebreeuse woord wat hier met "om te waag" vertaal word, is op ander plekke vertaal met "om borg te wees" (Gen. 43:9; 44:32; Jes. 38:14; Ps. 119:122). Die gebruikte werkwoord sluit inderdaad die betekenis van *borgtog*, *borgstelling* in. Tereg neem die Nederlandse vertalings hierdie gedagte op in hulle bewoording, wat in die Statevertaling aldus lui: "want wie is hy, die met zijn hart borg worde om tot Mij te genaken?" en in die nuwe vertaling van die Nederlandse Bybelgenootskap: "want wie zou zijn hart ten borgtocht kunnen geven om tot Mij te genaken?"

Die Afrikaanse vertalers het verkies om met "sy lewe daaraan waag" te vertaal. Hierin lê die gedagte dat om borg te wees altyd 'n gevaar insluit. En dat hulle nie "wat sy hart" maar "wat sy lewe" daaraan waag, vertaal, is 'n verbetering.

Wat ten slotte die laaste woorde: "om nader te kom na My" betref, moet opgemerk word dat die Hebreeuse voorsetsel wat hier met *om* vertaal is, nege-en-twintig verskillende betekenis het o.a. ook *deur*. As ons meen om aan hierdie betekenis die voorkeur te gee dan lui vers 21b, soos volg: wie is hy tog wat met sy lewe borg is deur nader te kom na My toe?

Om borg te wees beteken om in iemand se plek te gaan staan, om sy lot te dra, al is dit ook 'n doodslot. Dit doen die maghebber deur nader te kom na Hom (die HERE) toe. Maar hy kon dit waag, wat niemand anders kon waag, soos dit uitgedruk word in die vraag: wie is hy tog... ? En waarom kon die maghebber dit waag? Waarom is Hy die enigste wat nader kom tot Hom? Omdat God hom self laat aankom!

Dat hy nader kom, is om as 'n borg vir sy volk op te tree. Hy doen dit nie eiemagtig nie, maar is deur God aangestel om dit te doen.

Hiermee word dus met betrekking tot "hulle koning Dawid" 'n baie belangrike gedagte uitgespreek naamlik die gedagte van die borgtogtelike optrede van die maghebber van die verlose volk, die gedagte van die borgskap van die Messias Koning.

In hierdie versluisde bewoording word aan die verlose volk sy borg toegesê. Hiermee bereik die profesie 'n hoogtepunt.

Omdat "die heerser uit sy midde" meer is as 'n gewone Dawidiese koning, in dinastieke sin, is die volk waarvoor Hy heerser en waarvoor Hy borg is ook meer as die gewone Israelitiese volk in etniese sin, maar die Nieu-Testamentiese gemeente, soos dit by Koning Jesus pas.

Die eintlike slotvers van hierdie profesie is 31:1. Vers 22 loop daarop vooruit en verse 23 en 24 is 'n herhaling van 23:19 en 20. Die eintlike slotgedagte is 'n samevatting van die heil wat daarin bestaan dat die HERE 'n God is vir alle geslagte van Israel en hulle 'n volk vir Hom — 'n stereotiepe uitdrukking, sien 7:23; 11:4; 24:7; 31:33.

#### **4. Ewige liefde**

Jeremia 31:2-6 begin weer met die aanhef: So sê die HERE.

Hierdie nuwe gedeelte van die groot heilsprefesie het betrekking op ISRAEL (vs. 2). Met

hierdie naam kan die hele volk van God bedoel word of die tien stamme van die noordelike ryk. Die vermelding van Samaria en Efraim in verse 5 en 6 kan lei tot die opvatting dat die ryk hier bedoel word. Maar "Israel" is ook dikwels aanduiding van die hele volk byvoorbeeld in die naam "die HERE, die God van Israel" (23:2), in 'n profesie wat, soos ons reeds gesien het, in die eerste plek betrekking het op Juda. Ook die benaming: "jonkvrou van Israel" (vs. 4) dwing ons nie om uitsluitend aan die tien stamme te dink nie, want in 18:13 word met dieselfde naam Juda bedoel of in elk geval daarby ingesluit.

Daar is ander redes wat lei tot die opvatting dat hier met Israel die hele volk bedoel word. Die eerste is die digterlike woorde waarin die volk geteken word:

Genade het gevind in die woestyn  
die volk van die vrygemaaktes van die swaard,  
op pad na sy rus — Israel!

In hierdie skildering sien ons die volk op pad uit die ballingskap. In die geskiedenis geld dit alleen van Juda (en van mense uit ander stamme wat hulle by die terugkerende Jode aangesluit het); van 'n (meer of mindere) massale terugkeer van die tien stamme maak die geskiedenis, nog die Bybelse nog die profane, geen melding nie.

In die tweede plek is die groot heilsprofesie gerig tot die hele volk (30:3). Dit word gesê met die woorde dat die HERE die lot van Israel en Juda sal verander. Dit is die hele volk van Jakob. Israel word daar afsonderlik genoem om aan te dui dat die HERE sy heil nie tot Juda beperk nie. Dat die twee langs mekaar genoem word, vind sy oorsaak in die tydelike skeuring van die volk en in die tweespalt waarin hulle so lank naas mekaar geleef het; en die doel daarvan is om te beklemtoon dat beide dele in die heil wat voorsê word weer een sal wees. Die Here praat ook nie van my volke nie, maar van my volk Israel en Juda.

Dat die hele volk in die heil sal deel, word sterk benadruk deur die noem van die berge van Samaria en van Efraim. Dit verdien egter aandag dat hiermee nie stamme nie, maar landstreke genoem word, landstreke wat wel tot die gebied van die tien stamme behoort het, maar eers dele van die hele, ongedeelde, volk was en dit later ook weer was!

Ten slotte blyk duidelik uit die woorde wat die HERE tot "Israel" spreek, dat dit meer is as die tien stamme, vers 3. Die HERE verskyn aan sy volk "uit die verte". Vgl. Luk. 15:20! "Toe hy nog ver was, het sy vader hom gesien en innig jammer vir hom gevoel". Het Jesus aan die woorde van Jeremia gedink, toe Hy dit gesê het? Uit die verte vanuit *Sion* sien die HERE sy volk aankom en roep hulle toe:

Met 'n ewige liefde het Ek julle liefgehad;  
daarom het Ek jou getrek met goedertierenheid.

Dit sê die HERE aan die jonkvrou van Israel en die woorde klink soos 'n bruidegomsgroet waarmee die bruid ontvang word. Hierdie woorde is die teenhanger van 2:2. Dáár spreek die HERE van die liefde van Israel in haar bruidstyd. Hiér getuig die HERE van sy liefde vir Israel. Die liefde van Israel was nie bestendig nie. Maar God se liefde is ewig. En daaruit vloeï die verlossing voort. Eintlik is dit nie die volk wat kom nie, maar die HERE wat sy volk trek met goedertierenheid, dit wil sê met verbondenheid, met 'n onlosmaaklike verbondenheid. Daar was tugtiging en gerig, bekering en berou nodig. Maar dit alles word hier nie genoem nie. Hier word net die diepste grond van die versoening genoem: die liefde van God vir sy volk. Die vrygeraaktes van die swaard ondervind dit. Met die oog daarop was daar vrygeraaktes (4:27), vrygeraaktes van die swaard. Die swaard was een van die strafmiddels (15:2). Die gerig moes kom. Sion sal deur strafgerig verlos word (Jes. 1:27). En die "maghebber" kon tot God nader (30:21) om die Vader sy borgtog aan te bied. Maar al hierdie dinge word "oorgeslaan", om net die absolute hoofsaak te noem: *die ewige liefde*.

Dan belooft die HERE dat Hy die weergevonde volk sal bou: hulle sal sterk, gesond, gaaf wees en vreugde geniet. Vreugde, dit is die kenmerk van die koninkryk van God. Musiek en dans sal daar wees onder die verlostes. Vroue en jongmeisies slaan die tamboeryn (Ps. 68:29; Ex. 15:20; Rigt. 11:34; 1 Sam. 18:6) en die tamboeryne was opgesmuk met belletjies en klokkies. Daarom sê die HERE: versier jou weer met jou tamboeryne. Dan gee die wagters op die berge van Efraim die feesroep deur om op te trek na Sion. Sion, dit is ook in 3:14 die woord wat die hoogste uitdrukking gee van die heilsvreugde in die versoening met God.

## 5. Jubel oor "die hoof van die nasies"

Jeremia 31:7-14 begin weer met die aanhef: "So sê die HERE". Hierdie nuwe onderdeel van die groot heilsprediking van Jeremia begin met 'n bevelvorm, in die meervoud: Jubel (Nederlandse vertaling: Jubelt). Aan wie die bevel om te jubel gegee word, blyk eers in vers 10 waar die nasies toegesprek word. En waarom moet die nasies jubel? Oor Jakob. Met hierdie naam word die hele volk, Juda en Israel, bedoel. Dit word nader aangedui met die naam: "die hoof van die nasies". Die nasies moet dus jubel oor hulle hoof!

Dit is hier die enigste keer dat Israel die hoof van die nasies genoem word. Amos gebruik die term: "eerste onder die nasies", maar dit sal wel dieselfde betekenis hê (vgl. ook Jer. 2:3). Hierdie uitdrukking is 'n samevatting van verskillende karakteriserings wat ons aangaande Israel lees, bv. dat geen nasie met Israel kan wedywer met betrekking tot sy God en sy wette nie (Deut. 4:7, 8); dat die HERE Israel uitverkies het om uit al die volke wat op die aarde is, sy eiendomsvolk te wees (Deut. 7:6); dat die HERE Israel die hoogste sal stel bo al die nasies wat Hy gemaak het, tot 'n lof en 'n roem en 'n sieraad (Deut. 26:19); dat daar geen volk is soos Israel nie, 'n enige nasie op die aarde, wat God verlos het om vir Hom 'n naam te maak (2 Sam. 7:23, 24).

Daar was tye waarin daar weinig rede was om Israel die hoof van die nasies te noem — toe Israel hom nie as eiendomsvolk gedra het nie, maar die heidense afgoderye slaafs nagevolg het, toe hulle in vernedering, onder vreemdes, in vreemde lande moes lewe. Maar nou word die tye weer anders: die volk word verlos uit sy vernedering en sy sondes word deur God vergewe.

Die verlostes word "die oorblyfsel van Israel" genoem. Die HERE gebruik die woord oorblyfsel hier wel in besondere sin. Jeremia spreek dikwels van die oorblyfsel van Israel en bedoel dan eenvoudig die Judeërs wat in die oordeelsrampe nie omgekom het nie (40:11, 15; 41:10, 16; 42:2, 15, 19; 43:5; 44:28). Die woord oorblyfsel het dan net numerieke betekenis. Jeremia sê dan van hierdie oorblyfsel dat dit óók sal omkom (6:9; 8:3; 15:9; 24:8; 44:12, 14). In ons prediking word die oorblyfsel juis verlos. Dit lyk of dit in teëspraak met mekaar is, maar die woord "oorblyfsel" het hier nie dieselfde numerieke betekenisnuansering as in bogenoemde tekste nie. Die Judeërs wat terugkeer, is mos nie dieselfde mense as wat aan die rampe van die gerig ontkom het nie — hoogstens hulle nageslag. Jeremia gebruik hier die woord oorblyfsel meer in heilshistoriese sin, soos hy dit in 23:3, indien nie in die eerste instansie nie, dan tog wat betref die profetiese strekking (vgl. vs. 4 en verder), ook doen. Dit is ook die betekenis van "oorblyfsel" in Gen. 45:7, waar Josef sê: God het my voor julle uit gestuur om vir julle 'n oorblyfsel op die aarde te verseker en om julle in die lewe te hou tot 'n groot verlossing. Dit is duidelik dat hier nie 'n numerieke oorblyfsel bedoel word nie, want niemand van die gesin van Jakob het van honger omgekom nie. Josef bedoel die instandhouding van Jakob se geslag. Die seweduisend manne op wie Paulus sinspeel (Rom. 11:4), wat die HERE laat oorbly het, het Hy ook laat oorbly in religieuse opsig. Net so is daar dan ook, sê hy verder, vers 5, in die teenwoordige tyd 'n oorblyfsel, ooreenkomstig die verkiesing van die genade. Die woord oorblyfsel kry dus 'n heilshistoriese, 'n eskatologiese

betekenis, wat ook in ons profesie reeds deurskemer. Die numerieke betekenis bly wel geldig in sover nie almal, hoof vir hoof, in die heil deel het nie: "Al is die getal van die kinders van Israel soos die sand van die see, net die oorblyfsel sal gered word (Rom. 9:27), maar andersins is die oorblyfsel die verteenwoordiging van die hele volk. Takke is afgekap, maar die wortel bly! (Rom. 11:15 e.v.).

So is dan die oorblyfsel van Israel in ons profesie, 31:7, die uitverkorenes uit Israel en, eskatologies, die deur wedergeboorte "ingeënte" Godsvolk van alle eeue.

Origens word in hierdie profesie die heil beskryf in aardse trekke: 'n veilige terugtog uit die "Noordland". Sowel Israel as Juda is na ver noordelike geleë lande weggevoer. Vir elkeen is daar geleentheid om saam te gaan: blindes en lammes, swangeres en barendes! Almal word in die stoet opgeneem en met trane van ontroering trek hulle voort onder die hoede van die HERE want, so sê die HERE — en dit is meer as net 'n aardse trek —

Ek is vir Israel 'n vader  
en Efraim is my eersgeborene!

Soms word die verhouding tussen God en sy volk voorgestel as die van twee geliefdes (2:1; 31:3), hier as die van 'n vader en sy seun: God is Israel se Vader en, om dieselfde gedagte in digterlike trant te herhaal, Efraim is my eersgeborene. Deur in hierdie parallelisme Israel met Efraim te vervang word nie gesê dat hierdie profesie alleen op die stamme betrekking het nie, maar wel dat die hele volk in die verlossing deel het. Meermale word *Israel* God se eersgebore seun genoem (o.a. Ex. 4:22). Hier is dit *Efraim*, maar tog as verteenwoordiger van die hele volk. Die twee seuns van Josef is deur Jakob aangeneem as sy eie, net soos Ruben en Simeon. Omdat Ruben die bed van sy vader onheilighet, is sy eersgeboortereg aan die seuns van Josef gegee (1 Kron. 5:1). Van die seuns van Josef was Manasse die oudste maar Jakob het Efraim bo hom gestel (Gen. 48:13-19). So kan Efraim as eersgeborene genoem word, maar die benaming beteken in wese dieselfde as: Israel is my eersgeborene. Die sterwende Jakob was met sy gedagtes by Ragel, sy geliefde vrou (Gen. 48:7) en daarom het hy haar kinders bevoorreg. So kom Ragel hier in die prentjie (sien vers 15).

Die mees kenmerkende trek uit hierdie onderdeel van Jeremia se groot heilsprofesie is die oproep tot die nasies: hulle moet jubel en verkondig (vgl. Ps. 22:28, 29; 126:2). Die heil van Israel is nie enkel volksbelang nie, maar wêreldbelang.

Jeremia rig hom anders nooit in hierdie sin tot die nasies nie. Tog blyk uit ander uitsprake van die Ou Testament dikwels genoeg dat die volke by die verlossing van Israel en by die oorwinning van sy God betrokke is. Die Knecht van die HERE is 'n lig van die nasies (Jes. 42:5, 6) en die heerlikheid van God sal onder die nasies verkondig word (Jes. 66:19). Dat God 'n groot Koning is, moet die volke laat juig (Ps. 47:2) en sing (68:33; vgl. ook 96:3; 97:1; 98:4), want die heerskappy van God en die koms van sy koninkryk beteken vir die volke die ondergang van wrede aardse maghebbers. Die oorsprong van die betrokkenheid van die nasies op die verlossing van Israel lê reeds in die doel van God met die roeping van Abraham: om deur die breë heidense volkewêreld 'n smal heilsbaan oop te maak waarlangs uiteindelik die heil by alle volke sou uitkom. In Abraham sal al die geslagte van die aarde geseën word (Gen. 12:3)!

Jeremia sê egter nie net dat die volke moet jubel nie, hulle moet ook die heil van Israel *verkondig*. Elkeen moet in sy eie taal oor die groot werke van God spreek (Hand. 2:11). Of met verbasing en ontsteltenis, of met blydschap en verwondering moet die volke in Israel iets sien wat hulle tot verkondiging opwek. Wanneer sal die kerk van Christus hom sodanig in die wêreld openbaar dat die nasies sal uitroep: "Dáár is die heil van God"?

Wat die nasies moet verkondig, word vir hulle in die mond gelê:

Hy wat Israel verstrooi het, sal hom vergader  
en hom bewaak soos 'n herder sy kudde.  
Want die HERE het Jakob losgekoop  
en hom verlos uit die hand van hom wat sterker was as hy.  
En hulle sal kom en op die hoogte van Sion jubel  
en toestroom na die seëninge van die HERE,  
na die koring en die mos en die olie  
en na die jong skape en beeste;  
hulle siel sal wees soos 'n welbesproeide tuin  
en hulle sal verder nie meer kwyn nie.  
Dan sal die jonkvrou haar verheug in die koordans,  
ja, die jongmanne en die oues tesame.  
Ek sal hulle rou in vreugde verander  
en hulle troos  
en hulle tot blydschap bring uit hulle kommer.

Weer is in hierdie heilskildering die aardse trekke sterk oorwegend. Tot die rampspoede in die oordeel het behoort dat die stem van vreugde en vrolikheid, die stem van die bruidegom en van die bruid sou ophou (7:34) — nou egter sal manne en vroue hulle weer verheug in die koordans. Tog is die grootste weldaad dat dit die HERE is wat dit in sy goedgunstigheid gee. Daarom word wel koring en mos en olie, jong skape en beeste genoem, maar die hoogtepunt is dat hulle jubel op die hoogte van Sion. Daar op die hoogte waar "Sions top hom wentel uit die dieptes op" groei geen koring en mos en olie nie, maar daar is die vreugde van die gemeenskap met God. Die aardse beelde teken die weelde van die vreugde.

## 6. Die berou van Efraim

Jeremia 31:15-22 begin weer met die aanhef: "So sê die HERE". In die vorige profesie (vs. 7-14) is met nadruk gesê, veral deur Efraim *my eersgeborene* te noem, dat ook die tien stamme in die heil wat geprofeteer word, deel sal hê. Die profesie van verse 15-22 word spesiaal aan Efraim gewy; dit sê hóé Efraim deel kry in die verlossing.

In hoofstuk 3:11 en volgende verse word ook aan die afkerige Israel, wat spesifiek die tien stamme is, heil toegesê en word hulle opgeroep om van hulle dwaalweë terug te keer. Hoewel die naam Efraim in ons teksverband nie in die mate eksklusief opgevat moet word as wat dit in hoofstuk 3 die geval met die naam Israel is nie, maar Efraim as eersgeborene die hele volk verteenwoordig (vs. 9), vestig die naam ons aandag tog so sterk op die tien stamme, dat ons verband kan lê tussen die belofte van hoofstuk 3 en ons profesie. Die belofte van 3:12 het nie on vervul gebly nie!

Ons profesie begin op 'n droewe noot: met 'n klaagtoon van bitter geween. Dit is Ragel wat in Rama ween oor haar kinders.

Dit spreek vanself — elkeen voel dit aan — dat dit nie letterlik verstaan moet word nie. Ragel staan en ween nie daar by Rama nie. Dit is 'n digterlike voorstelling. En as dit so is dan is die stem wat daar gehoor word, ook geen fisiese klank nie. Die stem behoort tot die digterlike voorstelling, tot die digterlike verbeelding. Met hierdie digterlike vorme word egter wel iets werkliks bedoel en dit is die desolate toestand van die volk van die HERE toe die wegvoering in ballingskap feit geword het. Dit is 'n droewe werklikheid, soos dit skyn, absoluut troosteloos. Dit word digterlik so voorgestel asof Ragel, die moeder van Josef en Benjamin en, vir sover Benjamin by Juda behoort het, die stammoeder van die hele volk, by Rama ween. Rama is die plek waar Nebusaradan, die owerste van die lyfwag van die koning van Babel, die gevangenes bymekaar gemaak het (40:1) om vandaar na die oorde van ballingskap

weggevoer te word. Hierdie digterlike voorstelling is fyn en treffend en getuig van digterlike visie en verbeeldingskrag: die smart van die moeder oor haar kinders omdat hulle weg is uit hulle land, omdat hulle gedood is, of as gevangenes weggelei is.

Nou begin hierdie digterlike voorstelling met die woorde "so sê die HERE". Dit beteken dat die HERE self ook insien hoe smartlik die toestand van sy volk is. Laat dit dan hulle eie skuld wees, laat dit so wees dat die toorn van God en sy strawwe ten volle geregverdig was — God is nie 'n vyand van sy volk nie, Hy verheug hom nie oor die ondergang van onderworpe rebelle nie, maar Hy is 'n Vader van sy volk, 'n heer (3:14), 'n man van die jonkvrou van Israel. Hy sien die leed van die volk met vaderoë aan. Tog beteken dit nie dat God hier die digter met verbeeldingskrag is wat hierdie digterlike voorstelling kies nie. Hy is meer as digter; Hy het meer as verbeeldingskrag. Hy laat, as openbaarder, aan sy openbaringsorgaan, die profeet, sien wat en hoe die toestand werklik is, en die gevoelige Jeremia is heeltemal die geskikte persoon om die openbaring van God te verstaan en te bewoord; hy is die digter wat dit met sy talent doen op die ontroerende manier waarop hy dit doen. Ons kan dus by vers 15 wel spreek van die digterlike voorstelling van *Jeremia*.

Intussen moet ons dit nie verbysien dat hierdie beskrywing van die volksellende midde-in 'n groot heilsprofesie staan nie. Dit gaan hier nie om ellende beskrywing nie; dit is maar 'n aanloop. Daarom gaan die digter ook onmiddellik verder met sy eintlike onderwerp, die heilsprofesie, deur te sê: "Bedwing jou stem van geween en jou oë van tranes". Dit is nie so absoluut troosteloos as wat dit skyn te wees nie.

Ook dit het die HERE aan Jeremia geopenbaar: die ellende sal verby gaan; daar sal 'n terugkeer wees.

Na sy beskrywing van die kindermoord in Betlehem sê Matthéüs: "Toe is vervul wat deur Jeremia, die profeet, gespreek is, toe hy gesê het: 'n Stem is in Rama gehoor: rouklag en geween en groot gekerm; Ragel beweën haar kinders en wil nie vertroos word nie, omdat hulle daar nie meer is nie".

Dit wil nie sê dat Jeremia die kindermoord voorspel het nie. Dit is veeleer 'n bewys van die intense rykdom van die profesie. 'n Profesie kan op verskillende wyse vervul word: in sekere sin, maar ook in 'n ander sin, voorlopig en ook volledig, enger of ruimer, letterlik maar ook geestelik. Die gang van die gebeurtenisse maak eers ons oë oop vir die ryke betekenis van 'n profesie. Matthéüs het gesien dat die kindermoord ook 'n vervulling was van die profesie van Jeremia. En deur dit in sy verhaal te vermeld, gee hy ook troos, want daardeur plaas hy hierdie wrede gebeurtenis in 'n heilsraam, soos ook Jeremia 31:15 in die raam van die groot heilsprofesie staan. Die kinders van Betlehem het nie tevergeefs gesterwe en die moeders het nie tevergeefs geween nie. Ook vir hulle is daar loon vir hulle arbeid en verwagting vir die nakomelinge. Die kinders het gesterf ter beveiliging van die Kind Jesus, sodat daardie Kind Jesus Koning Jesus kon word en as Koning sal Hy geregtigheid doen en "sy volk besoek" (Luk. 7:16).

Om die hoopvolle toesegging vir die kinders van Ragel te bevestig, profeteer Jeremia twee belangrike sake; ten eerste dat Efraim tot berou gekom het en die regmatigheid van sy straf erken het:

18. U het my getuigtig en ek het my laat tughtig  
soos 'n ongeleerde kalf.  
Bekeer my, dan sal ek my bekeer,  
want U is die HERE my God.
19. Want nadat ek tot inkeer gekom het,  
het ek berou gehad

en nadat ek tot insig gekom het,  
het ek op die heup geslaan;  
ek het beskaamd gestaan,  
ja, ook in die skande gekom,  
omdat ek die smaad van my jeug dra.

Dit is belangrik omdat berou 'n onderdeel is van die weg tot heil. En die ander belangrike saak is dat die HERE dit hoor: "Sekerlik, het Ek Efraim hoor weeklag!" Die boeteklag, die skulderkenning, die verootmoediging dring tot Hom deur en so wil Hy dit ook hê! Dit is die terugkeer tot die HERE wat in die belofte van 3:14 as noodsaaklik genoem is. Dit is bekering. En bekering is eintlik 'n onmoontlike saak vir onbekeerlike mense (13:23). Wie kan aan die eis tot bekering voldoen? Maar God kan tot bekering bring en dan word 'n mens bekeer, maar dan bekeer hy ook homself. Want as God 'n mens tot bekering bring, word die wil vernuut en die vernieuwe wil word nie alleen deur God gedrywe en beweeg nie, maar omdat dit deur God beweeg word, werk dit ook self, Daarom word ook tereg gesê dat die mens glo en hom bekeer deur die genade wat hy ontvang het.

Ons beluister hierdie diepsinnige waarheid soos hierbo uit die Dordtse Leerreëls gesitêer (III, IV; 12) ook uit die boetegebed van Efraim: "BEKEER MY, DAN SAL EK MY BEKEER".

Wanneer ons hier die HERE hoor verklaar, dat Hy die weeklag van Efraim hoor, dan tree Hy voor ons op as 'n lewende, opmerksame God, wat vir die mense so dig naby is. God is nie 'n starre grootheid nie, maar 'n lewende God. Dit gryp ons nog meer aan in wat die HERE sê in vers 20. Die HERE stel daar aan Homself 'n vraag, 'n vraag van selfverwondering oor sy eie houding. Hy vra hom af: Is Efraim vir My 'n dierbare seun of 'n troetelkind? Om die bedoeling van die vraag te verduidelik sou ons "hoe is dit moontlik" aan die vraag kan toevoeg. Efraim word in Hosea geteken as 'n lastige en woelige kind. "As Efraim spreek is daar siddering" (13:1). En tog hou God van hom! Hy moet altyd aan hom dink, ook al moes hy dikwels hard toegesprek word. Daarom is sy ingewande oor hom in beroering, dit wil sê sy verlange gaan na hom uit. Het Jesus hieraan gedink by die gelykenis van die verlore seun? Sodra die boeteklag weerklink, is die vader met ontferming bewoë. Vgl. ook Hos. 11:8. Hy sal Hom sekerlik oor hom ontferm!

In vers 21 keer die profetiese rede weer terug na die tydstip van vers 15. Daar staan die volk bymekaar om die ballingskapsreis te begin. Dis vir hulle dat die profeet in sy digterlik-profetiese gedagtes uitroep:

Rig vir jou mylpale op  
maak vir jou padwysers,  
let op die heerbaan,  
die pad wat jy loop —

want hulle moet die pad goed onthou vir die terugkeer! Die profeet sien nou reeds voor sy geestesoog dat die terugkeer plaasvind en kies dus weer 'n ander tydstip as in vers 21 (hierdie beweeglikheid is 'n kenmerk van profesieë). Wat die terugkeer betref, bespeur die profeet 'n aarseling (vs. 22) by die "dogter" wat altyd so afkerig was. Die verandering, die oorgang is ook so ontstellend groot. Maar tog werklik waar. Dit is iets nuuts, wat die HERE bewerk! "Die vrou sal die man beskerm!" Is dit nie die omgekeerde wêreld nie? Seker, dit is! Maar so nuut is die herskeppingswerk, die verlossingswerk van God! En al is dit nog so vreemd, omdat dit God is wat alle dinge nuut maak (Openb. 21:5), kan ons dit aanvaar. Eenmaal het die sonde die wêreld omgekeer.

Eenmaal het die afkerige Israel van sy heer afgewyk en agter nietige afgode aangeloop. Was dit nie 'n omgekeerde wêreld nie? En as 'n man sy vrou verlaat en sy gaan van hom af weg en

word 'n ander man s'n, kan hy dan nog na haar teruggaan? Sou dit nie die omgekeerde wêreld wees nie? En tog — die HERE sal dit doen in sy ontfermende genade. Daarom, afkerige dogter, aarsel nie!

## **7. Verkwikking van die vermoeide siel**

Jeremia 31:23-25 begin weer met die aanhef: "So sê die HERE" en hierdie keer met die gewigtige toevoeging: die HERE van die leërskaare, die God van Israel. Twee eienskappe van God word hiermee op die voorgrond geplaas: ten eerste sy hoogheid; ten tweede sy verbondenheid aan Israel. Die betroubaarheid van sy beloftes en die waaragtigheid van sy heil word daardeur bevestig.

Nadat in die voorafgaande verse Efraim op die voorgrond geplaas is, is hierdie profesie weer tot Juda gerig. Dit is 'n profesie wat spreek van aardse geluk vir die teruggekeerdes. Tog is die aardse geluk deurweef met die weldadige goedgunstigheids van die HERE wat die vermoeide siel verkwik en elke kwynende siel versadig. Die wens waarmee die bewoners van die land — stedelinge, landbouers en herders — mekaar begroet, is dan ook religieus getint: Mag die HERE jou seën, o woning van geregtigheid, heilige berg!

Buite die verband van hierdie reeks profesieë val die opmerking — waarskynlik van die profeet self — wat ons lees in vers 26: "Hierop het ek wakker geword en opgekyk en my slaap was vir my soet". Dit was vir hom 'n tydelike verplasing uit die bittere werklikheid waarin hy geleef het na 'n skone toekoms.

Uit hierdie opmerking kan afgelei word dat slaap (en droom) tot die openbaringswyse waarvan die HERE gebruik maak, behoort het. Al verwerp die HERE die drome van die valse profete (23:25) — dit sluit nie in dat Jeremia die slaap en die droom in sy eie lewe as openbaringsmiddel moet verwerp nie.

Hy sê ook dat sy slaap soet was vir hom. Wat hom geopenbaar is, was immers heilsprofesie. En net soos die oordeelsaankondiging 'n bitter en droewe taak vir hom was (8:18; 9:1 e.a.), so was die heilsopenbaring aangenaam en soet vir sy gevoelige siel.

## **8. Erkenning van die persoonlike skuld**

'n Nuwe onderdeel van die groot heilsprofesie word ingelei (31:27) en voortgesit (vs. 31, 38) met dieselfde aankondiging waarmee die profesie ook begin het (30:3): "Kyk daar kom dae, spreek die HERE, dat..." Hierdie tydsaanduiding is baie vaag en hoef nie altyd op dieselfde toekomstige tydperk betrekking te hê nie.

Die eerste belofte wat met hierdie aankondiging deur die HERE aan die hele gemeenskap van teruggekeerdes, die huis van Israel en die huis van Juda, gedoen word, raak die uitbreiding van die dun bevolking in die land van die vaders na die terugkeer en die vermeerdering van hulle veestapel. Dat dit 'n gawe is wat regstreeks van God kom, word uitgedruk met 'n beeld wat aan die akkerbou ontleen is: soos 'n landbouer sy graan saai, so saai God as 't ware saad van mense en diere. Hy skenk en bevorder vrugbaarheid. Omdat ook diere in die belofte ingesluit is, is dit aardse seëning, maar 'n seëning nie met dood stoflike goed nie, maar met lewe, soos Hy alleen dit kan gee, lewe van mense en diere. Ook verder sal die HERE wakker wees om te bou en te plant. Hierdie woorde het 'n wye strekking en dui op toenemende welvaart. Sowel die uitdrukking "wakker wees" as "bou en plant" is 'n duidelike terugslag op die woorde van die HERE by die roeping van Jeremia (sien 1:10, 12).

Op hierdie voorsegging van stoflike seëning volg 'n ander een wat suiwer geestelik van aard is. Blykbaar was daar in die dae 'n spreekwoord in swang wat getuig het van onbekeerlikheid



en gebrek aan skuldbesef. Die mense het gesê: "Die vaders het groen druiwe geëet, en die tande van die kinders het stomp geword". Daarmee het hulle bedoel dat onskuldige kinders moet ly vir die sondes van die vaders. In hierdie gedagtegang word God van onreg betig.

Esegiël maak melding van dieselfde spreekwoord en hy bestry dit ook, net soos Jeremia (Eseg. 18). Dit moet onthou word dat Jeremia en Esegiël tydgenote was. Esegiël is in 597 met koning Jojagin na Babel gevoer en tree dan as profeet op onder die ballinge by die Kebarrivier. Hulle profeteer dus gelyktydig, Esegiël in Babel en Jeremia in Jerusalem en hulle altwee tref dieselfde hardnekkige beskouing aan wat in die genoemde spreekwoord tot uitdrukking kom. Solank dit gesê word, is die hart afkerig van God, is die mens regverdig in sy eie oë en word God beskuldig van onreg. En wanneer dit, soos die profesie aankondig, nie meer gesê word nie, is dit 'n bewys van skulderkenning en verootmoediging.

Hierdie spreekwoord moet nie verstaan word as 'n beskimping van die solidariteit van die geslagte onder die oordeel, van die kollektiewe regstoepassing nie, want dit is inderdaad daar. Die HERE besoek die misdaad van die vaders aan die kinders, aan die derde en aan die vierde geslag van die wat Hom haat (Ex. 20:5; Deut. 5:9). Daarom sê Hy ook tot Juda dat Hy met hulle sal twis en dat Hy ook met hulle kinders sal twis (2:9). Jeremia aanvaar dit ook in sy gebed — sien 32:18. Solidariteit in straf gaan gepaard met solidariteit in skuld. Die kinders leef voort in die sondes van die vaders, geslagte lank. Maar sowel Jeremia as Esegiël het verkondig: elkeen sal weens sy eie ongeregtigheid sterwe; elke mens wat die groen druiwe eet, sy tande sal stomp word (Jer. 31:30; Eseg. 18). Die HERE doen reg. As die huis van Jerobeam deur God verwerp word en die seun van Jerobeam siek word en sterf, skyn dit asof hy die eerste is wat deur die oordeel getref word, maar in werklikheid red die HERE hom deur die dood uit die oordeel, omdat in hom iets goeds voor die HERE, die God van Israel, te vinde was in die huis van Jerobeam (1 Kon. 14:13).

Die Judeërs wou nie skuld erken nie en het gedink dat net hulle vaders skuldig was (15:4). Maar dit sal anders word. Hulle sal tot die erkenenis kom, dat hulle self ook "groen druiwe geëet het" en dat "hulle tande stomp geword het". Hulle sal tugtiging aanneem (32:33). Hierdie insig is 'n bewys van bekering, soos dit behoort tot 'n regte verhouding met God (vgl. vers 19).

## **9. Die nuwe verbond**

Voordat die groot heilspresesie in 31:38-40 eindig soos dit begin het, naamlik met aardse voorseggings wat in die terugkeer uit die ballingskap as vervul beskou kan word, maak die HERE eers nog 'n belangrike openbaring. Hy kom tot die kern van sy beloofde heilswaard, tot 'n suiwer geestelike kern wat die agtergrond, die onmisbare draagvlak van alle heil is, stoflik en geestelik, wat in die groot heilspresesie voorsê word.

Dat in hierdie profesie groot beloftes gedoen word, het ons gedurig opgemerk: terugkeer na die land van die vaders, verlossing van sy sterk vyande, genesing van die wonde van die tugtiging, welvaart, voorspoed en vreugde, gemeenskap met God in onverganklike liefde, ontferming. God self het daarby opgemerk dat dit alles iets ongehoords is, dat Hy iets doen wat wonderlik groot is en eintlik nie te verwagte was nie (31:22). Ons vra ons af hoe dit alles kan gebeur, nadat die sonde van Juda so groot was en die oortreding van Israel so baie, die verharding so hardnekkig was, die strawwe so swaar en die ellende so verskriklik was. Teen alle waarskuwing in het hulle die verbond verbreek, die verbond wat hulle nie mog verbreek nie, omdat Hy wat die verbond met hulle gesluit het, hulle gebieders en heer was (3:14; 31:32). Hulle het daardeur in vervloeking geraak (11:1-8). Selfs ander volke het die verbondsverbreking opgemerk (22:9).

Hoe kan aan vervloektes seën geskenk word?

Die antwoord lê in hoofstuk 31:31. Kyk, daar kom dae, spreek die HERE, dat Ek met die huis van Israel en die huis van Juda 'n nuwe verbond sal sluit. Die HERE skep iets nuuts, iets ongehoords op die aarde (vs. 22): ook 'n nuwe verbond.

'n Nuwe verbond! Nie 'n verbondsvernuwing nie, soos dit meermale in die geskiedenis van Israel — en steeds tevergeefs (Jos. 24:19) — plaasgevind het: na die sonde met die goue kalf, toe Moses kliptafels soos die eerstes moes kap, sodat God op die tafels die woorde kon skrywe wat op die eerste tafels was, wat Moses verbrysel het (Ex. 34:1); later deur Jehiskia (2 Kron. 29:10) en, deur Jeremia self aanskou, deur Josia (2 Kon. 23:3). Nee, 'n nuwe verbond, 'n ander verbond, want die eerste was oud en verouder, verbreek, naby die verdwyning (Hebr. 8:13). Alleen deur 'n nuwe verbond word die heil wat geprofeteer is moontlik. Dit is die bron waaruit dit vloei.

Die nuwe verbond het baie ooreenkomste met die ou verbond. Dit is God wat dit sluit. Hy sluit dit met Israel. Die wet moet vervul word. Dit is drie trekke van ooreenkoms. Wat is dan die verskil, waarin die nuutheid, die "andersheid" lê? Die nuwe verbond is nie soos die verbond, sê die HERE, wat Ek met hulle gesluit het op die dag toe Ek hulle hand gegryp het om hulle uit Egipteland uit te lei nie — my verbond wat hulle verbreek het, alhoewel Ek gebieder oor hulle was; maar dit is die verbond wat Ek na die dae met die huis van Israel sal sluit, spreek die HERE: EK GEE MY WET IN HULLE BINNESTE EN SKRYWE DIT OP HULLE HART. Die volgende woorde teken die toestand, die verhouding tussen God en volk wat daaruit voortvloei: Ek sal vir hulle 'n God wees, en hulle sal vir My 'n volk wees. Maar die verhouding sou ook gevolg het op die welslae van die ou verbond, as dit gehou was: Ek is die HERE jou God (Ex. 20:1) en: julle sal my eiendom uit alle volke wees (Ex. 19:5). Maar omdat die verbond verbreek is, het die verhouding nie ontstaan nie. Nou egter onder die nuwe verbond sal dit wél ontstaan. Ook die dóél is dus in beide verbonde dieselfde. Die enigste maar deurslaggewende verskil is, dat God die wet in hulle binneste gee en dit op hulle hart skryf.

Hoewel dit nie uitdruklik gesê word nie, is die eerste verbond kenlik die verbond van Sinai met die wet op kliptafels geskrywe. Nou egter word die wet geskrywe op hulle hart, of, om die beeldspreek van 2 Kor. 3:3 oor te neem, op die "vleestafels van die hart". Die verskil lê daarin dat met die eerste verbond die wet van buite af tot die mens gekom het as iets vreemds, iets wat aan die sondige mens nie eie was nie. Daarom het hulle met wie die verbond gesluit was, oortreders van die wet geword. Maar in die nuwe verbond behoort die wet tot die mens; die wet is iets eie aan hom in sy binneste. Daarom sal hulle met wie die nuwe verbond gesluit is, die HERE almal ken (31:34). In Israel, onder die eerste verbond, was op die tafel van hulle hart die sonde geskrywe (17:1). In die nuwe verbond die wet.

Uit die omskrywing dat hulle met die wet in hulle binneste, die HERE sal ken, blyk tegelykertyd wat hier onder "wet" verstaan moet word. Dit is die "tora" dit wil sê die onderwysing van die mens in die wil van God. In die wet openbaar God sy wil en wese, sodat die mens Hom uit sy wet kan leer ken. Die wet is 'n heilige, goddelike geheel waaruit alle besondere bepalinge op alle lewensterreine voortvloei, byvoorbeeld ook dat jy, as jy jou vyand se bees of esel teëkom wat rond dwaal, jy dit sekerlik vir hom moet terugbring (Ex. 23:4). Dis egter nie die baie besondere bepalinge wat in die nuwe verbond op die harte van Israel geskryf word nie, maar die innerlike begrypende kennis van sy wil.

Hierdie inskrywing van die wet op die harte van Israel is nou volgens hierdie belofte die kenmerk van die nuwe verbond.

Het niemand in Israel dan ooit tevore so die wet van God geken nie? Was daar in oud-Israel

geen opregte vromes nie? Sekerlik wel. Psalm 119 is een lofsang op die wet! So goed soos daar geesteswerking was in die harte van vrome Israëliete voor die uitstorting van die Heilige Gees op die Pinksterdag, was daar ook opregte gelowiges onder hulle. Die twee dinge gaan immers saam. Maar dit was nie met die hele volk die geval nie, soos dit in ons teks, 31:31, 33, beloop word nie, maar net met enkelinge. En hoe gebrekkig dan ook nog! Dieselfde digter wat sê: "U getuïenisse is wonderbaar, daarom bewaar my siel hulle, verklaar in dieselfde strofe: "My oë loop af in strome van water, omdat hulle u wet nie onderhou nie" (Ps. 119:129, 136). Die volk in sy geheel was afvallig en weerstrewig. Ook is die Ou-Testamentiese vroomheid nie vervulling van 'n verbondsbelofte soos in ons teks voorkom nie, maar vervulling — deur genadige werking van God! — van 'n verbondseis. Hier lê 'n groot verskil tussen die twee verbonde: wat in die een geëis word, word in die ander een geskenk. God gee wat Hy eis. Daarmee oorwin Hy die onmag van die sonde om goed te doen en eindig alle vroomheid met 'n Soli Deo Gloria!

Ons het ons verwonderd afgevra: Hoe kan God aan 'n vervloekte volk so baie seëninge skenk? Die antwoord was: Omdat Hy 'n nuwe verbond maak! Maar nou duik 'n tweede vraag op. Kan God somaar 'n nuwe verbond maak? Is dit 'n willekeurige daad van Hom? Word daarmee die reg nie genegeer nie? Waarop, waarin rus die nuwe verbond?

Die antwoord op hierdie vraag ontvang ons uit die mond van Jesus as Hy by die laaste Paasfees die beker neem en sê: "Hierdie beker is die nuwe testament in my bloed wat vir julle uitgestort word".

Jesus het altyd gelewe en geleer uit die openbaring van God wat vir Hom in die Ou Testament gegee is. Dit ly geen twyfel nie dat Hy hier dink aan die profesie van Jeremia wat ons nou bespreek: "Ek sluit 'n nuwe verbond met die huis van Juda en Israel". Nou is dit daar! Die beker is die sakramentele teken daarvan. Jesus sê daarby waarin die nuwe verbond rus: "in my bloed wat vir julle uitgestort word". In sy versoenende bloed, wat die toorn van die Vader stil en die sonde van die wêreld wegneem (Joh. 1:29).

Hiermee kom ons by die vraag na die vervulling van die belofte; eerstens: wanneer doen God dit? Ons teks is daarvoor baie vaag: "na die dae". Eintlik kan daar maar een ding uit afgelei word en dit is dat die vervulling baie later sal kom, na "die dae" wat in hierdie groot heilsbelofte meestal betrekking het op die terugkeer uit die ballingskap. Ook die inhoud van hierdie profesie het nie gou gekom nie. Die inhoud lui tog: Hulle sal My almal ken. Wanneer was dit ooit die geval? Nie eens in die dae van Jesus nie (Joh. 8:55). Die vervulling van hierdie woorde kom pas in die nuwe Jerusalem waar "sy Naam op hulle voorhoofde sal wees". Hierdie belofte is eskatologies van aard.

Dit blyk ook uit die antwoord wat ons, tweedens, kry op die vraag: hoe vervul God hierdie belofte?

Die antwoord vind ons in die brief aan die Hebreërs waar die belofte van Jeremia 31:31 ens. in die breedte gesitueer word (die langste sitaat uit die Ou Testament in die Nuwe Testament).

Dit is merkwaardig dat hierdie sitaat ingelei word met die woorde: "Hy berispe hulle" (Hebr. 8:8). Uit hierdie woorde blyk die oplettendheid waarmee die Nieu-Testamentiese skrywer van die brief aan die Hebreërs die belofte van Jeremia 31 gelees het. Ons kan die berisping wat daarin skuil, maklik oor die hoof sien. Die berisping lê in die woorde van vers 32 "my verbond wat hulle verbreek het". Dáárom moes die nuwe verbond gesluit word! Die nuwe verbond is 'n beskaming!

Die nuwe verbond is beter, sê Hebr. 8:6 en op beter beloftes gegrond. Dit beloop wat in die eerste geëis word. Die eerste was gesluit met 'n dwase volk (Jer. 4:22), wat die weg van die HERE, die reg van hulle God nie ken nie (Jer. 5:4). Maar die Israel waarmee die nuwe

verbond gesluit word, sal Hom almal ken.

Die nuwe verbond het ook 'n beter Hoëpriester, die Middelaar Christus Jesus (8:6). In die eerste verbond was Aaron en na hom sy seuns hoëpriester in 'n aardse heiligdom, met hande gemaak — gemaak na die voorbeeld wat op die berg getoon is. In die hemel by God is die egte heiligdom. Wat aardse priesters in 'n tabernakel met hande gemaak, verrig is onvolkome, skaduwees, maar Christus het in die groter en volmaakter tabernakel wat nie met hande gemaak is nie, eenmaal ingegaan met sy eie bloed en 'n ewige verlossing teweeggebring (Hebr. 9:11, 12; 24).

Deur die offer van Christus word die belofte van die nuwe verbond gedra.

En aan wie is dit vervul?

Die belofte is gegee aan die huise van Juda en Israel en dus kragtens die waaragtigheid van die beloftes van God ook aan hulle vervul. Tog nie aan Israel en Juda in aardse sin nie, maar aan die Israel wat, soos God Homself dit voorgestel het, sy eiendomsvolk in waarheid is.

Die belofte is allereers vervul aan hulle aan wie Jesus gesê het: "Hierdie beker is die nuwe testament in my bloed". Aan hulle wat die sakramentele teken, die drinkbeker, moes neem en daaruit drink. Hulle is die twaalf dissipels, die eerste kern van sy koninkryk. Hulle is rein (Joh. 13:11) en ken die Vader (Joh. 14:7 ens.). Hulle, die Israëliete daar in die bovertrek, is die kern van die huise van Israel en Juda; hulle is dit, al is hulle kennis van God nog maar in kiem, in knop; dit moet nog uitbot tot volle klaarheid; hulle is leerlinge (Jes. 54:13); hulle, maar nie almal nie (Joh. 13:10). Nie almal nie! Dit geld ook van die Christelike gemeente wat eers uit Israel en daarna uit die heidene, tot die dissipels toegevoeg is (Hand. 5:1 ens.). Die vervulling van die belofte kom wel nader, maar moet nog styg in volheid. Ook tot die Christelike kerk van alle eeue, wat die vervulling van die belofte "hulle sal My almal ken" besig is om te ontvang, behoort nog mense wat Hom nie ken nie.

Van die ware kerk geld dat God die ongeregtigheid vergeef en aan hulle sonde nie meer dink nie — 'n kerk van allerlei formasie, uit elke stam en taal en volk en nasie (Openb. 5:9). Daartoe staan sy Hoëpriester voor God as die Lam wat geslag is, vir altyd (Openb. 5:6). Maar op aarde is daar nog hipokriete met hulle vermeng. So kan ons sê: "die belofte van Jeremia 31 word vervul aan wat ons noem die "onsigbare kerk" of die "liggaam van Christus, ons Hoof". En vir sover daardie kerk op aarde is, is die kennis van God nog onvoltooid. Ons ken; ons sien, maar deur 'n spieël in 'n raaisel. Maar eendag — Jeremia 31:33 sê: "na die dae" — van aangesig tot aangesig (1 Kor. 13 :12). Dus lê die volkome vervulling van ons profesie in die koms van die laaste dinge.

Die profesie van Jeremia 31 is eskatologies.

Maar is die verheerlikte kerk van Christus dan die huis van Israel en die huis van Juda aan wie die belofte gedoen is en aan wie dit dus ook vervul moet word?

Ja, dit is!

Die verseëlde, die honderd-vier-en-veertig-duisend, is uit al die stamme van die kinders van Israel — uit die stam van Juda twaalfduisend verseëlde; uit die stam van Ruben twaalfduisend verseëlde; uit die stam van Gad twaalfduisend verseëlde; uit die stam van Aser twaalfduisend verseëlde; uit die stam van Naftali twaalfduisend verseëlde; uit die stam van Simeon twaalfduisend verseëlde; uit die stam van Issaskar twaalfduisend verseëlde; uit die stam van Sebulon twaalfduisend verseëlde; uit die stam van Josef twaalfduisend verseëlde; uit die stam van Benjamin twaalfduisend verseëlde (Openb. 7:4—8). Hulle is die groot menigte wat niemand kon tel nie (Openb. 7:9), die honderd-vier-en-veertig-duisend met die Naam van die Lam en die Naam van sy Vader op hulle voorhoofde geskrywe; hulle is die

mense van die nuwe verbond; hulle alleen ken die nuwe lied (Openb. 14:1, 3).

Die profesie wat ons bespreek het, is die eerste waarin van die nuwe verbond gewag gemaak word. Ons sien daarin hoe na aan die Nuwe Testament Jeremia geleef het, ja, hoe hy reeds in die gedagtes van die Nuwe Testament ingeleef het.

In hoofstuk 32:40 herhaal Jeremia hierdie belofte en noem die nuwe verbond dan 'n ewige verbond. Ons hoor die eggo daarvan aan ons nagmaaltafels: "die nuwe en ewige Testament, die verbond van die genade en die versoening.. ."